

### HOOFSTUK III.

## VORMLEER.

§ 64. In die vorige hoofstuk het ons die leer van die klanke behandel, d.i. die manier waarop klanke deur die spraakorgane voortgebring, en die tekens waardeur daardie klanke aangedui word. In hierdie hoofstuk sal ons die leer van die woord-vorme behandel.

Definiesie:— Woorde is die eenvoudigste soort van klankverbindings wat uiting gee aan één enkelvoudige voorstelling of gedagte.

Soos ons in § 1 gesê het, ontstaan menslike taal eers, wanneer 'n kleiner of groter reeks van klanke 'n bepaalde betekenis het. In 'n lang reeks van klanke wat 'n spreker vorm, sal dus 'n aantal kort klank-groepe te onderskei wees, en die opsplitsing van so'n lang reeks in korter groepe gebeur alleen volgens die bogenoemde maatstaf, dat nl. elke groep die uiting moet wees van één voorstelling. Die reeks *Ekdrinkwater*, wat vir 'n vreemdeling as 'n éénheid en dus ook as één woord klink, kan ons opsplits, deurdat ons die drie aparte éénheidsvoorstellings *Ek*, *drink* en *water* goed ken, en ook in ander lang klankreekse gebruik.

By die vormleer word twee hoofafdelings gemaak:

1. Die leer van die verbuiging of fleksie.
2. Die leer van die woordvorming.

§ 65. Die buigingsleer is 'n beskrywing van die verskillende vorme wat eenselfde woord vertoon, na gelang van sy funksie in die sin.

In Afrikaans is die vorme van eenselfde woord om verskillende funksies uit te druk, nie baie veelvuldig nie. In ouer tale vertoon één woord verskillende vorme, hoofsaaklik verskillend deur hulle uitgange. So het die woord *de* in Nederlands die vorme *de*, *den*, *des*, *der*, wat almal 'n eie funksie vervul, maar wat heel duidelik gevorm is van die één vorm *de* deur middel van uitgange.

## VORMLEER.

Die Nederlandse *hy* en *hem*, die Afrikaanse *hy* en *hom* het net nog die *h* gemeen; die Nederlandse en Afrikaanse *sy* en *haar* niks meer nie.

Hoewel 'n vreemdeling die reg het om op die oog *sy* en *haar* as twee glad aparte woorde te beskou, dui hulle tog steeds 'n vroulike wese in die enkelvoud aan, en in 'n grammatika van die moedertaal is ons dus geregtig om die twee vorme bymekaar onder één hoof te behandel. In 'n grammatika van elke jong taal, soos Afrikaans, berus die groepering van verskillende woordvorme dus vir 'n belangrike deel op die betekenis en die funksie.

Die afdeling woordvorming gee 'n oorsig van die maniere waarop nuwe woorde kan gevorm word.

### WOORDSOORTE OF REDEDELE.

§ 66. Die woordeskat van Afrikaans word, net soos die van Nederlands bv., ingedeel volgens die betekenis en gebruik van die woorde in tien verskillende groepe, wat genoem word woordesoorde of rededele, nl.:

1. die selfstandige naamwoord of substantief.
2. die voornaamwoord of pronomen.
3. die lidwoord of artikel.
4. die byvoeglike naamwoord of adjektief.
5. die telwoord of numerale.
6. die voorsetsel of preposiesie.
7. die werkwoord of verbum.
8. die bywoord of adverbium.
9. die voegwoord of konjunksie.
10. die tussenwerpsel of interjeksie.

Die rol wat die rededele in die taal vervul, sal verder uitvoerig in die sinsleer behandel word. Maar tot 'n regte begrip van die vormleer moet 'n paar opmerkinge reeds hier gemaak word om die verdeling van die woorde in groepe van rededele begrypplik te maak. Soos die name van die meeste van hulle al té kenne gee, berus die verdeling van woorde op die voorstelling wat 'n mens hom maak van die lewende werklikheid. Die taal, wat 'n afbeelding en 'n mededeling van die werklikheid is, moet dus noodwendig aansluit by die grondvoorstellings soos die werklikheid dit aan 'n mens opdring.

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Ons kan die name van die rededele voorlopig as volg nader verklaar:

1. 'n Selfstandige naamwoord dui 'n *selfstandigheid* aan (letterlik iets wat self kan staan), en dit is in sy eenvoudigste gedaante 'n tasbare ding, bv. 'n *muur*.

2. 'n Voornaamwoord is die *plaasvervanger* van 'n selfstandige naamwoord.

3. 'n Lidwoord is die voorstelling van 'n *aanwysende gebaar*, om die snw. aan te wys.

4. 'n Byvoeglike naamwoord is die voorstelling van 'n *eienskap* van 'n snw. wat in die oog spring, bv. *rooi*.

5. 'n Telwoord is die voorstelling van 'n *getal*.

6. 'n Voorsetsel is 'n woord wat *vóór* 'n *naamwoord* gesit word om saam daarmee ander rededele nader te bepaal.

7. 'n Werkwoord is die voorstelling van 'n *werking of toestand*.

8. 'n Bywoord is die voorstelling van die *wyse* waarop 'n werking plaasvind, of die *graad* wat 'n bnw., byw. of telw. besit.

9. 'n Voegwoord bring 'n *verbinding* tot stand.

10. 'n Tussenwerpsel is 'n buite verband met ander rededele staande *uiting van gevoel*.

## GRAMMATIESE GRONDVOORSTELLING OF KATEGORIE.

§ 67. Sommige van die genoemde grondvoorstellings grens nou aan mekaar, en gaan dan ook somtyds in mekaar oor. As ons by Langenhoven lees: *Ons neem die moenies nog tamelik in ag, maar wat van die moete?* dan merk ons op hoedat *moenie* en *moet*—die eerste 'n samestelling van 'n ww.+ *nie*, die tweede 'n enkele ww.-vorm (infinitief)—eenvoudig as snw. opgevat en in die sin gebesig is. Dit spreek amper vanself dat 'n werkwoordsvorm wat net die handeling of die toestand aandui en wat *nie* in verband gebring is met enige persoon *nie*, as 'n selfstandigheid, en dus as 'n snw., kan opgevat word. Maar dat dit in die meervoud kom is ongewoon, en nog minder alledaags is dit by die *moenies*.

Die feit egter dat dergelike opvattinge kan ontstaan en,

## VORMLEER.

wat nog meer beteken, dat geen leser Langenhoven se sin sal misverstaan nie, bewys hoe die kategorieë "werkwoord" en "selfstandige naamwoord" in mekaar kan oorgaan.

So kom dit dikwels voor dat één rededeel gebruik word met die betekenis van 'n ander.

'n Bnw. kan as snw. gebruik word, bv. *In die dorp woon armes en rykes deurmekaar.*

'n Telw. kan as bnw. gebruik word, bv. *'n man duisend, 'n boer honderd.*

(Vgl. verder *Betekenisleer*).

## BUIGING.

### DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

#### Konkreet en Abstrak.

§ 68. Soos by die verdeling van die rededele opgemerk is, word 'n snw. meestal aangewys deur 'n lidwoord, en daaraan is 'n snw. dan ook maklik te herken. Verder het ons gesê dat 'n snw. die aanduiding is van 'n selfstandigheid of van één gedagte. Aangesien egter 'n selfstandigheid 'n tastbare ding is, en 'n gedagte nie, onderskei ons by die snw. twee hoofsoorte:

1. Konkrete snw. (van Latyn *concretus*, d.i. *dig, vas*) stel persone, diere of dinge voor wat 'n vaste vorm besit, bv. *Willem, kat, steen.*

2. Abstrakte snw. (van Latyn *abstractus*, d.i. *afgetrokke*) stel begrippe voor, waarby die menslike gees meer afgetrek is van die waarneembare werklikheid. So is bv. *liefde* 'n abstrakte snw., omdat dit nie aan één bepaalde persoon of dier of ding gebonde is nie. Ook name van *mate, afstande en tyd* is abstrak. Hoewel ons taamlik noukeurig weet wat 'n *dag* is, is dit tog nie iets wat dirk vir die sinne waarneembaar is nie; dieselfde is die geval met *jaar, uur, myl, yard, pond, ons*, hoewel die laaste eintlik nie heeltemal los van konkreet dinge voorkom nie.

#### Eiename en Soortname.

§ 69. 'n Ander verdeling wat ons by die snw. maak is die in *eiename* en *soortname*:

'n *Eienaam* is 'n benaming wat eie is aan één per-

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

soon of saak; so bv. *Paul Kruger, Koningin Wilhelmina, Transvaal, Bloemfontein, Drakensberge, Valsbaai.*

'n Soortnaam is 'n benaming vir talryke persone of dinge van dieselfde geaardheid, bv. *man, meisie, berg, boom.*

Hieronder kan ook die abstrakte snw. gereken word; die woord *gebrek* bv. sluit verskillende toestande van armoede in, dit mag wees gebrek aan kos, geld, opvoeding, invloed ens.

### Voorwerpsname, Stofname, Versamelname.

§ 70. Die konkrete snw. word weer onderverdeeld in

1. voorwerpsname, wat één begrensde ding of voorwerp aandui, soos *appel, bobbejaan, wa, boek;*

2. stofname, wat 'n stof aandui sonder iets van sy grense te sê, soos *sand, water, papier.* Omdat die grense vaag is, kry die stofname gewoonlik nie 'n lidwoord nie;

3. versamelname, wat 'n versameling aandui, soos *vergadering, trop, famielie, vloot, kudde.*

### Geslag.

§ 71. Afrikaans ken alleen die *natuurlike*, nie 'n *grammatiese* geslag nie, d.w.s. die taal besit geen aanwysers vir geslag nie, behalwe die wat 'n woord se natuurlike geslag help aantoon.

So is daar heel wat gemeenslagtige snw. in Afrikaans, wat dus nóg 'n grammatiese, nóg 'n natuurlike geslag het; bv. *bok, hoender, huisgenoot, engel, perd, skaap, vark.* Al die name van lewenslose voorwerpe soos *steen, berg, land* ens. is, soos vanself spreek, geslagloos.

Die aanduiding van die natuurlike geslag gebeur in Afrikaans:

1. deur aparte woorde: *man, vader, predikant, soldaat, hings, ram, haan, bul* is manlik; *vrou, moeder, ooi, hen, koei, merrie* is vroulik;

2. deur die agtervoegsels *-ster, -es, -in, -e* en *-iese*, wat dien om van manlike woorde vroulike te maak. So staan naas *helpster*: *helpster*, naas *dienaar*: *dienares*, naas *slaaf*: *slavin*, naas *eggenoot*: *eggenote*, naas *direkteur*: *direktriëse*;

3. deur sommige aparte woorde, soos onder (1) genoem, wat 'n natuurlike geslag het, en as 'n geslagsonder-

skeiding gevoeg word by gemeenslagtige snw. Die mees gebruiklike is *mannetjie, wyfie, mans, vrou(s), jongetjie, meisie, jong, meid*; bv.: *mannetjievolsruis — wyfievolsruis, mansmens — vroumens, jongetjieskind — meisiekind, boesmanjong — boesmanmeid, bulkalf — verskalf, hoenderhaan — hoenderhen.*

### Naamvalsverhouding.

§ 72. Die benaming *naamval*, 'n vertaling van die Latynse *casus* d.i. *val*, is oorspronklik alleen van toepassing gewees op die verskillende vorme wat 'n snw. kon aanneem, na gelang van sy funksie in die sin. Aangesien die naamvalsvorme egter steeds dieselfde funksies vertoon het, kan 'n mens ook spreek van die *naamvalsverhouding*, en daarmee dan bedoel die verhoudinge waarin 'n snw. kan staan, soos dit oorspronklik ook deur ooreenkomstige vorme uitgedruk was.

Afrikaans besit geen lewende naamvalsvorme meer nie; in die enkelvoud word die funksie wat 'n snw. verrig net aangedui deur sy plek in die sin, en somtyds ook met behulp van voorsetsels. Ons praat dus bv. nie meer van *eerste* of *viende naamval* nie, maar van onderwerps- en voorwerpsverhouding (vgl. *Sinsleer*). Die besit word, behalwe deur die voorsetsel *van*, meestal aangedui deur die besitlike voornaamwoord *sy* of *se* agter die snw., waarnaas vir die vroulik nog *haar*, en vir die meervoud *hul* gebesig word. Deurdat die woordjie *se* so heeltewel sonder klemtoon uitgespreek word, groei dit amper same met die voorafgaande snw. In die sin: *Dis Jan se boek*, is *Jan se* feitlik één geheel, en 'n mens kan amper sé: *Janse* is die "besits-naamval" van *Jan*. Verder moet ons daarop wys dat, aangesien baie bnw. ook op *-se* eindig, daar verwarring kan ontstaan in hierdie opsig, dat die "besits-naamval" op *-se* en die bnw. op *-se* as identiek beskou word. So kan 'n mens in die sin *In Pretoria se koerante lees ons 'n berig: Pretoria se* opvat as 'n bnw. sowel as die "besits-naamval."

## GETAL.

### Enkelvoud.

§ 73. Die vernaamste vormverskil wat die snw. vertoon, dien om *getal*, nl. *enkelvoud* (wat één persoon of saak aandui) en *meervoud* (wat meer as één persoon of saak aandui) uit te druk.

In die enkelvoud word die snw. in Afrikaans nie verbuig nie. Daar bestaan alleen 'n beperkte aantal verboë vorme wat uit Nederlands oorgeërf is. Voorbeelde van daardie soort oorgeërfde buigingsvorme, wat veral in vaste uitdrukkinge voortlewe, is die volgende:

1. ou tweede naamval: *snags, soggens, desnoods, desgelyks, grotendeels, myns insiens, goedsmoeds, eersdaags, destyds, ewigsins*, en bybelse uitdrukkinge, soos: *kind des doods, steen des aanstoods, sweet des aanskyns, brood der smarte*.

Opm. 1. — Ook in party samestellinge kom die ou tweede-naamvals *s* voor: *onweersbui, hemelsbreed, om hemelswil*.

Opm. 2. — In *veels geluk* het ons die merkwaardige verskynsel dat die oorspronklike buigings-*s* van die snw. oorgegaan het op die bnw. (ned. *veel geluks*) waarskynlik na analogie van uitdrukkinge soos *veels te goed, veels te min*, ens.

2. ou derde naamval: *ten dele, heden ten dage, ten gevolge van, ten opsigte van, ten voordele van, te lande kom, ten onregte, ter harte (ncem), van harte (gelukwens), ter elfder ure, ter sprake, terwille van, agterweë (van wege, weg)*.

### Meervoud.

§ 74. Die meervoud word in die reël van die enkelvoud onderskei deur 'n toegevoegde uitgang. Daardie uitgange is eweneens geërf uit Nederlands, maar hulle lewe, en word dus nog gereeld gebruik.

Ons gee hier 'n oorsig van die mv.-uitgange en 'n opgaaf by watter woorde hulle voorkom.

I. Op — *e*. Ons onderskei verskillende gevalle; die mv. kry nl.:

1. enkel — *e*:

(a) In dié woorde, wat die hooftoon op die laaste lettergreep het, dus ook éénlettergrepige woorde, bv.: *besware, boerderye, gewere, republieke, soldate, baniere, skape, plase, skole, strate, foute, proewe*.

(b) In die meeste woorde op *-ling* en *-eling*: bv. *eersteling, drenkelinge, hemeling, howelinge, leerlinge, lieflinge, sterflinge, vlugtelinge*.

VORMLLEER.

- (c) In eiename op — *s*: bv. die *Burgerse*, die *Borcherdse*, die *Swartse*.
- (d) In woorde op — *aris*: bv. *notarisse*, *sekretarisse*, *dromedarisse*.
- (e) In die woorde *Kristene* en *engele*.
- (f) In samegestelde woorde waarvan die grondwoord onder (a) behoort: bv. *óngelukke* na die voorbeeld van *gelukke*, *dórpskole* na *skóle*, *drukfoute* na *foúte*, *drukproewe* na *proéwe*.
- (g) In afleidinge op — *skap* en — *heid*: bv. *genootskappe*, *bankrótskappe*, *onaangenaamhede*, *waarhede*.

Opm. — Hoewel baie van die voorbeelde onder (f) en (g), behalwe die uitgang — *e*, klankveranderinge vertoon soos hieragter onder 5 genoem, word die woorde tog reeds hier opgegee, omdat die meervoudsvorming op — *e* 'n uitsondering is op die aksentreël onder 1 (a) genoem.

2. — *e* met rëkking van die klinker: bv. *vat* — *vate*, *lot* — *lote*, *gebed* — *gebete*, *spel* — *spele*.

3. — *e* met verdubbeling van die slotmedeklinker: bv. *man* — *manne*, *bos* — *bosse*, *hok* — *hokke*.

4. — *e* met wisseling van die klinker: bv. *stad* — *stede*, *lid* — *lede*, *smid* — *smede*, *skip* — *skepe*. Hieronder val die reeds genoemde wisseling — *heid* — *hede* [vgl. 1 (g)].

5. — *e* met klankveranderinge soos genoem in § 57: bv. *deug* — *deugde*, *maag* — *maagde*; *hemp* — *hemde*; *pad* — *paaie*, *skilpad* — *skilpaaie*, *gebod* — *gebooie*; *stof* — *stowwe*, *straf* — *strawwe*; *plaag* — *plae*, *oog* — *oë*, *dag* — *dae*, *vlag* — *vlae*, *tuig* — *tuie*; *brug* — *brúe* (naas *brugge*), *wig* — *wie* (naas *wigge*), *sog* — *sôe* (naas *sogge*); *nag* — *nagte*, *drif* — *drifte*, *nes* — *neste*; *slaaf* — *slawe*, *duif* — *duiwe*, *wolf* — *wolwe*.

Opm. 1.— Na analogie van woorde wat 'n *t* in die uitgang verloor het, vorm ook woorde wat sowel in Ned. as Afr. op 'n *s*, *f* of *g* eindig, 'n mv. op — *te*:

bv. *bos* — *boste* (naas *bosse*), *klas* — *klaste* (naas *klasse*), *lies* — *lieste*, *as* — *aste* (naas *asse*);

*graf* — *grafte*; *rug* — *rugte* (naas *rûe* en *rugge*).

Die skryftaal gebruik gewoonlik die vorme sonder 'n *t*, dus *bosse*, *klasse* ens., maar ook *grafte(s)*, *lieste*.



## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm. 2.—Na analogie van die woorde waarin 'n intervokaliëse *d* in die mv. oorgaan in *i* (*pad* — *paaië*), gebeur dit somtyds ook in woorde met 'n *t*:

bv. *gat* — *gaaië* (naas *gale*), *meerkat* — *meerkaaië*.

### § 75. II. Op — s.

(a) In woorde met onbeklemtoonde endlettergreep, bv. *bedelaars*, *tafels*, *hoenders*, *eiers*.

Opm. — 'n Uitsondering vorm die woorde onder I (f).

Hieronder val dus ook al die woorde op —*e*, bv. *bydrae* — *bydraes*, *modes*, *beloftes*, *gerugtes*.

As meerlettergrepige woorde is te beskou die wat op *lm* en *rm* eindig: bv. *skelm* — *skelms*, *derm* — *derms*, *halm* — *halms*, *swerm* — *swerms*.

Onder hierdie groep hoort verder die gesubstantiveerde deelwoorde en byvoeglike naamwoorde: bv. *regsgeleerdes*, *teleurgesteltes*, *ontevredenes*, *gevangenes*; *die rooies*, *die armes* en *die rykes*, *die blindes*.

Opm.—By sommige van die bnw. neem die mv. geen *s* nie: *bloedverwante*, *melaatse*. Maar Afrikaans vertoon, veral in die laaste tyd, 'n baie sterk neiging om soveel moontlik die *s*-uitgang orals te gebruik.

- (b) 'n Aantal éénlettergrepige verwantskapsname:  
bv. *ooms*, *broers*, *seuns*, *mans*, *neefs*, *pa's*, *ma's*,  
en bowendien: *spreeus*, *leeus*, *roers*.
- (c) Vreemde woorde wat op 'n klinker eindig (met of sonder afkappingsteken):  
bv. *buo's*, *kado's*, *abonnees*, *kanapees*, *saga's*.
- (d) Verskeie vreemde woorde met die klemtoon op die endlettergreep:  
bv. *generaals*, *akteurs*, *kapteins*, *kolonels*.
- (e) Eiename, behalwe die op —*s*:  
bv. *die Van der Merwe's*, *die Mullers*, *die Hugo's*.
- (f) Verkleinwoorde:  
bv. *lampies*, *ogies*, *voetjies*, *ens*.
- (g) Die letters van die alfabet:  
bv. *a's*, *b's*, *d's*, *ens.*, maar *esse* (mv. van *s*).

§ 76. III. Op —e of —(e)s.

Die mv. op —e òf —(e)s kom by die volgende snw. voor:

- (a) Abstrakte snw. wat van ww. afgelei is deur die agtervoegsel *-ing*.  
 bv. *aanmerkinge* — *aanmerkings*, *vergaderinge* — *vergaderings*, *bewerkinge* — *bewerkings*.

Die gebruik van die minder gewone uitgang *-e* kom vernaamlik in die skryftaal voor, en dit hang grotendeels af van die invloed wat die Nederlandse skryftaal uitoefen. Oor die algemeen is die mv. op —(e)s meer Afrikaans.

- (b) Enkele persoonsname op *-ling* of *-eling*.  
 bv. *ouderlinge* — *ouderlings*, *sendelinge* — *sendelings*.  
 (c) Baie vreemde en verafrikaanste woorde met die hooftoon op die endlettergreep:  
 bv. *offisiere* — *offisiers*, *ingenieure* — *ingenieurs*, *hotelle* — *hotels*, *kapteine* — *kapteins*, *koeponne* — *koepons*.

Ook woorde op *-or*:

bv. *professore* — *professors*, *moderatore* — *moderators*.

Opm.—Van sommige woorde dui die mv.-vorme op —e of —(e)s 'n betekenisverskil aan.

So beteken *lettere* bv. "letterkunde," *letters*: "lettertekens." (vgl. verder *Betekenisleer*.)

§ 77. IV. Op —(e)ns.

Hierdie mv.-uitgang kom veral voor by woorde wat oorspronklik op *-en* geëindig het, maar wat die *n* of die *en* verloor het;

bv. *vark* — *vark(ns)*, *jong* — *jongens*, *wa* — *waens*, *môre* — *môrens*, *wese* — *wesens*, *lewe* — *lewens*, *gevoel* — *gevoelens*, *genoeë* — *genoeëns*.

Sommige woorde wat hulle mv. op *-e* vorm, vertoon daarnaas die uitgang *-ens*;

bv. *bad* — *badde*, (*batte*), *baddens*,  
*bed* — *bedde*, *beddens*,  
*koei* — *koeie*, (*koeiens*),  
*kooi* — *kooie*, (*kooiens*),  
*mied* (*miet*) — *miede* (*miete*), *miedens* (*miedes*),  
*mud* — *mudde*, *muddens*,  
*vrou* — *vroue*, *vrouens*.

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm. 1.—Naas *nōi* (*nooi*) kom in die enkelv. voor *nōie* (*nooie*), mv. *nōiens* (*nooiens*).

Opm. 2.—Van sommige woorde dui die mv.-vorme op—e of -(e)*ns* 'n betekenisverskil aan.

So beteken bv. *rûe* of *rugte* die mv. van *rug* as liggaamsdeel, *rûens* die mv. van *rug* van 'n berg; *harle* is liggaamsdele, *hartens* figure by die kaartspel. (Vgl. verder *Betekenisleer*.)

### § 78. V. Op —ers en —ere:

bv. *lam* — *lammers*, *goed* — *goeters*, *goedere*, *kalf* — *kalwers*, *maat* — *maters* (naas *maats*), *klip* — *klippers*, *ruspe* — *ruspers*, *kind* — *kinders* (*kindere*), *lied* — *liedere*, *gemoed* — *gemoedere*, *gelid* — *geledere*, *kleed* — *klere*, *volk* — *volkere* (naas *volke*).

§ 79. VI. Meervoud deur verandering van 'n deel van die woord of deur vervanging van die woord deur één met gelyke betekenis (sinoniem).

(a) Sommige woorde op *-man* kry 'n mv. op *-liede*, *-lui* of *-mense*;

bv. *seeman* — *seeliede*, *landsman* — *landsliede*, *ambagsman* — *ambagslui*, *koopman* — *kooplui*, *werksman* — *werksmensc*.

Opm. 1.—Na analogie van *voormanne* word ook gepraat van *staatsmanne*, *ambagsmanne*, terwyl verder ook voorkom *koopmans*, *timmermans*.

Opm. 2.—Die mv. van *Engelsman*, *Fransman*, *buurman* is *Engelse*, *Franse*, *bure*.

(b) Sommige woorde word vervang deur sinonieme:

bv. *raad* — *raadgewinge*,  
*genot* — *genietinge*,  
*doel* — *doeleindes*,  
*eer* — *eerbewyse*,  
*aanbod* — *aanbiedinge*,  
*beleg* — *belegeringe*,  
*leer* — *leerstellinge*.

§ 80. Opmerking verdien nog die volgende:

1. Sommige snw. met 'n enkelvoudsvorm het 'n meervoudige betekenis, bv.: *tien pond*, *twee jaar*, *sewe myl*, *vyf uur*, ens.

## VORMLEER.

Hieronder val ook verskillende woorde wat op hulle self reeds 'n veelheidsbegrip uitdruk, soos bv.: *tegoed, lekkegoed, wasgoed, onkruid, vee*.

2. Sommige snw. kom net in die enkelvoud voor, waarby die volgende groepe onderskei kan word:

(a) Stofname, soos *goud, silwer, sand, papier, peper, katoen*.

(b) Abstrakte snw., soos *deug, geduld, ouderdom, honger, erns, spot, verdriet, onkunde, kennis*.

Die verskil tussen *konkrete* snw. (wat wel 'n mv. het) en *abstrak* (wat geen mv. het nie) blyk uit die volgende teenstelling: "*baie redes, min rede*"; "*baie rade, min raad*" (Langenhoven).

(c) Eiename: *Pretoria, Paul Kruger, Holland*.

3. 'n Aantal snw. kom weer net in die mv. voor: *harsings, fraings, pluïens, semels, masels, koste, onkoste, maanhare, pokkies, sinkings, stuipe, hurke, skoppens, ruitens, notule, reisies, ingewande, inkomste, die Trope, die Klassieke*, ens.

4. Vreemde, veral Latynse woorde vertoon soms twee meervoudsvorme, die ou Latynse en 'n nuwe Afrikaanse.

Die mv. van *krietikus* is *krietisie* naas *krietikusse*, van *polietikus*: *polietisie* naas *polietikusse*.

## DIE VOORNAAMWOORD.

§ 81. Die Voornaamwoord of Pronomen is, soos in § 66 opgemerk is, 'n woord wat die plek inneem van 'n selfstandige naamwoord. Wanneer 'n persoon of 'n dier of 'n ding as bekend veronderstel word by die hoorder of leser, is dit nie altyd nodig om die naam van die bekende snw. gedurig te herhaal nie. Die vnv. bestaan in die meeste tale gewoonlik uit kort woorde, sodat die gebruik daarvan dit vir 'n spreker gemakliker maak. Ons sê bv: *ons woon in Suid-Afrika; dit is 'n baie mooi land. My vader is 'n boer; hy woon in die Transvaal*.

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Die vnw. word verdeel in die volgende soorte:

1. die persoonlike vnw., waarby hoort:  
die wederkerende vnw.  
die wederkerige vnw.
2. die besitlike vnw.
3. die aanwysende vnw.
4. die vragende vnw.
5. die betreklike vnw.
6. die onbepaalde vnw.

### Die Persoonlike Vnw. (pron. personale).

§ 82. Die persoonlike vnw. is die mees gewone plaasvanger van 'n snw., omdat dit net selfstandig gebruik word.

#### Vorm'e:

(a) Eerste persoon (die spreker self)	enkelvoud 1. <i>ek</i> ( <i>ekke, ik</i> ) 2. <i>my</i>	meervoud <i>ons.</i> <i>ons.</i>
(b) tweede persoon (die aangesproke pers.)	1. <i>jy, u</i> ( <i>jou</i> ), <i>gy</i> 2. <i>jou, u</i>	<i>julle (jul), u.</i> <i>julle (jul), u.</i>
	manlik	
(c) derde persoon (oor wie gepraat word)	1. <i>hy</i> 2. <i>hom (hem).</i>	<i>hulle (hul).</i>
	vroulik	
	1. <i>sy</i> 2. <i>haar</i>	<i>hulle (hul).</i>
	geslagloos	
	<i>dit (hy)</i>	<i>hulle</i> <i>(hul), dit.</i>

Opm.—Naas *ek* staan in die skryftaal somtyds onder Nederlandse invloed *ik*. *Ekke* is minder gebruiklik; 'n mens hoor dit as 'n verwonderde vraag, bv.: *Jy het 'n fout gemaak*. Antwoord: *Ekke?* By Langenhoven staan dit om die rym: *Praat van gekke? Arme ekke*. Terwille van die nadruk: *Ek plaas my nou hier neer, ekke wat Stoffel Gieljam is*.

Die dubbelvorme *julle—jul*, *hulle—hul* word naas mekaar gebruik.

Naas *hom* kom *hem* nog voor, onder Nederlandse invloed. Veral vir die Opperwese word tengevolge van tradisie meestal nog *Hem* gebesig.

### Gebruik.

Die vorme na 'n 1 hierbo word gebruik as die vnw. die onderwerp van 'n sin is, die vorme na 'n 2 as dit nie (die geval is nie.

Omtrent die eerste persoon val op te merk dat die vorm *my* gebesig word in uitdrukkinge soos: *ek is my verwonder, ek was my verbaas*, waarin dit 'n belanghebbende voorwerp of sogenoemde etiese datief genoem word.

Somtyds vertoon *ons* 'n algemene strekking, bv. in die sin: *Ons is geneig om ons eie foute nie raak te sien nie*. Skrywers en redenaars gebruik dikwels uit beskeidenheid die vorm *ons* i.p.v. *ek*.

In die tweede persoon word in die enkelvoud die vorm *jou* gebruik, nie as 'n onderwerp nie, maar as 'n uitroep, bv. *jou deugniet! jou dwaas! jou stoute kind!*

*Jy, jou* en *julle* is gemeensame aanspreekvorme. *Gy* word net gebruik as aanspreekvorm vir die Opperwese, bv. deur Keet:

*“O Gij, wat oor ons lot regeer,  
Maak ons weer ééndag vry, o Heer!”*

*U* is die beleefde aanspreekvorm.

Opm.—Die vorm *u* is nie al te gewoon in die omgangstaal nie. Beleefdheidshalwe word gewoonlik die naam of titel van die aangesproke persoon herhaal; so bv.: *Dag oom! Sal oom binne kom? Hoe gaan dit met oom? Generaal, ek het 'n boodskap vir Generaal.*

Net soos by die eerste persoon die geval is, word ook *jou* gebruik as 'n belanghebbende voorwerp, veral in wendinge soos *jou waarlik, jou wrintig*, bv.: *Ek het dit jou waarlik nou al weer vergeet.*

*Julle* kan byna as 'n onbepaalde vnw. voorkom, bv.: *sels toe die ossewa padgegee het, kon jy nog lingers die pad uitspan. Of in die ry as daar ander mense verbykom, hou julle stil en julle gesels 'n bietjie.*

By die derde persoon word die geslagaanduidende vnw. net gebruik vir die natuurlike geslag; bv. *dis 'n goeie kneg;*

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

*h y werk baie. Die bont koei wil ek verkoop; sy is vet. Sien jy daardie skip? Dit het van Holland gekom. Sien jy daardie mense? Hulle is vreemdelinge.*

Wanneer 'n geslaglose snw. tog 'n lewende ding is, word dikwels in plaas van *dit* die vnw. *hy* (en *hom*) gebruik; bv.: *Hierdie pereboom is goud werd, h y dra baie vrugte. Ek moet h o m sorgvuldig snoei. Kan jy voel die gevoel wat 'n volk moet voel, as h y veg vir sy reg en sy taal?* Ook ander snw., die abstrakte ingesluit, kan verteenwoordig word deur *hy*, bv.: *As ons ooraeel maar altyd partydig was, sou h y meer billik wees.* Hierdie gebruik brei viiinig uit.

Terwille van personifikasie kom hier ook die vroulike vnw. voor, bv.: *Die Kerk het h a a r roeping vervul.*

Die mv. van die geslaglose vnw. kan wees *dit* of *hulle*. Die gebruik hang daarvan af of die spreker die voorwerpe wil voorstel as 'n groep wat 'n éénheid vorm, of as aparte voorwerpe. Bv.: *hier lê honderd lemoene, dít is te koop. 'n Sakdoek is 'n nuttige ding as jou transe kom en as hulle nie wil kom nie.*

'n Hele sin word altoos as 'n geslaglose snw. behandel, en vervang deur die vnw. *dit*. Bv. *'n Poolreis is 'n gevaarlike onderneming; om dít te begryp moet jy jou net al die moeilikhede voorstel.*

'n Persoon word somtyds deur *dit* vervang, bv. *Wie kom daar aan? Dis my Pa. Dis arm mense wat daar woon.*

In Afrikaans kom verder die merkwaardige gebruik voor dat *hy* gebesig word om 'n toestand of die voltooiing van 'n handeling aan te dui. So sal 'n mens bv. hoor: A sê vir B: *Ek kan nie klaarkom met die inpak van al die vrugte nie; help my tog 'n bietjie.* B help A, en as hulle klaar is, sê B: *daár is hy!*, wat beteken: "nou is dit klaar."

Die vnw. *dit* kan, net soos *my*, *jou*, *hom*, *haar* en die mv., afhanklik wees van voorsetsels. Bv. *die droogte vanjaar in die Transvaal is verskriklik; by dit kom nog die sprinkaanplaag.* Gewoonlik egter word die verbinding van 'n voorsetsel + *dit* vervang deur *daar* + voorsetsel; in plaas van *by dít* in die genoemde sin sal dus *daarby* gebesig word. Die woord *daar* hoef egter met die voorsetsel nie

één woord te vorm nie; die sin kan ook lees: *Daar kom nog die sprinkaanplaag by*. So ook by al die ander voorsetsels, sodat ons kry: *daaraan, daaragter, daarbo, daarby, daardeur, daarin, daarmee, daaronder, daarsonder, daaruit, daarvan* ens.

### Die Wederkerende Vnw. (refleksief pron.).

§ 83. Hierdie vnw., wat gebruik word om aan te dui dat die handeling, deur 'n ww. uitgedruk, tot die onderwerp van die sin terugkeer, het in Afrikaans die voorwerpsvorme van die persoonlike vnw. Alleen moet opgemerk word dat waar die onderwerp geslagloos is, die wederk. vnw. nie *dit* is nie, maar *hom*, mv. *hulle*. Ons kry dus:

<i>ek verroer my</i>	<i>hy verroer hom</i>
<i>ons verroer ons</i>	<i>sy verroer haar</i>
<i>jy verroer jou</i>	<i>hulle verroer hulle</i>
<i>julle verroer julle</i>	<i>die slang verroer hom</i>
<i>u verroer u</i>	<i>die slange verroer hulle.</i>

Wanneer die onbepaalde vnw. 'n *mens* die onderwerp is, neem dit *hom* of *jou* as wederk. vnw., bv. 'n *mens verwonder hom* of *jou*.

*Sig* kom nog in die skryftaal voor onder Nederlandse invloed.

*Self* word waar nodig as 'n versterking aan die wederk. sowel as aan die pers. vnw. toegevoeg, bv.: *ek self het gekom; hy het homself geskaam*. *Sigsself* is, anders as *sig*, 'n gewone Afrikaanse vorm, bv.: *op sigself beskou*.

*Ek myself* soos in *ek myself het dit gedoen* is 'n anglicisme. Wendinge soos: *ek mysigselwe, ek my sigselwe alleen* en *ons drie van ons eie sigselwe* is as ironiese oordrywing te beskou.

As 'n omskrywing vir die wederk. vnw. gebruik Afrikaans soms *my* (*sy, haar, hulle*) *lyf*, bv. *ek het my lyf grootman gehou. Ek het my lyf engelsman gehou*.

### Die Wederkerige Vnw.

§ 84. Die wederkerige vnw. dui aan dat die handeling



## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

wat deur 'n meervoudige onderwerp verrig word, die onderwerpe wederkerig raak.

Die vorm van hierdie vnw. is *mekaar*.

Bv.: *Die jongetjies het mekaar geslaan. Die hond en die kat het mekaar seer gemaak.*

Naas *mekaar* kom ook voor, maar dan as 'n nadere bepaling by die onderwerp, *die een die ander*, bv.: *die honde het die een die ander gebyt.*

### Die Besitlike Vnw. (possessief pron.).

§ 85. Die bes. vnw. is ook 'n plaasvervanger van 'n snw., in die sin egter dat dit nie net die snw. vervang nie, maar die snw. in sy funksie as 'n besitter. As ons dus sê: *dis my boek*, dan druk dit dieselfde uit as: *hierdie boek behoort aan my* of *is van my*.

Die bes. vnw. kan sowel selfstandig as byvoeglik gebruik word.

V o r m e:

(a)	eerste persoon	enkelvoud	meervoud
	byvoeglik gebruik:	<i>my</i>	<i>ons, onse.</i>
	selfstandig:	<i>myne</i>	<i>ons s'n(s'nne,</i> <i>syn, syne).</i>
(b)	twede persoon		
	byvoeglik gebruik:	<i>jou, u</i>	<i>julle (jul), u.</i>
	selfstandig:	<i>joue, jouné</i>	<i>julle s'n.</i>
(c)	derde persoon	manl. en geslagl.	vroulik
	byvoeglik gebruik:	<i>sy, se</i>	<i>haar hulle (hul).</i>
	selfstandig:	<i>syne</i>	<i>hare, hulle s'n.</i>

Bv. *Hier is my broer. Daar woon ons oom. Dis jou skuld. Die moeder en haar dogter. Die ouers en hulle kinders.*

Die gewone vorm van die eerste pers. mv. is *ons*. *Onse* is minder gewoon; dit lewe nog in 'n paar vaste uitdrukkinge, soos *Onse Vader, Onse God, Onse Jan*. Somtyds word dit ook deur digters gebruik terwille van die ritme, bv. deur Keet:

*En peins oor wat gely is in die hoop,  
Dat volle vryheid onse lot sal wees.*

In Langenhoven se spreuk: *Ons liggaam het ons om mee te sterwe, onse siel om mee te lewe*, skyn die vorm *onse* gekies te wees vóór 'n woord wat met 'n *s* begint.

Die onbeklemtoonde vorm van *sy*: *se* word vir alle geslagte en getalle gebesig, wanneer dit agter die besittende

snw. gebruik word, bv. *Jan se boek; die meisies se poppe.*

Die vorme *haar, hul* het 'n meer beperkte gebruik, bv.: *Die vrou haar (se) kinders. Die Boere hul (se) gewere.*

Die selfstandig gebruikte bes. vnw. neem nie 'n lidwoord nie, bv.: *hierdie huis is myne, syne. Moenie met 'n ander se godsdiens spot nie. As joue soveel beter is.*

Ook kan die vorme *syne, syn, s'n, s'ne* na snw., eie-name of pers. vnw. selfstandig gebesig word. Bv.: *hierdie huis is Oom syne, ons s'n, hulle s'n.* Maar vir die vroulik: *dis my Tante hare.*

### Die Aanwysende Vnw. (demonstratief pron.).

§ 86. Die aanwysende vnw. kan 'n suiwer plaasvervanger wees van die snw., en dus selfstandig gebruik word, maar dit kan ook as byvoeging by 'n snw. optree, en vervang dan feitlik die aanwysende gebaar; die laaste gebruik is die mees veelvuldige.

#### V o r m e.

Vir byvoeglike gebruik: *hierdie, daardie* en *diè* vir alle geslagte.

Vir selfstandige gebruik: *hierdie (een)* en *diè (een)* vir alle geslagte, waarnaas *dit* vir geslaglose voorwerpe.

Bv.: *hierdie boom groei vinnig, maar daardie (een) stadig. Eers het hulle gewen, maar die slag ons. Dit is almal bome wat ek verlede jaar geplant het. My vader se huis en die van my oom.*

Uit Nederlands geërf is die verskillende vorme: *dees, dese, deus, dus* in vaste wendinge, bv. *van dees maand, van dese week, van dese jaar, vandeusjaar, deuskant, dus-kant.*

Naas *hierdie een* en *daardie een* word ook gebruik: *deuskant (duskant) se een* en *anderkant se een.*

As 'n vaste uitdrukking in boektaal kom voor: *dese en gene.* *Diegene* is hoofsaaklik beperk tot die skryftaal.

*Dit* en *dat* is aanwysend in die uitdrukking: *oor dit en dat gesels.* Keet skrywe: *Ons dink aan dit en ons dink aan dat.*

In die geërfde woorde *dergelik, derhalwe, dermate, desnieteenstaande* en in *des te beter, slegter* ens. het die verboë vorme *der* en *des* aanwysende krag.

Afrikaans ken die merkwaardige gebruik dat *die* terugverwys na 'n hele sin; bv.: *dit het baie gereent, dis diè wat*

*ek nie kon kom nie.* Die betekenis van *dis diè* wat is *daárom*. Net so in: *Waar woon A? Diè weet ek nou nie.*

Voorsetsel + *dit* word daar + voorsetsel. Vgl. § 82.

Aanwysend is ook die woorde *so'n*, *sulke* en *soortgelyke*, wat net byvoeglik gebruik word; bv. *so'n bees sal jy nooit verkoop nie. Sulke dinge hinder 'n mens. Dis 'n soortgelyke geval.*

*Dieselfde* wys na 'n bekende snw. en word selfstandig en byvoeglik gebruik; bv. *dieselfde man van gister het ek netnou raakgeloop. Die musiekstuk wat ek vanaand gehoor het is dieselfde as van verlede week.*

In die bywoorde *dusver*, *aldus* besit *dus* aanwysende krag.

### Die Vragende Vnw. (interrogatief pron.).

§ 87. Om te vra na 'n snw. dien die vragende vnw.

V o r m e.

*Wie* vra na persone.

*Wat* (*watte*) na dinge.

*Watter* en *waffer* naas *watter een* en *waffer een* na albei. Almal word selfstandig gebruik, net *watter* en *waffer* ook byvoeglik.

Bv.: *Wie loop daar? Wat het jy in die sak?*

*Daar was ses pryse; watter (een) het jy gekry? Watter (waffer) persoon het nou hier aangekom? Ek weet nie watter (waffer) een dit is nie.*

Die vorm *watte* kom net soos *ekke* voor in 'n verwonderde vraag; bv. A: *Ek het 'n pond-noot opgetel.* B: *Watte?*

Besit word aangedui deur *se* (*sy*, *haar*) agter die vnw. te voeg, bv.: *Wie se perd is dit? Wie se kinders speel daar?*

Naas *watter* of *waffer* kom ook voor: *wat se*, bv.: *wat se gelol is dit?*

In verbinding met 'n voorsetsel word die vr. vnw. vervang deur *waar*, bv.: *Waarmee bewerk die boer sy grond? Waaraan kan 'n mens sien of die hoenders siek is?*

So ook *waarom*, as vraagwoord gebruik naas *hoekom*.

Net *vir wat* is gewoon naas *waarvoor*, bv.: *Vir wat wil jy dit hê?*

**Die Betreklike Vnw.** (relatief pron.).

§ 88. Soos die naam aandui, het die betr. vnw. betrekking op 'n reeds genoemde snw.; dit kan alleen selfstandig gebruik word.

Die mees gebruiklike vorm vir alle geslagte en getalle is *wat*. Daarnaas staan in bepaalde gevalle *wie*.

Bv.: *Die student wat vlytig werk, behaal sukses. Daar is die vrou wat so kwaai is. Dis die ding wat ek so lank gesoek het. Die piramiedes wat die Egiptenare gebou het, is reusagtig groot.*

Die vorm *wie* word gebruik:

- (a) In verbinding met *se* om die besitsverhouding van persone weer te gee, bv.: *die inboorlinge wie se afkoms onbekend is.*
- (b) In sinne van algemene strekking, waar die vnw. dus nie betrekking het op 'n bepaalde persoon of persone nie, bv.: *Wie soek, sal vind.*
- (c) In verbinding met 'n voorsetsel; bv. *dis my broer, van wie ek jou vertel het. Dis die dame met wie hy gaan trou.*

Die verbinding voorsetsel + *wie* of *wat* kan egter vervang word deur *waar* + voorsetsel, bv.: *Die seun, waarop sy vaader trots is. Die oorlog waarvan ek jou vertel het.*

In Afrikaans vind hierdie vervanging lank nie altyd plaas nie. Die vnw. *wat* kan selfs van die voorsetsel waar dit by behoort deur ander woorde in die sin geskei wees; bv.: *Die aardbewing in Japan is die grootste ramp wat ek ooit van gehoor het.*

Vgl. ook § 235.

**Die Onbepaalde Vnw.** (pron. indefinitum).

§ 89. Die onbepaalde vnw. het 'n algemene karakter en dit verwys nie na één of meer bekende snw. nie, maar laat die aard en die getal daarvan oop.

As onbep. vnw. word gebesig:

*Ons, julle* (vgl. § 82), *wie* en *wat* (vgl. § 88), *dit*, 'n *mens*, *die mense*, *g'n mens*, *jy*, *iemand*, *niemand*, *iets*, *niks*,

*almal, algar, albei, iedereen, geen een, elke, elk, elkeen, sommige, ('n) sekere, enige.*

Bv.: *dit reent.*

*Iemand om tog aan te kan sê: "Staan daar" is ook al 'n hulp. Almal is welkom. Hulle bereik albei hulle doel. Ek het gedog elkeen weet dit.*

Verboë vorme van onbep. vnw. is: *allereers, allerlei, allerliefst, allermees.*

Ook *één* word verbuig wanneer dit as 'n onbep. vnw. dien: *Dis éne Du Toit.*

Die ou vorm *niet* is bewaar in *verniet* en *tot niet gaan*.

In verbinding met *se* word die besitsverhouding uitgedruk: *Almal se boeke.*

Sommige onbep. vnw. word naas mekaar in dieselfde sin gebesig; veral is dit die geval met 'n *mens* en  *jy — jou*; bv.: *'n Mens wie in die begin omdat jy die artikel wil hê. Donkerder lyk die nag van die toekoms as 'n mens jou oog opslaan.*

*Wat* het 'n onbepaalde betekenis in uitdrukkinge soos: *Dis wat moois!*

## DIE LIDWOORD.

§ 90. Die Lidwoord of Artiekkel is die mees gewone aanwyser van 'n snw. Soos ons in § 66 opgemerk het, is dit die voorstelling van 'n aanwysende gebaar, maar ons moet hier die beperking maak dat die aanwysende krag van die lidwoord baie verswak het, en dat die aanwysing feitlik net nog beteken dat die snw. 'n éénheid is of as sodanig beskou word. As ons sê:

1. *sand is daar in oorvloed op die strand,*

2. *kinders speel in die sand,*

dan kan die geringe aanwysende krag van *die* in sin 2 maklik waargeneem word.

Oor die gebruik van die lidwoord handel ons egter verder in die sinsleer.

Daar bestaan 'n bepalende en 'n nie-bepalende lidwoord, ook genoem bepaalde en onbepaalde lidwoord. Die bepalende lidwoord word gebruik om 'n bepaalde selfstandigheid, wat by die hoorder as bekend veronderstel word, aan te dui; die nie-bepa-

lende lidw. daarenteen staan by 'n snw. wat as onbekend veronderstel word, of waarvan die getal onbeperk is.

Die vorm van die bepaalde lidw. in Afr. is *die*, vir alle geslagte, naamvalsverhoudinge en getalle, bv. *die os, in die huis, die boeme*.

In die verbinding van *aan* + lidw. + infinitief of onbepaalde wys van 'n ww. vertoon die lidw. nog ewe veelvuldig die vorm 't as *die*, bv.: *aan 't maak, aan 't ploeg, aan 't seek*.

't kom verder nog voor in 'n paar uit Nederlands geërfde wendinge, soos *om 't ewe, in 't kort* (naas *in kort*).

Opm.—Die Ned. vorm *de* bestaan nog in eiename, bv. *De Vos, De Rust*, en dit word aangewend in sinne met 'n bepaalde gevoelswaarde, oorgeërf uit Ned., bv. *wat de hel, wie de drommel, wie de duivel, wat de ongeluk*.

Ou verboë vorme van die Ned. *de*, soos *des, s, der, ter, den (en), ten* kom nog voor in geykte woordverbindings, bv.: *desnoods, destyds, tand des tyds, kind des doods, sweet des aanskyns, smiddags, soggens, snags, saans; naderhand, byderhand, brood der smarte; terwyl, terdeë, terloops, terstond, mettertyd, ter dood, op den duur, dewrentyd, ten slotte, ten dele, tenminste*.

Die nie-bepalende lidw. is 'n, ook wel, maar selde, geskrywe *een*, en dis die onbeklemtoonde vorm van die telwoord *één*. Verbuig word dit, in die vorm *éne*, net wanneer dit diens doen as 'n onbepaalde vnw.; vgl. § 89.

### DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

§ 91. Die Byvoeglike Naamwoord of Adjekatief is 'n kenmerkswoord wat by 'n naamwoord gevoeg word. Dit dien om die selfstandigheid, deur die naamwoord uitgedruk, nader te bepaal. Dit beperk dus die begrip wat deur 'n snw. uitgedruk word, deur 'n bepaalde kenmerk of hoedanigheid daarvan te noem.

So kry bv. die snw. *man, vrou, kind* in die sin: "Naas ons woon 'n *ryk* man, met 'n *kwaaai* vrou en 'n *stout* kind," 'n beperkter betekenis as in die sin: "Naas ons woon 'n man met *vrou* en *kind*."

§ 92. 'n Bnw. kan attributief of predikatief gebruik word. In die eerste geval staan dit vóór die snw.: 'n

*mooi* boek, 'n *goeie* kind; maar dit kan ook agter die snw. voorkom: sy lewe *lank*, 'n mond *vol*, kind*lief*, God *almagtig*.

In die tweede geval word dit gewoonlik van die snw. ge-  
skei deur 'n werkwoord en maak dan deel uit van die ge-  
segde: die man is *oud*, die seun word *groot*, ek noem hom  
*dom*. Sommige bnw. kan alleen attributief gebruik  
word. Daartoe behoort o.a.:

1. Bnw. afgelei van plaasname en persoonsname:  
*Transvaalse* boere, *Kaapse* wyn, *Atlantiese* oseaan, *Kantse*  
filosofie, *Einsteinse* teorie.

2. Bnw. wat plek, rigting of tyd aangee: die *voerste*  
perd, die *onderste* sport, 'n *voorwaartse* beweging, *syäclingse*,  
*vroeëre*, *gewese*, *teenswoordige*, *toekomstige*, *daaglikse*,  
*jaarlikse*, *ewige*, ens.

3. Bnw. afgelei van snw.: *vaderlandse* geskiedenis,  
*letterkundige* prysvraag, *wanhopige* poging, *koninklike* goed-  
keuring, *ouderlike* woning.

4. Stofaanduidende bnw.: 'n *goue* ring, 'n *silwer* hor-  
losieketting, 'n *glase* kas, 'n *erde* pot, 'n *lakense* broek.

Ander bnw. kan weer alleen predikatief gebruik  
word, d.w.s. hulle kom alleen voor as deel van die gesegde  
van 'n sin. Daartoe behoort o.a.:

1. Bnw. wat so nou verbonde is met bepaalde werkwoorde  
dat hulle nie meer daarvan kan losgemaak word nie:

*kwyt* (raak), *kwalik* (neem), *handgemeen* (raak), *ge-  
waar* (word), *gestand* (doen), *wys* (maak), *afhanäig* (maak),  
*braak* (lê), ens.

2. Bnw. van werkwoorde afgelei: *begaan*, *bestand*,  
*betrokke*, *bewus*, *gedagtig*, *geheg*, *geneig*, *gewend*, *aan-  
gedaan*, *ingenome*, *ontbloot*, *vervuld*, *vatbaar*, *wenslik*, ens.

Opm.—Sommige van hierdie bnw. kan egter ook attributief ge-  
bruik word, maar dan kry hulle 'n ander betekenis, as wanneer  
predikatief gebruik. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Hy is *begaan* oor iets — 'n *begane* fout.  
Hy is in die saak *betrokke* — 'n *betrokke* lug.  
Hy is hom *bewus* daarvan — die *bewuste* persoon.  
Hy lyk *aangedaan* daaroor — 'n *aangedane* belediging.  
Hy skyn *ingenome* daarmee — 'n *ingenome* standpunt.  
Hy is *ontbloot* daarvan — met *ontblote* hoof.

## Soorte van Bnw.

§ 93. Volgens die aard van die diens wat hulle verrig, kan bnw. in die volgende twee hoofsoorte verdeel word:

1. Bnw. van hoedanigheid, wat dus 'n kenmerk of eienskap van 'n selfstandigheid aangee. Hieronder val die meeste bnw.: *mooi, lelik, goed, sleg*, ens.

2. Stofaanduidende bnw., wat dus die stof of materiaal aangee waaruit 'n selfstandigheid bestaan. Deurdadig die meeste stofaanduidende bnw. in Afrikaans dieselfde vorm het as die snw. waarvan hulle afgelei is (die woord *hout* kan sowel beteken "gemaak van hout," as die stof *hout*), bestaan daar as 'n natuurlike gevolg die neiging om die bnw. + die snw. te beskou as 'n samestelling van 'n snw. + 'n snw. Daarom word die stofaanduidende bnw. + die snw. gewoonlik ook as één woord uitgespreek en geskrywe, hoewel dit nie noodsaaklik is nie.

So kan 'n mens sê en skrywe: 'n *yster paal* of 'n *ysterpaal*, wat beteken: 'n paal van yster gemaak; maar nie: 'n *yster vark* nie, alleen *ystervark*, omdat 'n vark nie van yster gemaak is nie. Die laaste woord is 'n samestelling wat één begrip uitdruk, die eerste is 'n stofaanduidende bnw.+snw. Vergelyk verder *rietdak* — *rietbok*; *erddepot* — *erdvark*, *erdwurm*; *klipmuur* — *klipsalmander*; *vuurpyp* — *vuurhoutjie*; *waterblaas* — *waterhond*.

Hieruit blyk dus duidelik die verskil tussen 'n egte samestelling en die bloot aaneengeskrewe stofaanduidende bnw.+snw. Voorbeelde van die laaste is die volgende: *grasdak*, *strooihuis*, *glaasdeur*, *kleimuur*, *blikskottel*, *houtlepel*, *plankvloer*, *syrok*, *ferweelbroek*, *loodpyp*, *koperketel*, *waskers*, *waspop*, *rottingstoel*, ens.

Opm. 1.— Uit sommige aaneengeskrewe vorme blyk nog duidelik dat die eerste deel *nie* 'n snw. is nie, maar die daarvan afgeleide stofaand. bnw. So vertoon bv. *glaasoog*, *glaasdeur* 'n lang *aa*, terwyl die snw. *glas* lui; *erddepot* vertoon 'n *e*, terwyl die snw. *erd* in samestelling soos *erdwurm* sy betekenis as 'n snw. bewaar.

Opm. 2.— In 'n paar staande uitdrukkinge kom die stofaand. bnw. nog les van die snw. voor, met figuurlike betekenis: 'n *gulde geleentheid*, 'n *wasse* neus, *stene* tafels, *stale* harte.



Opm. 3.—Verskillende ander rededele kan ook as bnw. gebruik word, bv.: Aanwysende, Vragende en Besitlike vnw., Telwoorde, Bywoorde, Onvoltooide en Volttooide Deelwoorde.

Vergelyk die pragrawe waar hierdie rededele behandel word.

### Verbuiging van die Bnw.

§ 94. Soos ons by die behandeling van die snw. opgemerk het, is Afrikaans betreklik arm aan buigingsvorme. Maar naas die snw. kan ook die bnw. nog in sekere gevalle verbuig word. Hierdie buiging of vormverandering dien in sommige gevalle om betekenisverandering aan te dui, in ander gevalle bestaan daar geen bepaalde rede vir die buiging nie. Want geslagsonderskeiding speel hierby geen rol, soos bv. in Nederlands nie. So sê ons: 'n *goeie* man, vrou, kind; maar daarnaas 'n *groot* man, vrou, kind.

Ons sal hier nie probeer aantoon waarom die bnw. in die eerste geval wél, in die tweede geval nie verbuig word nie. Ons doel is enkel om te konstateer wanneer, volgens die algemene spraakgebruik, die bnw. wél en wanneer dit nié verbuig word nie.

Om hierdie ingewikkelde kwessie, wat ons meeste skrywers nog heelwat las veroorsaak, so oorsigtelik moontlik te behandel, sal ons dit onder twee aparte hoofde bespreek: (1) die gevalle waar die bnw. geen verandering ondergaan nie; (2) die gevalle waar dit kan verbuig word. Hiermee wil nie te kenne gegee word dat ons al die struikelblokke uit die weg sal ruim nie, maar dis in elk geval 'n poging om tot 'n sistematiese in-deling te geraak.

### Onverboë vorme van die Bnw.

§ 95. Die Bnw. word in die volgende gevalle nie verbuig nie:

1. Wanneer dit predikatief gebruik word (vgl. § 92), en ook attributief, maar alleen as dit *agter* die snw. staan: sy lewe *lank*, 'n mond *vol*, ens.

2. Stofaanduidende bnw. Hier kom egter enkele uitsonderinge voor: *goue*, *lakense*, *glase*, *erde*, en die figuurlik gebruikte *gulde*, *wasse*, *stene*, *stale* [Vgl. § 93 (2)]. Maar verder neem die stofaand. bnw. nooit 'n *e* nie.

3. Bnw. op *-er* (waaronder die vergrotende trap val): 'n *lekker* eetmaal, 'n *donker* nag, *helder* water, *suiwer* drank,

*dapper* soldate, 'n *jammer* hart, die *hoër* onderwys, ons *laer* skole, *groter* ondernemings, 'n *swaarder* gewig, *gehoorsamer* kinders, by 'n *vroeër* of *later* geleentheid.

Opm.—*Ander* word net verbuig in die vaste uitdrukking *onder andere*, maar anders nooit. Dus: sommige mense sterf jonk, *ander* word oud.

*Meer* en *minder* word net verbuig in die vaste uitdr. "in *meerdere* of *mindere* mate."

*Seker* en *besonder* word gewoonlik verbuig: 'n *sekere* man, *sekere* mense, *besondere* omstandighede.

*Ieder* bly onverboë in *iedereen*, in *ieder geval*; maar word anders altyd verbuig: *iedere* mens moet sterwe, *iedere* nasie het sy taal; *verder* word gewoonlik verbuig.

4. Eenlettergrypige bnw. op *-lm* en *-rm*: 'n *kalm* see, 'n *skebm* laggie, 'n *arm* man, 'n *warm* dag, 'n *ferm* houding.

Opm.—*Arm* word egter verbuig, wanneer dit met nadruk of figuurlik gebruik word: Hy is 'n *arm* man en daarby ook 'n *arme* sukkelaar.

Die *arme* vlugteling het alles verloor. Daar is vandag baie *arm* mense wat genoem word *arme* blankes.

5. Eenlettergrypige bnw. op *-ng*: 'n *lang* distansie, 'n *bang* kind, 'n *jong* perd, 'n *wrang* smaak, *streng* maat-reëls.

Opm.—Wanneer *lang* en *jong* predikatief gebruik word, lui hulle *lank* en *jonk*.

6. Eenlettergrypige bnw. wat op 'n klinker of twee-klank eindig: 'n *ou* gewoonte, *lou* water, *rou* vleis, 'n *flou* perd, *boland*, *bodeur*, *rugare*, 'n *ru* vel, 'n *sku* kind, 'n *mooi* gesig, 'n *rooi* kleur 'n *kwaai* bees, *vry* losies, *lui* skepsels.

Opm. 1.—Sommige van hierdie bnw. word ook verbuig, soos bv.: 'n *ruwe* behandeling, 'n *sluwe* plan, 'n *troue* vriend, 'n *kwaai* duiwel, die goeie *oue* tyd, "die bouvalle van 'n *oue*, *oue* boerewoning."

Opm. 2.—In woorde soos die volgende word die bnw. *ou* altyd aaneengeskrywe met die volgende snw.: *oupa*, *ouma*, *oumens*, *ouboet*, *oubaas*, *ounooi*, *oulu*, *oujong*, *oujongkêrel*, *oujongnooi*, *oujaarsdag*. Vgl. ook *bodeur*, *boland*, *rousteen*, *rugare*.

Opm. 3.—*Nuwe* is die verboë vorm van *nuut*.

7. Eenlettergrepige bnw. wat op 'n ander medeklinker eindig as *d, f, g, s*: 'n *dik* muur, 'n *sterk* stroom, 'n *kaal* vlakte, *vuil* water, 'n *lam* arm, 'n *klam* doek, 'n *dun* stokkie, *groen* gras, 'n *skerp* mes, 'n *lomp* dier, 'n *seer* hand, 'n *suur* gesig, 'n *bont* kalf, 'n *stout* kind.

Opm. 1.—Hier kom egter ook enkele verboë vorme voor: 'n *naakte* liggaam, 'n *pure* kind, *pure* goud, 'n *ware* gebeurtenis, 'n *nare* droom, die *hele* dag naas *heeldag*, *elke* maal naas *elkeen*, in *alle* geval naas *almal*, ten *enemale* naas *eenmaal*, hierdie *ene* naas hierdie *een*.

Opm. 2.—Soos reeds hier en daar uit die voorgaande opmerkinge geblyk het, kom dit dikwels voor dat onverboë bnw. in bepaalde gevalle nog verbuig word. Dit gebeur meestal in vaste uitdrukkinge, of wanneer hulle met nadruk of in figuurlike sin gebruik word. Hier volg nog enkele voorbeelde om dit te illustreer:

'n <i>teer</i> plantjie	— 'n <i>tere</i> saak.
'n <i>suur</i> appel	— 'n <i>sure</i> ondervinding.
'n <i>diep</i> gat	— 'n <i>diepe</i> vernedering.
'n <i>wys</i> perd	— 'n <i>wyse</i> raad.
'n <i>duur</i> artikkel	— 'n <i>dure</i> plig.
'n <i>stout</i> kind	— jou <i>stoute</i> kind!
'n <i>groot</i> werk	— op <i>grote</i> skaal.
'n <i>lui</i> mens	— 'n <i>luie</i> vabond.
'n <i>skoon</i> gesig	— 'n <i>skone</i> geleentheid.
'n <i>dooi</i> perd	— op sy <i>dooie</i> gemak.
'n <i>vol</i> glas	— by sy <i>volle</i> verstand.
<i>ryp</i> vrugte	— 'n <i>rype</i> ervaring.
'n <i>bang</i> kind	— 'n <i>bange</i> nag deurbring.
'n <i>wrang</i> smaak	— die <i>wrange</i> vrugte van 'n daad pluk.

### Verboë vorme van die Bnw.

§ 96. Alleen attributief gebruikte bnw. kan verbuig word, d.w.s. naas die onverboë vorm kan 'n verboë vorm op *-e* voorkom. Dit gebeur in die volgende gevalle:

1. Eenlettergrepige bnw. wat op die volgende medeklinkers eindig: *d, f, g, s*.

(a) Op *d*:

(i) 'n *harde* pad, 'n *wrede* vonnis, 'n *vreemde* taal, 'n *wilde* gedierte.

## VORMLEER.

- (ii) Met verdubbeling van die *d* (vgl. § 40): 'n *gladde* tong.
- (iii) Met uitstoting van die *d* (vgl. § 57): 'n *koue* wind, 'n *breë sloot*, 'n *goeie* les, 'n *wye* ruimte.
- (b) Op *f*:
  - (i) Met oorgang van *f* tot *w* (vgl. § 57): 'n *gawe* kêrel, 'n *halwe* brood, 'n *styuwe* nek, 'n *skurwe* vel, 'n *lieuwe* kind, 'n *dowe* man.
  - (ii) Met oorgang van *f* tot *ww* (vgl. § 57): 'n *lawwe* grap, 'n *growwe* stem (maar *grofbrood*), 'n *dowwe* geluid, 'n *muuwe* ruik (maar *vermufte* brood).

Opm.—Van *saf* kom twee verboë vorme voor: *sawwe* en *safte*. Die laaste is die mees gebruiklike van die twee, en is waarskynlik ontstaan na analogie van *sagte*. Die *t* wat in die onverboë vorm aan die end weggeval het (Ned. *zacht*), word in die verboë vorm nog bewaar. “Daar is 'n baie groot verskil tussen die *sagte* man en die *safte* man.” (Langenhoven: *Naarheid en Waarheid*.)

- (c) Op *g*:
  - (i) Met die *t* wat in die onverboë vorm aan die end weggeval het, maar in die verboë vorm bewaar gebly is (vgl. § 57): 'n *sagte* bed, 'n *sligte* voorbeeld, 'n *ligte* werk, 'n *digte* bos, 'n *egte* patriot, die *regte* man.
  - (ii) Met uitstoting van die *g* (vgl. § 57): 'n *hoë* toring, 'n *droë* tak, 'n *leë* huis, in die *ruie* gras, op 'n *vroeë* oggend, my ou *moeë* liggaam.
  - (iii) Met verdubbeling van die *g* (vgl. § 41): 'n *logge* dier, 'n *vlugge* boodskapper, 'n *stugge* persoon.

Opm.—In sommige streke, veral in die Noorde, word dikwels die *g* behou in woorde onder (ii) genoem. Dus *hoge*, *lege*, ens. (die *g* word uitgespreek soos in Engels *go*).

So ook in die woord *nege* naas die bolandse vorm *neë*.

In woorde, soos onder (iii) genoem, wat nog weinig gebruik word in die spreektaal, word die *gg* nie as stemhebbende klapper uitgespreek, soos in *brugge* en *sogge* nie, maar as stemlose glyer, soos in *brug* en *sog*.

(d) Op *s*:

- (i) 'n *dwase* bewering, 'n *valse* profeet, 'n *flukse* seun, 'n *trotse* vader, 'n *snaakse* affêre, 'n *ganse* menigte.
- (ii) Met verdubbeling van die *s* (vgl. § 45): 'n *krasse* bewering, met *rasse* skrede.
- (iii) Met die bewaarde *t* [vgl. c, (i)]: 'n *juiste* voorstelling, 'n *vaste* betrekking, 'n *woeste* streek.

Opm.—Hier kom enkele onverboë vorme voor: 'n *fris* dogter, 'n *los* tand, *bros* hout.

2. Bnw. op *-s*, afgelei van snw.: *Hollandse*, *Engelse*, *Duitse*, *Franse*, *joodse*, 'n *doodse* stilte, die *aardse* lewe, *helse* lawaai, *skoolse* wette, *steedse* gewoontes (met verandering en rekking van *a* tot *ee*).

3. Meerlettergrepige bnw. [behalwe die op *-er*. Vgl. § 95 (3)]: 'n *gewapende* bende, 'n *kinderagtige* ekskuus, 'n *vermaaklike* spel, 'n *gehoorsame* kind, 'n *respektabele* man.

Hieronder val ook die volgende:

- (a) Bnw. in die oortreffende trap: die *kinderagtigste* ekskuus, die *vermaaklikste* spel, die *gehoorsaamste* kind.
- (b) Onvoltooide deelwoorde wat byvoeglik gebruik word: 'n *hardwerkende* man, *staande* water, *spelende* kinders, die *ontwakende* natuur.
- (c) Voltooide deelwoorde wat byvoeglik gebruik word: *geploegde* grond, 'n *gestrafte* misdadiger, 'n *gebroke* stem, 'n *gebreekte* koppie, 'n *opgeskote* kind, *uitgesoekte* vrugte. (Vgl. oor die verbuiging van die deelwoord §§ 149 en 152 vlgg.).
- (d) Bnw. aan vreemde tale ontleen: 'n *sekundêre* skool, 'n *populêre* persoon, (maar: 'n *populêrder* persoon — vergrotende trap), 'n *intellektuele* ontwikkeling, 'n *vakante* betrekking, 'n *krietiese* beskouing, 'n *kritieke* oomblik, 'n *sensasionele* gebeurtenis, 'n *koöperatiewe* vereniging.

Opm. 1.—Samegestelde bnw. volg die buiging van die laaste deel daarvan, en kom dus voor met en sonder *-e*: 'n *skatryk* man, 'n *spekvet* perd, 'n *goedkoop* artikel, 'n *papsafte* perske, 'n *doodgoeie* siel, 'n *dolleë* fles.

## VORMLEER.

Opm. 2.—Gesubstantiveerde bnw. (d.w.s. bnw. wat as snw. gebruik word) word altyd verbuig:

- (a) In die enkelvoud altyd na 'n lidwoord of voornaamwoord: Die *ryke* bekommer hom selde oor die *arme*. Daardie *blinde* loop alleen. Watter *veroordeelde* het vryekom? Soek jy 'n *grote* of *kleintjie*? Hy is my *meerdere*. Die *ware*, die *skone*, die *goeie*, die *kleinere*, die *grottere*.
- (b) In die meervoud gewoonlik met—*s*: *rykes* en *armes*, *kreupeles*, en *blindes*, *grottes* en *kleintjies*, *veroordeeldes*, *teleurgesteldes*.

Opm. 3.—Enkele selfstandig gebruikte bnw. word al heeltemal as snw. beskou: *Hollands* (die Hollandse taal), *Afrikaans* (die Afrikaanse taal), 'n *dwaas*, 'n *vrek*, 'n *gek*, 'n *liberaal*, *goed* en *kwaad*.

4. Daar is verder 'n aantal staande uitdrukkinge of gekykte terme, waarin die bnw. in verskillende verouderde buigingsvorme bewaar gebly is. Dit is taalfossiele uit 'n vroeër tydperk wat die later ontwikkeling van Nederlands nie meegemaak het nie, en dus nog minder die van Afrikaans.

Maar hoewel sommige daarvan alleen nog in deftige styl voorkom, behoort die meeste tot ons alledaagse woordeskat, soos uit die volgende voorbeelde blyk:

*Goedsmoeds*, *blootshoof*, te *gelyker* tyd, ter *elfder* ure, op *heter* daad, te *goeder* trou, van *ganser* harte, in *koelen* bloede, ten *ewigen* dage, *grotendeels*, *goedertieren* (tier = aard), *stormenderhand*, *onverrichter* sake, niks *nuuts*, iets *groots*, veel *goeds*, wat *moois*, *allerlei*, *velerlei*, *allermees*, *allermens*, ten *goede*, ten *kwade*, ens.

### \*Trappe van Vergelyking.

§ 97. Bnw. kan verder nog buiging of vormverandering ondergaan om betekenisverandering aan te dui, wanneer die eienskap of hoedanigheid van 'n selfstandigheid wat deur die bnw. genoem word, 'n verandering ondergaan. Al die kinders in dieselfde klas is nie ewe vlytig nie. Hierdie eienskap is by die een in meerdere of mindere mate aanwesig as by die ander; en om nou die verskillende grade of trappe van vlytigheid te kan bepaal, neem die bnw. verskillende vorme aan, ooreenkomstig die graad of trap wat dit voorstel.

So kan ons bv. sê: Piet is *vlytig*, maar Paul is *vlytiger*, en Klaas is die *vlytigste* leerling in die klas. Ons

vergelijk dus die drie leerlinge met mekaar wat hulle trappe van vlytigheid betref, en daarom word die trapaanduidende vorme van die bnw. genoem trappe van vergelyking.

Daar is drie trappe:

- (a) Die eerste of Stellende Trap (Positief) dien as uitgangspunt en gee alleen 'n bepaalde eienskap van die selfstandigheid aan: 'n *vlytige* leerling, 'n *stout* kind.
- (b) Die tweede of Vergrotende Trap (Komparatief) word gewoonlik gevorm deur die onverboë vorm van die bnw. plus die uitgang *-er*, en toon aan dat die eienskap, deur die bnw. genoem, in 'n hoër graad aanwesig is: Paul is *vlytiger* as Piet; hierdie kind is *stouter* as daardie een.

Opm.—Soos uit die tabel van voorbeelde sal blyk, is hierdie definisie nie heeltemal juis nie, omdat dit nie al die gevalle dek nie. Dikwels word die vergrotende trap gevorm nie deur die onverboë vorm van die bnw. plus *-er* nie, maar deur 'n gewysigde vorm daarvan, en ook met ander uitgange as *-er*. Waar dit voorkom, sal in 'n opm. die aandag daarop gevestig word.

Ook sou die vergrotende trap in sommige gevalle eintlik verkleinende trap moet genoem word, bv.: Paul is *kleiner* as Piet.

- (c) Die derde of Oortreffende Trap (Superlatief) word altyd gevorm deur die onverboë vorm van die bnw. plus die uitgang *-ste*, en toon aan dat die eienskap deur die bnw. genoem, *in die hoogste graad* aanwesig is: Klaas is die *vlytigste* leerling in die klas; hierdie kind is die *stoutste* van almal.

Die volgende tabelle kan dien om die vernaamste veranderinge te illustreer, wat veral die medeklinkers ondergaan by die vorming van die komparatief.

VORMLĒER.

§ 98. 1. Bnw. op *-d*:

Stellende Trap.	Vergrotende Trap.	Oortreffende Trap.
(a) hard	harder	hardste
wreed	wreder	wreedste
vreemd	vreemder	vreemdste
wild	wilder	wildste
bekend	bekender	bekendste
bemind	beminder	bemindste
beroemd	beroemder	beroemdste
(b) breed	breër	breedste
wyd	wyer	wydste
oud	ouer	oudste
koud	kouer	koudste
(c) glad	gladder	gladste

Opm. 1.—Uit hierdie voorbeelde blyk dat die oortreffende trap altyd gevorm word deur die stellende trap plus — *ste*, sonder verder wysiging. Hier is dus geen moeilikheid nie. Maar by die vergrotende trap merk ons op dat die *d* soms intervokalisies (tussen twee klinkers of vokale) wegval, en soms weer verdubbel word. Hierdie verskynsel het ons reeds onder die Klankleer behandel. Vgl. §§ 57 en 40.

Opm. 2.—*kwaad* — *kwater* — *kwaadste* vertoon 'n *t* in die komparatief wat waarskynlik ontstaan het onder invloed van *later*, soos blyk uit die uitdrukking: *hoe later, hoe kwater*. Oor die betekenisverskil tussen *kwaad* en *kwaai* word onder Betekenisleer gehandel.

2. Bnw. op *-f*:

Stellende Trap.	Vergrotende Trap	Oortreffende Trap
(a) gaaf	gawer	gaafste
styf	stywer	styfste
lief	hiewer	liefste
skurf	skurwer	skurfste
doof	dower	doofste
(b) dof	dowwer	dofste
grof	growwer	grofste
laf	lawwer	lafste
muf	muwwer	mufste
saf	safter, sawwer	safste



AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm.—Die *f* gaan in sommige gevalle intervokalties oor in *w*, in ander gevalle in *ww*. Vgl. § 57.

Oor die *f* in *sajter* vgl. § 96, 1b Opm.

Enigsins ongebruiklike bnw. volg nog die Nederlandse buiging. *suf* — *suffer*, *duf* — *duffer*.

3. Bnw. op *-g*:

<b>Stellende Trap</b>	<b>Vergrotende Trap</b>	<b>Oortreffende Trap</b>
(a) jong	jonger	jongste
bang	banger	bangste
lang	langer	langste
wrang	wranger	wrangste
vinnig	vinniger	vinnigste
onhandig	onhandiger	onhandigste
(b) hoog	hoër	hoogste
laag	laer	laagste
ruig	ruier	ruigste
moeg	moeër	moegste
vroeg	vroeër	vroegste
(c) sag	sagter	sagste
sleg	slegter	slegste
lig	ligter	ligste
eg	egter	egste
heg	hegter	hegste
(d) log	logger	logste
stug	stugger	stugste
vlug	vlugger	vlugste

Opm.—Hier merk ons die volgende op: 1. In komparatiewe onder (b) word die *g* intervokalties uitgestoot. In sommige streke word dit egter dikwels behou. Vgl. § 96, c, Opm.—2. In komparatiewe onder (c) kom 'n *z* voor wat in die positief nie bestaan nie. Vgl. § 57.—3. In komparatiewe onder (d) word die *g* verdubbel. Vgl. § 96, c, Opm.

4. Bnw. op *-s*:

<b>Stellende Trap</b>	<b>Vergrotende Trap</b>	<b>Oortreffende Trap</b>
(a) dwaas	dwaser	dwaasste
snaaks	snaakser	snaaksste
hees	heser	heesste
voos	voser	voosste
fluks	flukser	fluksste

VORMLEER.

<b>Stellende Trap</b>	<b>Vergrotende Trap</b>	<b>Oortreffende Trap</b>
vals	valser	valsste
hulpeloos	hulpeloser	hulpeloosste
(b) woës	woester	woesste
juis	juister	juisste
vas	vaster	vasste
(c) los	losser	losste
broſ	brosser	brosste
kras	krasser	krasste
fris	frisser	frisste

Opm.— Oor die *t* onder (b) en die verdubbeling van die *s* onder (c) vgl. §§ 57 en 45.

Daar bestaan 'n neiging om die *t* in te las waar hy nie tuis hoort nie. Langenhoven skryf bv.: "Die makoue, het ek gereken, sou nog *heester* word van die stof onder die trem se buikplank." (*Sonde met die Bure* p. 25). So hoor 'n mens dikwels ook *loster*, *frister*, ens.

5. Bnw op *-r*:

<b>Stellende Trap</b>	<b>Vergrotende Trap</b>	<b>Oortreffende Trap</b>
ver	verder	verste
teer	teerder	teerste
duur	duurder	duurste
swaar	swaarder	swaarste
bitter	bitterder	bitterste
lekker	lekkerder	lekkerste
suiwer	suiwerder	suiwerste
jammer	jammerder	jammerste
kosbaar	kosbaarder	kosbaarste

Opm. 1.— In die komparatief word orals welluidendheidshalwe 'n *d* ingelas vóór die uitgang. Dis makliker om te sê *verder*, *dorder*, ens. as *verrer*, *dorrer*, en dit klink ook mooier.

Opm. 2.— Die volgende bnw. op *-r* vertoon geen trappe van vergelyking nie: (a) Stofaand. bnw.: *silwer*, *koper*, *marmor*; (b) die woorde *regter* en *linker*.

6. Bnw. op *k*, *l*, *m*, *n*, *p*, *t*:

<b>Stellende Trap</b>	<b>Vergrotende Trap</b>	<b>Oortreffende Trap</b>
dik	dikker	dikste
geskik	geskikter	geskikste
hinderlik	hinderliker	hinderlikste

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Stellende Trap	Vergrotende Trap	Oortreffende Trap
mal	maller	malste
kaal	kaler	kaalste
vermetel	vermeteler	vermetelste
klam	klammer	klamste
arm	armer	armste
gehoorsaam	gehoorsamer	gehoorsaamste
dun	dunner	dunste
min	minder	minste
groen	groener	groenste
diep	dieper	diepste
skerp	skerper	skerpste
stip	stipter	stipste
wit	witter	witste
stout	stouter	stoutste
nuut	nuter, nuwer	nuutste

Opm.—Die wysiginge wat hier plaasvind, het ons reeds almal bespreek in vorige opmerkinge.

7. Bnw. op klinkers of tweeklanke:

Stellende Trap	Vergrotende Trap	Oortreffende Trap
na	nader	naaste
ru	ruwer	ruuste
sku	skuwer	skuuste
slu	sluwer	sluuste
vry	vryer	vryste
bly	blyer	blyste
gou	gouer	gouste
blou	blouer	blouste
lui	luier	luiste
taai	taaier	taaiste
kwaai	kwaaiier	kwaaieste
mooi	mooier	mooiste
rooi	rooier	rooiste

Opm.—Hierdie gevalle is almal normaal, behalwe die *w* wat in 'n paar komparatiewe bewaar is, en die ingelaste *d* in *nader*.

## VORMLEER.

Die *w* staan egter nie heeltemal vas nie, sodat naas *ruwer*, *skuwer*, *sluwer* ook voorkom *ruer*, *skuër*, *sluer*. Verder is daar 'n verskil in die superlatief van hierdie vier bnw. (nl. die dubbele teken *aa* en *uu*), maar dit betref alleen die spelling en nie die klank nie. Vgl. §§ 21 en 29.

8. Die volgende vorme is onreëlmatig:

Stellende Trap	Vergrotende Trap	Oortreffende Trap
goed	beter	beste
baie, veel	meer	meeste
bietjie, min	minder	minste
laat	later	laaste
kwaad	kwater	kwaadste
nuwe, nuut	nuwer, nuter	nuutste
_____	cerder	eerste

Opm. 1.—Oor die vorm *kwater* vgl. § 98, 1, Opm. 2. Die vorm *nuut* alleen predikatief gebruik. Daar is verder 'n betekenisverskil tussen *nuwer* en *nuter*. Die eerste beteken *meer modern*, en die tweede *minder verslede*, bv.: "My motorkar is 'n *nuwer* model, al is jouné ook *nuter* as myne."

Opm. 2.—By Langenhoven kom die vorm *goeiste* voor, in die sin van *goedaardigste*, as superlatief van *goed*: "Die *goeiste* mens word naderhand ongeduldig" (*Sonde met die Bure* p. 11).

9. Die volgende bywoorde of voorstelsels kan as bnw. gebruik word, maar alleen in die superlatief:  
 voor — voorste, agter — agterste, binne — binneste, buite — buitenste, bo — boonste, middel — middelste, onder — onderste, uit — uiterste, op — opperste.

Bv. die *onderste* sport van die leer; die *uiterste* grens; 'n *opperste* platjie, ens.

Opm.—Langenhoven gebruik *voorder* as komparatief van *voor*: "hoe jonger hoe voorder" (*Doppers en Filistyne* p. 9).

§ 99. Dikwels word die trappe van vergelyking gevorm deur die gebruik van *meer*, *mees*, *minder*, *mins*. Dit is veral die geval met byvoeglik gebruikte voltooidé deelwoorde soos *bekrompe*, *beskonke*, *geslepe*, *ingenome*, *vergeleë*, *opgevoede*, *gehate*.

§ 100. Die superlatief word dikwels in absolute sin gebruik, d.w.s. dit druk geen relatiewe of vergelykende graad uit nie, maar alleen 'n baie hoë graad:

My *liefste* moeder; sy *enigste* kind; ek is *hoogs* in my skik; hy doen sy *uiterste* bes; hy lê op sy *uiterste*; die nood is op sy *hoogste*; van jou het ek dit *allermins* of die *allerminste* verwag; 'n *allerellendigste* toestand; 'n *allerbelangrikste* maatreël.

Opm.—Hieronder val ook uitdrukkinge soos die volgende: 'n *afgedankste* pak slae, 'n *vervolakse* leuen, 'n *vervolkste* skande, waarin die bnw. wel die vorm van 'n superlatief vertoon, maar geen superlatiewe betekenis het nie, want daar bestaan geen korresponderende positiewe en komparatiewe vorme nie.

§ 101. Vergelyking kan ook sonder vormverandering van die bnw. uitgedruk word:

Ek is nie *so* slim *soos* (*as*) jy nie.

Hy is *net so* slim *soos* (*as*) sy.

Opm. 1.—Die Nederlandse vorme *zoals* en *evenals* word in Afrikaans verteenwoordig deur *soos* en *net soos*. Daarom is die vorme *soas* en *eweas*, wat nog dikwels geskryf word, af te keur.

Opm. 2.—Onder Nederlandse invloed word *dan* nog dikwels gebruik na 'n komparatief in plaas van *as*. *Dan* is egter alleen noodsaaklik om opeenhoping te vermy in 'n sin soos die volgende: Hy het 'n groter naam as skrywer *dan as* spreker.

Opm. 3.—In plaas van die komparatief plus *as* kan ook die superlatief gebruik word:

Hy is *slimmer as* ek — Van ons twee is hy *die slimste*.

§ 102. Sommige bnw. het geen trappe van vergelyking nie, omdat die eienskap of hoedanigheid wat daardeur uitgedruk word, nie vatbaar is vir vergelyking nie. Hierdie klas kan dus ook tot die absolute bnw. gereken word. Die volgende val daaronder:

(a) Stofaanduidende bnw.: *goue, koper, glase, stene*, ens.

(b) Bnw. van ander rededele afgelei, soos *Afrikaanse, Transvaalse, maandelikse, jaarlikse, hedendaagse, toenmalige, outydse, nuwerwetse*, ens.

## VORMLEER.

- (c) Bnw. wat reeds 'n absolute betekenis vertoon: *volmaak, dood, almagtig, perfek*.
- (d) Samegestelde bnw. wat reeds 'n vergelyking te kenne gee: *spekvet, papsaf, dolleeg, brandarm, yskoud, heuningsoet*.
- (e) Bnw. van snw. afgelei deur middel van die agtervoegsel *-loos*: *ouderloos, werkloos, nodeloos, hope-loos*.
- (f) Bnw. wat wiskundige eienskappe uitdruk: *rond, vierkantig, parallel, reghoekig*.

Opm.— Soms word selfs sulke absolute begrippe nog versterk, veral wanneer daar besondere nadruk op gelê word. Dit blyk reeds uit *dolleeg* naas *leeg*, *propvol* naas *vol*, *morsdood* naas *dood*, *pikswart* naas *swart*, *sirkelrond* naas *rond*.

Maar ook die superlatiewe uitgang — *ste* word dikwels ook nog weer bygevoeg: in die *volste* sin van die woord; die *volmaakste* gesondheid; die *perfekste* orde.

Hieruit blyk dat absolute begrippe dikwels nog 'n relatiewe betekenis het.

## DIE TELWOORD.

§ 103. Die Telwoord of Numerale dien om die getal van snw. te bepaal of die plek wat 'n snw. inneem.

Telwoorde wat die aantal aangee heet *hoof-telwoorde*, bv. *ses bome*; die wat die plek in 'n ry bepaal: *rangtelwoorde*, bv. *die sesde boom*; hulle is meestal van die hoof-telwoorde afgelei.

Die hoof-telwoorde word verdeel in bepaalde en onbepaalde telw.; die name dui die betekenis aan: die eerste soort gee noukeurig die aantal aan, die tweede minder bepaald. Die bepaalde hoof- en rang-telwoorde het die volgende vorme:

Hoof-telwoord.	Rangtelwoord.
1 een	eerste
2 twee	twede
3 drie	derde
4 vier	vierde
5 vyf	vyfde

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Hoofdelwoord	Rangtelwoord
6 ses	sesde
7 sewe	sewende
8 ag, agt	agste
9 nege, neë	negende, neënde
10 tien	tiende
11 elf	elfde
12 twaalf	twaalfde
13 dertien	dertiende
14 veertien	veertiende
15 vyftien	vyftiende
16 sestien	sestiende
17 sewentien	sewentiende
18 agtien	agtiende
19 negentien, neëntien	negentiende
20 twintig	twintigste
21 een-en-twintig	een-en-twintigste
22 twee-en-twintig	twee-en-twintigste
29 neën-en-twintig	neën-en-twintigste
30 dertig	dertigste
40 veertig	veertigste
50 vyftig	vyftigste
60 sestig	sestigste
70 sewentig	sewentigste
80 tagtig, taggentig	tagtigste, taggentigste
90 negentig, neëntig	negentigste, neëntigste
99 neën-en-neëntig	neën-en-negentigste
100 honderd	honderdste
101 honderd-en-een	honderd-en-eerste
200 tweehonderd	tweehonderdste
1000 duisend	duisendste
1001 duisend-en-een	duisend-en-eerste
1100 eenduisend-eenhonderd	duisend-en-eenhonderdste
2000 tweeduisend	tweeduisendste
1000000 miljoen	miljoenste

Opm.— Naas *sewe* kom *seuwe* voor (vgl. § 26, lang *e*, Opm. 2); die vorm *agt* kom bowendien voor in *agtuur*.

Onbepaalde hooftelw. is bv.: *baie, veel, weinig, sommige, al, min, verskeie, elke*.

Bv.: *baie reisigers vertrek vandag*.

## VORMLEER.

Opm.— Word hierdie woorde selfstandig gebruik, dan word hulle beskou as onbepaalde vnw.; vgl. § 89.

Party snw. word as onbepaalde hooftelw. gebesig, bv.: *party*, 'n *klomp*, 'n *paar*, 'n *dosyn*, 'n *span*, 'n *koppel*, 'n *trop*.

Die bepaalde hooftelw. *honderd*, *duisend*, *miljoen* en die veelvoude daarvan kan as snw. gebesig word, bv. 'n *honderd mense*. *Duisende van arme-blankes*.

Onbepaalde rangtelw. is o.m. *eerste*, *laaste*, *middelste*, *hoeveelste*, *soveelste*.

Opm.— Dit spreek vanself dat die eerste drie woorde bepaalde rangtelw. word, wanneer daarby gesê word uit watter groep of aantal die snw. die *eerste* ens. is; bv. *die eerste van daardie ry huise*; *die laaste van die ses broers*.

## DIE VOORSETSEL.

§ 104. Die Voorsetsel of Preposisie is 'n verbindingswoord, wat saam met naamwoorde dien om 'n plek, tyd of omstandigheid aan te dui. Omtrent almal kan eweneens as 'n bywoord diens doen, en veral diè van die laaste kategorie vertoon nog duidelik hul oorsprong as sodanig. 'n Plek word bv. aangedui deur die voors. *in* in die sin: *die dorp lê in die Karo*; 'n tyd deur *na* in: *na reën kom son-skyn*: 'n rede deur *weens* in: *weens siekte moes ek tuis bly*.

Die afwisselende gebruik as voorsetsel en as bywoord blyk uit die volgende sinne:

1. *die boot vaar op die rivier* (voors.).
2. *die boot vaar die rivier op* (byw.).
3. *die olifant loop om die boom* (voors.).
4. *die olifant loop die boom om* (byw.).

In sinne 2 en 4 behoort *op* en *om* nie by die naamwoorde *rivier* en *boom* nie, maar by die ww. *vaar* en *loop*.

Die volgende voorsetsels o.m. kom voor in Afrikaans: *aan*, *aangaande*, *agter*, *anderkant*, *behalwe*, *betreffende*, *binne*, *bo*, *by*, *buite*, *buitekant*, *deeskant*, *deur*, *gedurende*, *langs* (*langes*, *langers*), *met*, *na* (*na-toe*), *naas*, *newens*, *om*, *ondanks*, *onder*, *oor*, *op*, *per*, *sonder*, *te*, *teen*, *teenoor*, *tot*, *tussen*, *uit*, *van*, *vir*, *voor*, *weëns*.

Opm. 1.— Die Akademie wil onderskei tussen *na* en *naar*, sodat *naar* meer as voorsetsel, *na* meer as bywoord gebruik sal word.



## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Maar aan hierdie reël word in die praktyk nie streng vasgehou nie, vgl. *hiernatoe, daarnatoe*.

Opm. 2.—Die *vorm* van voorsetsels is onveranderlik; die gebruik van die dubbele voors. *in die bos in* is nie 'n kwessie van vorm nie, maar van sintaktiese gebruik.

Opm. 3.—Dikwels word voltooidede deelwoorde as voorsetsels gebruik. Die verbinding van 'n naamw. met 'n deelwoord druk 'n omstandigheid uit, en kan weergegee word deur 'n hele sin; as ons sê: *ongereken die sprinkane, is die droogte al erg genoeg*, dan beteken dit: *as die sprinkane nie meegereken word nie ...* ens.

Opm. 4.—Oor die gebruik van voorsetsels vgl. die *Sinsleer*.

Opm. 5.—Oor die betekenis (en dus ook die funksie) van voorsetsels vgl. die *Betekenisleer*.

### DIE WERKWOORD.

§ 105. Die werkwoord is die vernaamste woord in 'n sin. Daarom word dit in Latyn eenvoudig genoem *die woorā (verbum)*, wat dus beteken: die woord by uitnemendheid. Die werkwoord gee te kenne:

- (a) 'n werking of handeling: *lees, skryf, slaan, skiet, vang, speel, hoor, dink, voel*;
- (b) 'n bepaalde toestand: *staan, lê, sit, hang, rus, slaap, leef*;
- (c) 'n verandering van toestand: *opstaan, val, rys, daal, aankom, vertrek, smelt, verdroog*.

Opm.—Dieselfde ww. kan dikwels tot meer as een van hierdie groepe behoer, maar dan met verskil van betekenis, bv.:

*trou* (in die huwelik bevestig) val onder (a).

*trou* (in die huwelik tree) val onder (c).

*kook* (die meid kook water) val onder (a).

*kook* (die water kook) val onder (b).

*smelt* (die meid smelt vet) val onder (a).

*smelt* (die vet smelt) val onder (c).

*hang* (hy hang sy hoed op) val onder (a).

*hang* (sy hoed hang aan die kapstok) val onder (b).

Die meeste bewegingsww. gee sowel 'n handeling te kenne, as 'n verandering van toestand, soos: *loop, ry, kruip, spring*, ens.

### Soorte van Werkwoorde.

§ 106. Volgens die diens wat hulle verrig, kan ww. in die volgende hoofsoorte verdeel word:

1. Selfstandige werkwoorde: *Die kind speel*.
2. Koppelwerkwoorde: *Die kind is soet*.
3. Hulpwerkwoorde: *Die kind het geval*.

**Die Selfstandige Werkwoord.**

§ 107. Die selfst. ww. word so genoem, omdat dit 'n werking, toestand of verandering van toestand kan uitdruk sonder die hulp van 'n ander woord. Dit kan dus selfstandig die gesegde van 'n sin uitmaak, terwyl die koppelww. 'n naamwoord nodig het en die hulpww. 'n ander ww. (Vgl. die sinne in die vorige paragraaf). Die grootste gros van werkwoorde val onder hierdie klas.

§ 108. Die selfst. ww. word weer onderverdeel in die volgende soorte:

1. Oorganklike (transitiewe) ww.
2. Onoorganklike (intransitiewe) ww.
3. Wederkerende (refleksiewe) ww.
4. Onpersoonlike ww. (impersonalia).

§ 109. 'n Werkwoord is oorganklik, wanneer die werking wat daardeur uitgedruk word, nie beperk bly tot die handelende persoon of oorsaak van die werking (*onderwerp*) nie, maar oorgaan op 'n ander persoon of saak (*voorwerp*), sodat die laaste op een of ander wyse deur die handeling geaffekteer word.

Voorbeelde van oorganklike ww.:

*Die kind slaan sy maat.*

*Die soldate skiet die spioen dood.*

*Die bliksem tref die huis.*

*Die vlamme verteer die gras.*

*Die vinke vreet die koring op.*

*Die hond vang die haas.*

*Jan eet 'n appel.*

*Piet skryf 'n brief.*

§ 110. 'n Werkwoord is onoorganklik, wanneer die werking wat daardeur uitgedruk word, tot die handelende persoon of oorsaak van die werking beperk bly.

Voorbeelde van onoorganklike ww.:

*Die kind huil.*

*Die soldate vlug.*

*Die bliksem skitter.*

*Die vlamme krul.*

*Die vinke vlieg.*

*Die hond blaf.*

*Jan slaap.*

*Piet staan op.*

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm.—Die terme *subjektief* en *objektief* kan dien om die verskil tussen intransitiewe en transitiewe ww. verder te verduidelik. By 'n subjektiewe (intransitiewe) handeling is geen ander selfstandigheid betrokke nie, as net die onderwerp (subjek).

By 'n objektiewe (transitiewe) handeling is noodwendig nog een of meer ander selfstandighede (objekte) betrokke behalwe die onderwerp.

Tot die subjektiewe ww. behoort in die eerste plek die ww. wat 'n toestand of verandering van toestand te kenne gee [§ 105 (b) en (c)], en verder al die ww. wat 'n handeling te kenne gee, wat heeltemal tot die onderwerp beperk is.

Tot die objektiewe ww. behoort al die ww. wat deur 'n lydende of oorsaaklike voorwerp gevolg kan word. [§ 105 (a)].

§ 111. Sommige ww. kan sowel transitief as intransitief gebruik word, maar dan met verskil van betekenis. Vgl. die volgende sinne:

Transitief.	Intransitief.
<i>Ek brand my vinger</i>	<i>Die vuur brand lekker.</i>
<i>Die hen lê eiers</i>	<i>Die boek lê op die tafel.</i>
<i>Die stuurman draai die wiel</i>	<i>Die tol draai.</i>
<i>Die jagter skiet 'n bok</i>	<i>Die geweer skiet goed.</i>
<i>Die winkelier weeg suiker</i>	<i>Lood weeg swaar.</i>
<i>Hy droog vrugte</i>	<i>Die wasgoed droog in die son</i>
<i>Hy sluit die deur</i>	<i>Die slot sluit sleg.</i>
<i>Hy dryf die skape</i>	<i>Hout dryf op water.</i>

§ 112. 'n Wederkerende (refleksiewe) ww. gee te kenne dat die werking tot die onderwerp terugkeer, dat dus die onderwerp self as voorwerp by sy eie handeling betrokke is. Dit kan toevallig of noodsaaklik wees. Daarom word onderskei tussen Toevallig-wederkerende en Noodsaaklik-wederkerende ww.

In die eerste geval kan die werking ewe goed op 'n ander selfstandigheid as die onderwerp oorgaan; in die tweede geval bly die werking tot die onderwerp beperk.

Daarom sou dit eintlik juister wees om te praat van *transitief-wederkerend* en *intransitief-wederkerend*, want in die eerste geval kan die werking sowel oorganklik as wederkerend wees, terwyl dit in die tweede geval *altyd* onoorganklik is.

## VORMLEER.

Die ww. *was* is wederkerend in die sin: *hy was hom*, maar transitief in die sin: *hy was sy klerere*. *Was* is dus 'n toevallig- of trans.-wederkerende ww.

Die ww. *skaam* in die sin: *ek skaam my, hy skaam hom*, ens., is altyd intransitief (noodsaaklik wederkerend), want 'n mens kan nie 'n ander *skaam* nie. In hierdie geval moet die ww. altyd met 'n vnw. saamgaan.

Opm.—Die term *wederkerend* is in die laaste geval eintlik onjuis, omdat die werking nie kan *terugkeer* as dit tot die onderwerp beperk bly nie. Daarom word sulke ww. ook wel genoem *onegte* wederkerende ww. Tog word die term behou, omdat hierdie ww. dieselfde vorm vertoon as die toevallig-wederkerende ww. (wanneer nie transitief gebruik nie), d.w.s. in albei gevalle moet noodwendig 'n vnw. volg.

Die volgende is enkele voorbeelde van die twee soorte ww.:

*Toevallig-wederkerend*  
(Transitief-refleksief)

*ek skeer my*  
 *jy was jou*  
 *u verdedig u*  
 *hy verwyt hom*  
 *sy bedrieg haar*  
 *ons oefen ons*  
 *julle verbind julle*  
 *hulle verbeter hulle*

*Noodsaaklik-wederkerend.*  
(Intransitief-refleksief)

*ek verwonder my.*  
 *jy vergis jou.*  
 *u skaam u.*  
 *hy ontferm hom.*  
 *sy bevind haar.*  
 *ons verspreek ons.*  
 *julle verbeel julle.*  
 *hulle bekommer hulle.*

Opm.—Dikwels word die aanw. vnw. *self* ter versterking of verduideliking agter die voorwerpsvorm van die pers. vnw. gevoeg: *Hy verwyt homself, ons verspreek onself*, ens. Dat soms dubbelsinnigheid kan ontstaan, blyk uit 'n sin soos: *hy bedrieg hom*, wat ewe goed kan beteken: *A bedrieg B*, as *A bedrieg A*.

In sulke gevalle kan dubbelsinnigheid dus vermy word deur die toevoeging van *self*. Vgl. § 83.

§ 113. Die onpersoonlike ww. (impersonalia) behoort ook tot die onoorganklike klas van ww. Dis 'n eienaardige groep van ww. wat wel 'n werking te kenne gee, maar sonder om die handelende persoon of oorsaak van die werking (onderwerp) te noem. Hierdie ww. word net in die 3e pers. enkelv. gebruik na die onbep. vnw. *dit*, en kom voor:

- (a) In werkinge wat op die natuur betrekking het: *dit reën of reent, hael, donder, blits, kapok, ryp.*
- (b) In onpersoonlike uitdrukkinge: *dit gaan goed, dis koud, dis donker, dit word al dag, dit lyk sleg, dit skeel maar min, dit ontbreek hom aan moed, ens.*

Opm. 1.— Sommige ww. is *loevallig onpersoonlik*: *dit rook, stink, trek, raas, dreun, gons, kraak, kletter, ens.*

As sulke ww. 'n onderwerp het, dan is hulle onoorganklik: *die skoorsteen rook, die water raas, die koeëls gons, die hael kletter, ens.*

Opm. 2.— Enkele onpersoonlike ww. kan ook oorganklik gebruik word, maar alleen in figuurlike sin: *dit reent gelukwense, dit hael klippe, dit sneeu konfetti.*

### Koppelwerkwoorde.

§ 114. Daar bestaan enkele ww. waarvan die oorspronklike betekenis sodanig verswak het, dat hulle hoofsaaklik alleen nog in verbinding met 'n naamwoord 'n toestand of verandering van toestand kan te kenne gee: *die man is kwaad, die pasjent word beter.*

In die eerste sin dien die woord *is* om 'n toestand aan te dui, deur die eienskap *kwaad* aan die selfstandigheid *man* te verbind; in die tweede sin dien die woord *word* om 'n verandering van toestand aan te dui, deur die eienskap *beter* aan die selfstandigheid *pasjent* te verbind. Daarom word *is* en *word* koppelwerkwoorde genoem.

Die vernaamste koppelww. is die woord *is* (*wees*), en sinonieme daarvan (d.w.s. woorde wat min of meer dieselfde betekenis vertoon), soos *word* (d.i. begin te wees), *bly* (d.i. by voortdurende wees), *skyn* en *lyk* (d.i. na die uiterlik te wees), *blyk* (d.i. werklik te wees), *heet* (d.i. in naam te wees) en *voorkom* (d.i. volgens iemand se mening te wees).

Al hierdie koppelww. gee dus net verskillende nuanse in betekenis weer van die grondwoord *is* (*wees*).

§ 115. Die koppelww. word soms nog as selfst. ww. gebruik, maar dan in hulle oorspronklike, onverswakte betekenis. Vgl. die volgende sinne:

Koppelww.	Selfstandige ww.
<i>Die man is oud</i>	<i>Daar is (bestaan) maar één Suid-Afrika.</i> <i>My oom is (woon, bevind hom) in Transvaal.</i>
<i>Die kind word groot.</i>	<i>Alle dinge word (ontstaan) en verword (verander).</i>
<i>Hy bly maar siek.</i>	<i>Hy bly (woon) nog op die ou plek. Ek bly (vertoef) nog 'n rukkie. Ek het my woord gegee en bly (hou) daarby.</i>
<i>Hy skyn of lyk teleurgesteld.</i>	<i>Die son skyn.</i>
<i>Hy blyk goed op die hoogte van die saak.</i>	<i>Die waarheid van sy woorde blyk (kom aan die lig) uit die feite.</i>
<i>Die man heet verstandig, maar sy dade bewys dit nie.</i>	<i>Die vader heet (beveel) sy kind om die werk te doen.</i>
<i>Die saak kom my verdag voor.</i>	<i>Dit kom selde voor (gebeur, is die geval) dat 'n mens honderd jaar oud word.</i>

Opm.—Die koppelww. *lyk* kom nie in Afrikaans as selfst. ww. voor nie, behalwe as *anglisme*: *ek lyk dit nie*.

In Nederlands is dit nog gebruikelik as selfst. ww.: *Dat lykt (beval, aanstaan) my niet*.

§ 116. Wanneer die koppelww. *skyn, lyk, blyk, heet, voorkom* gebruik word in verbinding met die infinitief van die koppelww. *is*, nl. *wees* (i.p.v. in verbinding met 'n naamwoord), dan is hulle geen koppelww. nie, maar modale hulpww. (vgl. § 121): *Hy skyn, lyk, blyk, heet 'n verstandige man te wees; die maatrêl kom my voor verkeerd te wees*.

§ 117. Wanneer selfst. ww. in verbinding met 'n naamwoord optree, dan neem hulle die karakter aan van koppelww., omdat hulle eintlike betekenis dan verlore gaan.

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

So word byv. die selfst. ww. *gaan, staan, val, sit, loop, raak* koppelww. met gewysigde betekenis in die verbindings: *gebuk gaan, verlore gaan, bekend staan, pal staan, lastig val, verleë sit, vol loop, verlore raak*, ens.

Opm.—Wanneer sulke ww. egter reeds 'n vaste samestelling vorm met die naamwoord wat oorspronklik enkel as naamwoordelike deel van die gesegde (vgl. § 203) gediën het, dan is hulle nie meer as koppelww. te beskou nie, maar as intransitiewe, skeidbaar samegestelde ww., byv.:

*weggaan, uitstaan, omval, vasval, losraak, vassit, wegloop, swaarkry*, ens.

§ 118. Die volgende naamwoorde (waaronder ook ander woorde val *met die betekenis* van naamwoorde) kan in verbinding met koppelww. optree:

- (a) Selfst. naamwoorde: *Hy is my neef, sy seun word predikant, Jan bly 'n domoor.*
- (b) Selfst. voornaamwoorde: *Dit is ek, wie is die man? Hierdie hoed is myne.*
- (c) Byv. naamwoorde: *Die man is siek, die huis lyk mooi.*
- (d) Bywoorde (met die betekenis van bnw.): *Die deur is toe, hy word haastig.*
- (e) Deelwoorde (met die betekenis van bnw.): *Die saak skyn verlore, die man is sterwend.*
- (f) Infnitiewe: *Dit is nie te doen nie, die kamer is te huur.*

### Hulpwerkwoorde.

§ 119. Die hulpwerkwoord word so genoem, omdat dit 'n ander werkwoordvorm (infnitief of deelwoord) help om uit te druk:

- (a) dat 'n handeling *needs afgeloop is*, of dat dit *nog moet plaasvind*;
- (b) dat 'n handeling al dan nie *seker, waarskynlik, moontlik, wenslik, noodsaaklik* is nie; d.w.s. op watter manier dit van die *werklikheid* verskil;
- (c) dat 'n selfstandigheid die handeling nie *verrig* nie, maar *ondergaan*.

## VORMLEER.

Die hulpww. dien dus om die tyd, die manier of wyse, en die vorm van die handeling te help bepaal. Daarom word hulle verdeel in:

- (a) Hulpwerkwoorde van tyd.
- (b) " " wyse of modaliteit.
- (c) " " vorm.

§ 120. Die hulpww. van tyd is: *het, is (was), sal (sou)*.

*Het* en *is (was)* gee te kenne dat die werking afge-loop is: *ek het geskryf, hy is gekies, ek was gister dorp toe gewees.*

*Sal (sou)* gee te kenne dat die werking nog moet plaasvind: *ek sal met hom praat, hy sou kom kuier.*

Opm. 1.—*Het* (met die betekenis van *besit*) kom ook voor as selfst. ww.: *Hy het 'n goeie kop.*

Opm. 2.—*Sal* word ook gebruik as modale hulpww. Vgl. die volgende sinne:

*Dit sal môre gebeur—Hy sou gister vertrek het. Dit sal wel gaan—Dit sou kan wees dat hy verhinder is.*

In die eerste twee sinne gee *sal* en *sou* die tyd aan, in die laaste twee die moontlikheid of waarskynlikheid.

§ 121. Die hulpww. van wyse of modale hulpww. (modus = manier, wyse) is: *kan, sal, moet, mag, wil, laat*.

Die volgende sinne kan dien om die modale funksie van hierdie ww. te illustreer:

*Die huis kan elke oomblik instort* (dit is moontlik).

*Hy sal wel voor die storm tuisgekóm het* (dis waarskynlik).

*Hy moet dit maar opdraand gehad het* (dis byna seker).

*Mag hy tog maar slaag in sy onderneming* (dis wenslik).

*Dinge wil maar soms verkeerd loop* (dis moontlik).

*Laat die kind tog wegbly van die water af* (dis wenslik).



## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm. 1.—Uit hierdie sinne blyk dat die ww. *kan, sal, moet, mag, wil, laat* vervang kan word deur *is* plus 'n bywoordelike bepaling van wyse of modaliteit. Daarom word hulle genoem *hulpww. van wyse of modale hulpww.*

Opm. 2.—Wanneer hierdie ww. te kenne gee dat 'n selfstandigheid in staat of verplig is om 'n werking te verrig, dan is hulle nie meer modale hulpww. nie, maar kry hulle die karakter van selfst. ww., wat egter die hulp nodig het van 'n infinitief. In hierdie geval kan hulle genoem word *hulpbehoewende* ww. Vergelyk die volgende sinne met die bowestaande.

*Hy kan* (is in staat) *die werk doen.*

*Hy sal* (is verplig) *die werk doen.*

*Hy moet* (is verplig) *die werk doen.*

*Hy mag* (dit staan hom vry) *die werk doen.*

*Hy wil* (is gewillig) *die werk doen.*

§ 122. Die ww. *skyn, lyk, blyk, heet* fungeer ook as modale hulpww., wanneer hulle nie as koppelww. gebruik word nie; d.w.s. wanneer hulle gevolg word deur 'n infinitief, in plaas van deur 'n naamwoord: *Hy skyn, blyk, heet hom goed te gedra teenswoordig* (dit *lyk asof, dit is bewys, dis 'n gerug*—dat hy hom goed *gedra*).

§ 123. Ook selfst. ww. *kan, wanneer* nie in hulle oorspronklike betekenis gebruik nie, in verbinding met 'n infinitief as modale hulpww. optree. Vergelyk die volgende sinne:

Selfstandig	Modaal.
<i>Die boek behoort aan my</i>	<i>Jy behoort jou te skaam.</i>
<i>Die kaffer dien sy baas trou</i>	<i>Jy dien versigtig te wees.</i>
<i>Hy waag sy lewe</i>	<i>Hy waag om alleen te gaan.</i>
<i>Ek meen wat ek sê</i>	<i>Ek meen te weet dat hy weg is.</i>
<i>Ek sal die middel beproef</i>	<i>Die diëf het beproef om te ontvlug.</i>
<i>Ek sal die perd probeer</i>	<i>Ek sal probeer om die perd te vang.</i>

## VORMLEER.

§ 124. Die hulp ww. van die lydende vorm is *word* en *is*: *Die bome word geplant, die bome is geplant.*

Die eerste dien dus om die onvoltooid, die tweede om die voltooid werking uit te druk. (Vgl. verder § 127).

### VERVOEGING VAN DIE WERKWOORD.

§ 125. Verbuiging, soos ons gesien het, word die vormverandering genoem wat die naamwoorde ondergaan om betekenisverandering uit te druk. Die vormverandering wat die ww. ondergaan om verskil van tyd, wyse of vorm uit te druk, heet *vervoeging* (konjugasie).

Ons het verder in verband met die verbuiging van die snw. en bnw. opgemerk dat Afrikaans baie arm is aan buigingsvorme. Dit geld in nog sterker mate van die ww., veral wanneer ons Afrikaans vergelyk met ouer tale, soos Nederlands byv., om nie eens te praat van die buitengewone vormrykdom van Grieks en Latyn nie.

So vertoon die vervoeging van die Afrikaanse ww. byv. geen verandering van stamklinker nie, op een paar gevalle na, en hoegenaamd geen persoonsverskil en getelsverskil nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Nederlands.

*ik loop*  
*hij loopt*  
*wij lopen*  
*u liep*  
*zij liepen*

Afrikaans.

*ek loop.*  
*hy loop.*  
*ons loop.*  
*u het geloop.*  
*hulle het geloop.*

Uit hierdie voorbeelde blyk dat Nederlands nog gebruik maak van persoonsuitgange (-*t* en -*en*) en verandering van stamklinker (*ie* naas *o*) om aan te dui:

- (a) of die handeling op die oomblik plaasvind (*teenwoordige tyd*) dan wel in die verlede (*verlede tyd*);
- (b) of één persoon (*enkelvoud*) dan wel meer persone (*meervoud*) by die handeling betrokke is;
- (c) of dit die spreker self is (*1e persoon*) dan wel iemand anders (*2e of 3e persoon*).

Nederlands vervoeg (verbuig) dus nog die werkwoordstam om tydsverskil, getalsverskil en persoonsverskil aan te dui.

Afrikaans daarenteen gebruik in die teenwoordige tyd (al die persone, enkel- en meervoud) net die stam van die ww. sonder enige verandering, terwyl die verlede tyd gevorm word met behulp van 'n hulpww. en die voorvoegsel *ge-*. Die laaste (*geloop*) is dus die enigste vormverandering wat die werkwoordstam in hierdie geval ondergaan.

Die onderskeiding wat in Nederlands gemaak word tussen sterk ww. (wat die verlede tyd vorm deur verandering van stamklinker) en swak ww. (wat die verlede tyd vorm deur *-de* of *-te* agter die stam te voeg) bestaan dus nie meer in Afrikaans nie. Enkele ander nog bestaande vormveranderinge in die stam van die Afrikaanse ww. en in die voltooide deelwoord kom later ter sprake.

Opm.— Wanneer ons verklaar dat Afrikaans arm is aan buigingsvorme en vervoegingsvorme, beteken dit egter glad nie dat die taal arm is aan uitdrukkingsvermoë nie. Dit beteken eenvoudig dat Afrikaans hom van ander middele bedien om die verlies van vorme te vervang en te vergoed.

En dat dit daardeur op sigself glad nie verarm is of minder geskik om uiting te gee aan gedagterykdom nie, blyk uit die feit dat Afrikaans nie alleen oor die lengte en breedte van Suid-Afrika as omgangstaal gebruik word nie, maar in steeds toenemender mate ook as skryftaal, skooltaal, kerktaal, wetenskaplike en letterkundige taal.

§ 126. Die ww. word vervoeg om aan te toon:

- (a) die vorm waarin 'n werking plaasvind, d.w.s. of 'n selfstandigheid die werking verrig dan wel ondergaan;
- (b) die tyd waarop 'n werking plaasvind, d.w.s. of dit reeds afgeloop is, nog aan die gang is, of nog moet gebeur;
- (c) die manier waarop 'n mens jou 'n werking kan voorstel, d.w.s. of dit 'n werklikheid is, dan wel 'n wenslikheid, moontlikheid, waarskynlikheid of noodsaaklikheid. Ons onderskei dus by die vervoeging tussen vormverskil, tydsverskil en wyseverskil. Die Afrikaanse ww. vertoon, soos reeds opgemerk, geen persoonsverskil en getalsverskil nie.

**Vormverskil.**

§ 127. In §§ 109 en 110 het ons gesien dat sommige ww. oorganklik is en ander onoorganklik. Die oorganklike ww. kan in tweeërlei vorm voorkom: bedrywend (aktief) en lydend (passief). In die eerste geval gee die ww. te kenne dat 'n selfstandigheid die werking *verrig*, dus *aktief* optree; in die tweede geval dat die selfstandigheid die werking *ondergaan*, dus *passief* bly.

Die volgende voorbeelde kan dien om hierdie vormverskil te illustreer:

Bedrywende Vorm.	Lydende Vorm.
<i>Die meester straf die kind</i>	<i>Die kind word deur die meester gestraf.</i>
<i>Die meester het die kind gestraf.</i>	<i>Die kind is deur die meester gestraf.</i>
<i>Die meester sal die kind straf.</i>	<i>Die kind sal deur die meester gestraf word.</i>
<i>Die meester sou die kind straf.</i>	<i>Die kind sou deur die meester gestraf word.</i>
<i>Die meester sou die kind gestraf het.</i>	<i>Die kind sou deur die meester gestraf geword het.</i>

Uit hierdie voorbeelde blyk dat die passief gevorm word deur middel van die hulpww. *word* en *is* plus die voltooide deelwoord van die ww. (*gestraf*). Die enigste verandering wat die *vorm* van die ww. ondergaan om die passief uit te druk, is dus die toevoeging van *ge-* tot die stam. Waar ouer tale heeltemal *afsonderlike vorme* gehad het (vgl. byv. Latyn: *laudo* = *ek prys*, *laudor* = *ek word geprys*, *laudabam* = *ek het geprys*, *laudabar* = *ek is geprys*, ens.), gebruik Afrikaans dus hoofsaaklik ander woorde (hulpww. en voltooide deelwoorde) om die vormverlies te vergoed (vgl. opm. onder § 125).

Opm. 1.—Hoewel net oorganklike ww. in die lydende vorm kan voorkom, word ook onoorganklike ww. dikwels in die lydende vorm gebruik. Dit gebeur egter net in die 3de pers. enkelv. en sonder vermelding van die lydende selfstandigheid (onderwerp), omdat daar in hierdie geval geen sprake kan wees van die *onder-*

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

*gaan* van 'n werking nie. Die werking is dus maar skynbaar passief, want die ww. is onoorganklik. Daarom moet die ww. altyd vergesel wees van 'n bywoord of ander bepalende woord: *Hier word nie gerook nie; daar word geklop; waar word so baie geraas?*

Sulke vorme word genoem *onegte* of *onpersoonlike lydende vorme*.

Opm. 2.—Ww. in die lydende vorm het dieselfde woord as onderwerp wat as voorwerp voorkom, wanneer die ww. in die bedrywende vorm gebruik word: *Die kind slaan die hond—die hond word deur die kind geslaan.*

In die eerste sin is *hond* voorwerp, in die tweede onderwerp. Hieruit kan 'n mens gewoonlik opmaak of 'n ww. oorganklik is.

### Tydsverskil.

§ 128. 'n Mens kan jou 'n handeling voorstel as gebeurende: (a) in die hede, (b) in die verlede, (c) in die toekoms, en (d) as toekomstig in die verlede.

Verder kan 'n handeling in al vier gevalle beskou word as nog aan die gang of reeds afgeloop. Ons kry dus op die manier *agt* verskillende tye wat as volg aangedui word (ter vergelyking volg ook die korresponderende Latynse vorme):

- |                                |   |
|--------------------------------|---|
| a. 1. Onvolt. Teenw. Tyd:      | <i>ek skryf.</i>  |
| 2. Voltooid „ „                | <i>ek het geskryf.</i>  |
| b. 1. Onvolt. Verlede Tyd:     | <i>ek het geskryf</i><br>(was besig met skryf), <i>toe hy hier kom.</i> |
| 2. Voltooid „ „                | <i>toe ek al geskryf het</i> (klaar was met skryf), <i>kom hy hier.</i> |
| c. 1. Onvolt. Toekom. Tyd:     | <i>ek sal skryf.</i>  |
| 2. Voltooid „ „                | <i>ek sal geskryf het.</i>  |
| d. 1. Onvolt. Verl. Toek. Tyd: | <i>ek sou skryf.</i>  |
| 2. Voltooid „ „                | <i>ek sou geskryf het.</i>  |

Opm.—Omdat die twee verlede tye in Afrikaans presies dieselfde vorm het as die voltooid teenwoordige tyd word bywoorde soos *toe, al, reeds, nadat* gebruik om die handeling in die verlede te verplaas.

## VORMLEER.

Die volgende is die Latynse benaminge en werkwoord-vorme wat met die voorgaande ooreenkom:

- |    |                                    |                      |
|----|------------------------------------|----------------------|
| a. | 1. Praesens:                       | <i>scribo.</i>       |
|    | 2. Perfectum:                      | <i>scripsi.</i>      |
| b. | 1. Imperfectum:                    | <i>scribebam.</i>    |
|    | 2. Plusquamperfectum:              | <i>scripseram.</i>   |
| c. | 1. Futurum:                        | <i>scribam.</i>      |
|    | 2. Futurum exactum:                | <i>scripsero.</i>    |
| d. | 1. Futurum praeteritum:            | <i>scriberem.</i>    |
|    | 2. Futurum exactum<br>praeteritum: | <i>scripsissent.</i> |

§ 129. Soos uit die voorgaande voorbeelde blyk, is die enigste verandering wat die vorm van die ww. skryf ondergaan, om tydsverskil uit te druk, dat dit die voorvoegsel ge- aanneem (net soos by die vormverskil. Vgl. § 127). Verder word gebruik gemaak van hulpww. van tyd (vgl. § 120), en van bywoorde.

Hier blyk dus weer dat Afrikaans, hoewel arm aan vorme in vergelyking met Latyn (wat al die verskille van wyse, vorm, tyd, persoon en getal uitdruk deur vormverandering van die ww.), tog in staat is om dieselfde grade van tydsverskil uit te druk as Latyn, omdat dit van ander middele as vormverandering gebruik maak. In die volgende paragrawe sal enkele nog bestaande reste van vormverandering bespreek word.

§ 130. Die onvult. teenw. tyd (*praesens*) gee te kenne dat 'n handeling op die oomblik nog aan die gang is. Dit word gewoonlik uitgedruk deur die eenvoudigste vorm van die ww., die stam: *ek, jy, hy, ons, julle, hulle loop, sit, staan, speel, lees, skryf*, ens.

Opm. 1.—In die volgende gevalle vertoon die ww. in Afrikaans nog vormverandering in die teenw. tyd:

(1) Ww. op *-n*, soos *gaan, slaan, staan, doen, sien, bestaan, vergaan*, ens. kan ook op *-t* uitgaan, hoewel dit minder gebruiklik is.

Heel gewoon is egter die gebruik van *begint* naas *begin*, *reent* naas *reën*. So ook *behoort* naas *behoor*.

(2) Ww. op *-f* kan ook op *-we* uitgaan:

*skryf* — *skrywe*, *vryf* — *vrywe*, *laaf* — *lawe*, *leef* — *lewe*, *bederf* — *bederwe*, *beloof* — *belowe*, ens.

Albei vorme is ewe gebruiklik. Enkele ww. onder hierdie klas het egter reeds verder vereenvoudig, en vertoon raas die *f*-uitgang 'n vorm sonder endkonsonant:

*geef* — *gee*, *geloof* — *glo*, *blyf* — *bly*. Die eenvoudigste vorm is in hierdie geval die mees gebruiklike. Vgl. § 57.

(3) Ww. op *-g* vertoon naas hierdie uitgang 'n vorm op *-e*, met uitstoting van die *g*:

*saag* — *sae* (uit *sage*), *eg* — *êe* (uit *egge*), *ryg* — *rye* (uit *ryge*), *bedrieg* — *bedrieë* (uit *bedriege*), *buig* — *buie* (uit *buige*), *ploeg* — *ploeë* (uit *ploege*), *berg* — *bêre* (uit *berge*).

Van enkele ww. is al drie vorme nog min of meer gebruiklik, soos byv. *terg* — *terge* — *têre*, *sorg* — *sorge* — *sôre*. Die gebruik van een of ander vorm hang van die streek af. So is byv. *bêre*, *têre*, *sôre* heeltal gewoon in die Boland, maar minder in die Noorde.

Onder hierdie klas is daar verskillende ww. wat die *e* — uitgang reeds heeltal verloor het, en waarvan die vorm sonder konsonant veel gebruikliker is as die vorm op *-g*, byv.:

*dra* (*draag*), *kla* (*klaag*), *lê* (*leg*), *sê* (*seg*), *vee* (*veeg*), *kry* (*kryg*).

(4) Die teenw. tyd van *hê* en *wees* is *het* en *is*: *ek het baie werk*, *ek sal na die vakansie baie werk hê*; *ek is bly*, *ek sal bly wees*.

Opm. 2.—Daar is verder verskillende ander ww. wat heeltal die oorspronklike endkonsonant, sowel as die *e*-uitgang, verloor het, byv. *gly*, *ly*, *lei*, *ry*, *sny*, *sprei*, *vermy*, *hou*, *smee*, *laai*, *baai*, ens. Vgl. § 57.

§ 131. Die volt. teenw. tyd (*perfectum*) gee te kenne dat 'n handeling op die oomblik net afgelopen is. Dit word uitgedruk deur *het* plus *voltooide deelwoord* (in die aktief) en *is* plus *volt. deelw.* (in die passief):  
*ek het die brief gepos* — *die brief is gepos*.

§ 132. Die onvolt. verlede tyd (*imperfectum*) gee te kenne dat 'n handeling in die verlede nog aan die gang was, toe 'n daaropvolgende handeling begin het. Dit word op die volgende maniere uitgedruk:

## VORMLEER.

(a) Deur toe plus teenw. tyd: *Toe hy dit sê, lag al die mense* (Ned. *Toen hij dit zeide, lachten al de mensen*). Uit hierdie sin blyk dat die imperf. in albei gevalle deur die praesens kan uitgedruk word, omdat die woordjie *toe* die skynbaar teenwoordige handeling in die verlede verplaas.

(b) Deur die volt. teenw. tyd: *Ek het geslaap, toe die ongeluk gebeur het* (Ned. *Ik sliep toen het ongeluk gebeurde*). Ook hier verrig die woordjie *toe* dieselfde diens as in die eerste geval.

(c) Deur die historiese praesens, d.i. die verhalende teenw. tyd, wat baie dikwels in Afrikaans aangewend word in vertelstyl. Die skrywer of spreker beskryf dan iets wat in die verlede plaasgevind het asof hy dit op die oomblik sien gebeur, waardeur die lewendigheid en aanskoulikheid van die voorstelling verhoog word.

Die volgende aanhaling kan dien om dit te illustreer: *"'n Kwartier later val die voordeur van Rietfontein toe, en Piet Marais stap haastig die stoep af na sy perd. Gou-gou maak hy die teuels los waarmee hy die perd vasgebina het, spring in die saal en druk die reeds vinnige vos met sy hakke in die ribbe en vlie weg die vaalpad langs soos een wat 'n nare tyding na die plek van die ongeluk roep."* (Malherbe: *Vergeet Nie*, p. 43).

(d) Deur middel van die ww. *was, wou, kon, moes, dog (dag), wis*:

*Hy was aan ploeg, toe ek daar kom.*

*Hy wou nie daarvan hoor nie.*

*Hy kon maar nie oor die ding kom nie.*

*Ons moes baie sukkel om weg te kom.*

*Ek dog (dag) jy wis daarvan.*

Opm. 1.—Die teenw. tye van hierdie ww. is: *is, wil, kan, moet, dink, weet*. Dis die enigste voorbeelde in Afrikaans van werkwoordstamme wat nog verandering van stamklinker ondergaan (behalwe *moes*) om die verlede tyd uit te druk.

Dieselfde vormverandering het ons verder in *sou* en *mog*. Die eerste druk die verlede toek. tyd uit en kom verder in die aanvoegende wys voor (vgl. § 140), die tweede kom alleen voor as modale hulppw.: *mog dit hom tog maar geluk!* (vgl. § 121).



Opm. 2.—Die onafrikaanse vorm *werd* kom nog dikwels in die skryftaal voor onder Nederlandse invloed. Die gebruik daarvan is egter nie noodsaaklik nie, aangesien dit orals vervang kan word deur *is*, *word* of *het geword*.

Opm. 3.—*Had* kom nog in die spreektaal voor in voorwaardelike of wensende sinne, maar dis veel gebruikliker om dit te omskryf deur die perfektum, bv.: *As ek tyd gehad het*, (i.p.v. *as ek tyd had*), *sou ek dit doen*.

*As ek dit maar geweet het* (i.p.v. *had ek dit maar geweet*).

§ 133. Die volt. verlede tyd (*plusquamperfectum*) gee te kenne dat 'n handeling reeds afgeloop was, toe 'n daaropvolgende handeling in die verlede begin het. Dit word op die volgende twee maniere uitgedruk:

(a) Deur die perfektum met behulp van 'n byw.: *Toe hy klaar gepraat het, was almal oortuig. Nadat die vergadering die saak bespreek het, is dit tot stemming gebring.*

(b) Deur was plus voltooide deelwoord met of sonder behulp van 'n byw.: *Nadat die saak bespreek was, is dit tot stemming gebring.*

*Die saak was reeds* (of *al*) *beklonke, toe ek daar kom.*

Opm.—Soos uit hierdie voorbeelde blyk, het ons twee middele om 'n handeling in die plusquamperfectum te verplaas: deur dit te laat voorafgaan aan 'n handeling wat reeds in die verlede lê, en daarby nog gebruik te maak van bywoorde, soos *toe*, *nadat*, *reeds*, *al*, ens.

Daar hoef dus geen dubbelsinnigheid in die voorstelling van so'n handeling in die meer as verlede tyd (plusquamperfectum) te ontstaan nie. Daarom is die gebruik van die nog by sommige skrywers voorkomende Nederlandse vorm *had* oorbodig.

Langenhoven byv. gebruik nog *had*, maar nie konsekvent nie. Vgl. die volgende voorbeelde uit *Ons weg deur die wêreld*, dl. 1: *toe hy my 'n pyppol Magaliesberg aangepresenteer had* (p. 4); *nadat hy diè uitgerook had* (p. 52); *nadat ek 'n paar aanmerkings gemaak het* (p. 7); *nadat my ou vrou dit sekuur uitgemeet het* (p. 162).

Dieselfde inkonsekwente gebruik tref 'n mens ook by Preller aan. Die volgende voorbeelde is ontleen aan *Oorlogsoormag* (1923): *Hulle het al 'n bietjie langer gedraai as veilig was* (p. 15); *nadat hulle hul by die ander manne vervoeg had* (p. 35);

*nadat hul nog 'n rukkjie gesit en gesels het..., gaan hy slaap, maar nie voordat hy eers sy eie perd versorg had in die stal (p. 53); nadat die veldkornet en Piet hul perde ook so'n bietjie laat rus 't (p. 72); toe hul so 'n paar duisend tree gevorder had (p. 90); nadat hul die posiesie goed opgeneem 't (p. 80).*

§ 134. Die onvolt. toek. tyd stel 'n handeling voor as toekomstig, en word uitgedruk deur *sal* plus die *infinities*: *hy sal my laat weet; ek sal aan jou skrywe.*

Opm.—Dikwels word 'n toekomstige handeling deur die praesens uitgedruk, met behulp van 'n byw. bepaling wat die handeling in die toekoms verplaas: *ek gaan môre dorp toe; ons kom netnou.*

§ 135. Die volt. toek. tyd stel 'n handeling voor as afgelopen in die toekoms, en word uitgedruk deur *sal* plus die *voltooide tyd van die infinities* (d.i. die *volt. deelw. plus het*): *Voor ek gaan slaap, sal ek my les geleer het; volgende week sal ons die eksamen klaar geskryf het.*

§ 136. Die onvolt. verlede toek. tyd stel 'n handeling voor as toekomstig in die verlede, en word uitgedruk deur *sou* plus die *infinities*: *ons sou gister dorp toe gaan, maar toe begin dit te reent; volgens sy brief sou hy vandag hier aankom.*

§ 137. Die volt. verlede toek. tyd stel 'n handeling voor as toekomstig en afgelopen in die verlede, en word uitgedruk deur *sou* plus die *voltooide tyd van die infinities* (d.i. die *volt. deelw. plus het*):

*Ons sou vandag op die dorp gewees het, as dit nie begin te reën het nie; volgens sy brief sou hy gister vertrek het.*

#### Wyseverskil.

§ 138. Daar is vyf verskillende maniere of wyse waarop 'n werking wat deur 'n selfstandigheid verrig of ondergaan word, voorgestel kan word, nl.:

- (a) Die Aantonende Wys (indikatief).
- (b) Die Aanvoegende Wys (konjunktief).
- (c) Die Gebiedende Wys (imperatief).
- (d) Die Onbepaalde Wys (infinities).
- (e) Die Deelwoord (partisiepium).

§ 139. Die aantonnende wys (*indikatief*) stel 'n werking voor as 'n werklikheid (in die hede, verlede of toekoms, aktief of passief): *Die kinders leer, word geleer, het geleer, is geleer, sal leer, sal geleer word*, ens.

§ 140. Die aanvoegende wys (*konjunktief*) stel 'n werking voor as 'n onsekerheid; dus nie as 'n werklikheid nie, maar as wenslik, moontlik, onmoontlik, waarskynlik, voorwaardelik, ens. (in die hede, verlede of toekoms, aktief of passief):

(a) As n' wens: *Leef gelukkig! Dit gaan jou goed! As ek tog maar net my eksamen kan deurkom! Het ek dit tog maar geweet! As hy dit net kon (of wou) begryp! Mag dit hom geluk! Was hy maar verstandiger!*

(b) As 'n moontlikheid: *Miskien kom hy nog. Dalk het hy dit vergeet. Straks kan hy jou help. Sou hy nog aan my dink? Dit mag wees. Ek twyfel of dit veel sal help.*

(c) As 'n onmoontlikheid: *Was alle mense tog maar verstandig! Kon ek maar my lewe weer begin! "Og, was ek weer as sondaar klein!"*

(d) As 'n waarskynlikheid: *Dit sal wel nie so erg wees nie. Jy sal hom vermoedelik nie tuis kry nie. Hy meen dit seker goed. Hy moet nou al op die dorp wees.*

(e) As 'n voorwaarde of veronderstelling: *As jy maar net jou bes wil doen, sal dit wel gaan. Jy mag nou gaan speel, mits jy vanaand jou les leer. Was dit nie terwille van jou nie, sou ek dit nooit gedoen het nie. Al maak jy ook wat, ek sal nie gaan nie.*

Opm. 1.—Soos uit die voorgaande sinne blyk, is daar geen verskil tussen die aantonnende en aanvoegende wys, wat betref die werkwoordvorm nie. Daar is egter 'n duidelike verskil in betekenis wat hoofsaaklik teweeg gebring word deur die woordorde van die sin, deur modale hulpww. en deur bywoorde van modaliteit (voorstellingswyse), soos *stellig, moontlik, waarskynlik, seker, dalk*, ens.

Opm. 2.—Alleen in enkele geykte uitdrukkinge het ons nog die vorm *sy* as aanvoeg. wys van *is*: *hoe dit ook s y; die genade van die Here s y met u!*

Verder word deur die Afrikaanse Bybelvertaling die Ned. vorm *worde* gebruik, byv. in: *U Naam worde geheilig!*

§ 141. Die gebiedende wys (*imperatief*) stel 'n werking voor as 'n bevel, verlange, versoek of bede in die teenw. tyd, hoewel die uitvoering daarvan ook betrekking kan hê op die verlede of toekoms:

*Kom hier! Hardloop! Luister! Pasop vir jou! Maak dat jy wegkom! Sal jy asseblief gou maak? Jy moet môre vroeg opstaan. Laat hom loop! Het ek jou nie gesê om dit nie te doen nie? Gee ons elke dag ons daelikse brood.*

Opm.—Die aantone, aanvoegende en gebiedende wyse bepaal dus almal die aard van 'n werking ten opsigte van die werklikheid, nl. of dit 'n werklikheid is of nie, of gewens word dat dit werklikheid sal word, of bevel of versoek word dat dit werklikheid sal word.

§ 142. Die onbepaalde wys (*infinitief*) noem alleen 'n werking, sonder vermelding van 'n bepaalde selfstandigheid wat die werking verrig of ondergaan. Omdat die werking onbepaald is, en dus in 'n sekere sin selfstandig (vgl. § 67), dra dit die karakter van 'n snw. sowel as van 'n ww. Dit blyk o.a. daaruit dat die infinitief as *verbale substantief* vroeër verbuig kon word, soos nog te sien is in enkele staande uitdrukkinge, byv.: *tot vervelens toe, tot barstens toe, tot walgens toe, strydensmoede, swerwensmoede*; en dat dit heeltemal die karakter van 'n snw. kan aanneem, soos blyk uit: *die ete is klaar, die menslike lewe is wisselvallig, ons doen en late openbaar ons karakter.*

Volgens die diens wat dit verrig, kan dus onderskei word tussen die naamwoordelike (*nominale*) en werkwoordelike (*verbale*) funksie van die infinitief.

### **Naamwoordelike Funksie van die Infinitief.**

§ 143. Met en sonder *te* of *om te* kom die infin. in die betekenis van 'n naamwoord voor in die volgende gevalle:

1. As onderwerp: *werk is geen skande nie; dis geen skande om te werk nie.*

2. As lydende of oorsaaklike voorwerp: *ons het hoor skiet, hy leer swem, ek meen te weet, hy weier om te betaal, ek is bly om jou te sien.*

3. As naamwoordelike deel van die gesegde: *die kinders is aan speel, hy skyn baie te sukkel, sy werk is om sldape op te pas, die saak bly te betreur, dis om wanhopig te word.*

4. As bepaling van gesteldheid:

(a) Sonder te of om te na waarnemingsww. soos *sien, hoor, voel*; en ww. wat 'n veroorsaakte handeling te kenne gee, soos *doen, laat, help*: *ek het die man sien loop, hoor praat; ek het my hart voel klop; hy het my doen beseft, laat verstaan, help insien.*

(b) Met en na die ww. *staan, sit, lê, loop*: *hy staan en praat, sit en gesels, lê en lees, loop en rondkyk.*

Ons het hier eintlik met 'n dubbele gesegde te doen wat ook in Middelnederlands, en af en toe nog in die 17de eeuse Nederlands, voorkom, maar later heeltemal vervang word deur *te plus infinitief*, bv.: *Hi lach daar ende weende; wolf lag en sliiep.*

5. As byvoeglike bepaling:

*Die te behale pryse was vóór die wedstryd te sien* (hierdie vorm kom selde voor); *die kans om te wen is maar klein; dis 'n mooi vaas om blomme in te sit; hy verstaan die kuns om te resiteer.*

6. As bywoordelike bepaling (na voorsetsels):

(a) Van tyd: *Alvorens die saak te bespreek; na die saak te bespreek het* (hier kan alleen die voltooidde vorm van die infin. voorkom, omdat die handeling reeds afgeloop is).

(b) Van omstandigheid: *Hy is weg sonder om te groet; in plaas van sy werk te doen. loop hy rond.*

(c) Van doel: *'n Mens eet om te lewe, en leef nie om te eet nie; hy waag alles ten einde sy doel te bereik.*

(d) Van oorsaak of middel: *deur te hardloop, het hy nog betyds gekom; met of deur pad te gee, het hy die ongeluk voorkom.*

**Werkwoordelike Funksie van die Infinitief.**

§ 144. Met en sonder *te* kom die infin. as werkingswoord voor in die volgende gevalle:

1. Na hulpww. van tyd: *Hy het gaan slaap; dit is te begryp; dit was te voorsien; hy sal dit doen.*

2. Na ww. wat die karakter van hulpww. aanneem: *Hy kom vanmiddag by ons eet; hy gaan vroeg slaap; hy dwing my om saam te gaan.*

3. Na modale hulpww.: *Hy kan, sal, mag, moet verhinder wees, anders was hy al hier.* (Vgl. verder die sinne in §§ 121 — 123).

§ 145. Wanneer die infinitief gebruik word om 'n werking as afgeloop voor te stel, vertoon dit 'n ander vorm as die gewone. Hierdie voltooide tyd van die infinitief word gevorm deur *te* plus *volt. deelw.* plus *het*, en kom hoofsaaklik voor na die ww. *hoef, behoort, skyn, blyk* en die byw. *na*:

*Jy hoof die werk nie te gedoen het nie.*

*Jy behoort dit te geweet het.*

*Hy skyn daarvan te gehoor het.*

*Hy blyk dit te gesien het.*

*Na die saak te bespreek het.*

*Na 'n tyd afwesig te gewees het.*

Opm. 1.—In Nederlands is die woordorde in hierdie geval anders. Vgl. die volgende sinne:

*Jij behoort het geweten te hebben.*

*Hij schijnt daarvan gehoord te hebben.*

*Hij blijkt het gezien te hebben.*

*Na 'n tijd afwezig te zijn geweest.*

Wanneer ons dus in Afrikaans *te hê* aantref, bv.: *Jy behoort dit gesien te hê, hy skyn daarvan gehoor te hê*, ens., is sodanige gebruik ongetwyfeld die gevolg van Ned. invloed.

Opm. 2.—Hoewel *hê* die infin. vorm is van die ww. *het*, kom die laaste (behalwe in die reeds genoemde geval) ook as infin. voor in voltooide tye van die aant. en aanvoeg. wyse: *ek kan, kon, sal, sou, wil, wou, moet, moes, mag, hê skryf, loop, speel*, ens.;

maar: *ek kon, sou, wou, moes gehad het, geskryf het, geloop het, gespeel het*, ens.

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

In hierdie geval is *gehad hel, geskryf hel*, ens. nie voltooide tye van die onbepaalde wys (infinitief) nie, soos die geval is met *te gedoen hel, te geweet hel*, ens. in § 145; maar voltooide tye van die aant. of aanvoeg. wyse.

Ons het hier dus te doen met 'n *verbum finitum* en nie met die *verbum infinitum* nie.

§ 146. In § 130 het ons die reste van vormveranderinge bespreek wat nog in die onvolt. teenw. tyd voorkom. Aangesien die infin. in Afrikaans hoofsaaklik dieselfde vorm vertoon as die praesens, is die veranderinge wat daar bespreek is, ook van toepassing op die infin.

Daar is egter 'n paar gevalle waar die infin. geen dubbelvorme toelaat, soos die praesens nie, nl. die volgende:

(a) By die ww. in § 130 (1) genoem, kom alleen die *n*- vorm in die infin. voor.

(b) By die ww. in § 130 (2) genoem, is die *f*- vorm minder gebruiklik in die infin.

(c) By die ww. in § 130 (3) genoem, kom die *g*- vorm selde voor in die infin.

Opm. 1.—By ww. wat op *-d* uitgaan, vertoon die infin. soms nog 'n *e*- vorm, bv.:

*Dis nêrens te vinde nie, 'n mens moet kwaad met goed vergelde.*

Opm. 2.—In enkele staande uitdrukkinge vertoon die infin. 'n *e*- vorm wat nooit in die praesens voorkom nie, bv.: *Sy gesondheid laat veel te wense oor; sy is nog te bekomme; ek was jou te wagte; hy het my soveel te kenne gegee; dis te hope, te begrype; dis daaraan te danke, te wyte; sy doen en late.*

## DIE DEELWOORD (PARTISIEPIUM).

§ 147. Die deelwoord stel 'n werking voor as ver-  
rig of ondergaan deur 'n bepaalde selfstandigheid, egter sonder dat dit op sigself in staat is om die tyd van die werking te bepaal. Die laaste kan alleen gebeur deur middel van hulpww. en bywoorde.

Die deelw. vertoon, soos die naam reeds aandui, gedeeltelik die karakter van 'n ww., en gedeeltelik dié van 'n naamwoord (hoofsaaklik van 'n bnw., maar ook van ander naamwoorde, soos straks sal blyk). Dit vervul dus 'n tweeledige funksie, net soos die infin., nl. 'n werkwoordelike en 'n naamwoordelike funksie.

## VORMLEER.

§ 148. Daar bestaan twee soorte van deelwoorde: (a) onvoltooide en (b) voltooide. Die eerste stel 'n werking voor as nog aan die gang: *lesende, skrywende, siende, staande*; die tweede stel 'n werking voor as afge-loop: *gelees, geskryf, gesien, gestaan*.

Soos uit die voorbeelde blyk, word die onvolt. deelw. gevorm deur die *infin.* plus die uitgang *-ende* of *-de*, en die volt. deelw. deur *ge-* plus die *infin.* Hiervan afwykende formasies word later bespreek.

Opm.—Die tradisionele terme *teenwoordige* en *verlede* deelwoord word teenswoordig al meer vervang deur die terme *onvoltooide* en *voltooide* deelwoord. Hierdie benaminge is ongetwyfeld veel juister as die eerste, omdat soos reeds opgemerk, die deelw. op sigself geen *tyd* aandui nie, maar alleen te kenne gee dat 'n werking aan die gang of afgeloop is, dus onvoltooid is of voltooid.

Buitendien kan 'n werking voorgestel word as *voltooid* nie alleen in die *verlede* nie, maar ook in die *hede* en selfs in die *toekoms* (vgl. § 128), en daarom kan 'n mens moeilik van so 'n werking in die hede of toekoms praat as *verlede*, wel as *voltooid*. Dis dus veel beter om die terme *teenwoordig* en *verlede* alleen te gebruik waar daar sprake is van *tyd*. Om hierdie redes het ons die tradisionele terme vervang deur *onvolt.* en *voltooid*.

### Die Onvoltooide Deelwoord.

§ 149. Die onvolt. deelw. het feitlik heeltemal, wat sy funksie betref, sy suiwer werkwoordelike karakter verloor, en verrig alleen nog maar die diens hoofsaaklik van 'n bnw. Want al gee byv. die onvolt. deelw. *spelende* in 'die uitdrukking *spelende kinders* logies 'n werking te kenne, grammatikaal is dit niks anders nie as 'n byvoeglike bepaling by *kinders*; m.a.w. kragtens sy betekenis vertoon dit nog wel die karakter van 'n werkingswoord, maar kragtens sy funksie is dit 'n naamwoord, in hierdie geval 'n bnw.

Die onvolt. deelw. kom voor:

1. As attributiewe bnw.: *'n dreigende houding, 'n aanhoudende reent, 'n knarsende geluid, 'n naderende gevaar, die ondergaande son, oorhangende takke, blaffende honde*.



As sodanig kan dit ook verbuig word om trappe van vergelyking uit te druk: 'n innemender uiterlik, 'n ondeuender kind, 'n indrukwekkender beskrywing, 'n weifelender houding, 'n welwillender toon, treffendste, uitstekendste, dringendste, onbeduidendste, ens.

Opm.—In sommige gevalle is die werkwoordelike karakter van die onvolt. deelw. nog duidelik te sien, terwyl dit in ander gevalle glad nie meer sigbaar is nie. Vgl. naas mekaar:

'n brandende huis — 'n brandende vraagstuk.

'n gapende mond — 'n gapende wond.

'n vallende steen — vallende siekte.

'n laggende persoon — 'n laggende toekoms.

## 2 As predikatiewe bnw.:

*Die man is nog altyd lydende; die kranke is sterwende; hy skyn horende doof en siende blind; al brommende stap hy die huis uit; die vraagstuk word brandend; die uitspraak is beslissend; die tyding was verpletterend; die man is welsprekend; die gebeurtenis is aanstaande; sy kennis lyk voldoende.*

Opm.—Attributief neem die onvolt. deelw. altyd 'n *-e*, maar predikatief kom dit sowel met as sonder *e* voor, soos uit voorgaande voorbeelde blyk.

Dis moeilik om die tweede geval onder bepaalde reëls te bring, omdat die gebruik van die vorm met of sonder *e* onvas is.

Ons vernaamste skrywers vertoon egter 'n duidelike neiging om die vorm op *e* te gebruik, wanneer die deelw. meer as bnw. gevoel word, en die vorm sonder *e*, wanneer dit meer as byw. gevoel word, hoewel hierdie onderskeiding nie konsekwent deurvoer word nie.

3. As selfst. naam w. (hierdie gebruik is beperk):  
*As gevolg van die oorlog is daar baie hulpbehoewendes en noodlydendes in Duitsland; hy is een van die hardwerkendes; sterwendes en gewondes lê deurmekaar op die slagveld; hy gaan te kere soos 'n rasende.*

Opm.—Die onvolt. deelw. het vroeër op *-and* uitgegaan, soos blyk uit die woorde:

*Heiland* (die helende), *vyand* (die vyende = hatende), *vriend* (die vryende = liefhebbende).

Hier het dit dus reeds heeltemal sy werkwoordelike karakter verloor.

4. As bywoord of voorsetsel:

*Hy het sy werk uitstekend gedaan; dit was ontsettend moeilik; dit het 'n paar daelank aanhoudend gereent; die gehoor het baie belangstellend geluister; die bakoond is gloeiend warm; gedurende, aangaande, betreffende, nieteenstaande.*

Opm.—As byw. neem die onvolt. deelw. geen *e* nie, as voorsetsel wel. In die laaste geval is die werkw. karakter daarvan nie meer te sien nie.

**Die Voltooide Deelwoord.**

§ 150. Die volt. deelw. vervul nog 'n werkwoordelike sowel as 'n naamwoordelike funksie. As werkingswoord kom dit voor in verbinding met hulpww. en dien:

1. Om voltooide tyē te vorm:

*Hy het geskryf; hy sou geskryf het; hy kon die vraag beantwoord het; hy moes hom misgis het; ek het jou verkeerd verstaan; hy het sy straf ondergaan; die son het al ondergegaan.*

2. Om die lydende vorm uit te druk:

*Hy word geslaan, venaag, beroof, mishandel, onderkruip, ens.*

*Hy is gedagvaar, aangestel, mislei, omgehaal, betrap, agtervolg, ens.*

Opm.—Soos uit hierdie voorbeelde blyk, word die volt. deelw. gevorm:

(a) Deur die voorvoegsel *ge-* plus die infin.: *geskryf, geëet, geëis, geantwoord, gewanhoop, gewantrou, geherberg, geraadpleeg, gehandhaaf, gegekskeer, ens.* By skeidbaar samegestelde ww. [vgl. § 178 a. (1)] staan *ge* tussen die twee dele van die samestelling: *meegedeel, goedgekeur, aangestel, omgepraat, doodgeslaan, ajgeneem, losgemaak, toegestaan, ens.*

(b) Sonder die voorvoegsel *ge-* by die afgeleide ww. wat reeds voorsien is van een van die voorvoegsels:

*be-, ge-, er-, her-, ont-, ver-:*

*bespreek, beloof beskou; gebruik, gesels, gelas; erken, erbarm, erlang; herinner, herhaal, herken; verlang, versorg, verstaan, ens.*

(c) Sonder die voorvoegsel *ge-* by ww. wat onskheidbaar saamgestel is met ander as die onder (b) genoemde voorvoegsels:

*aanvaar, agtervolg, mishandel, onderhandel, oortref, omhels, volhard, voorspel, weerspreek, ens.*

By die klas ww. onder (b) en (c) genoem, bestaan daar geen verskil in vorm tussen die infin., die praesens en die volt. deelw. nie: *Dis aangenaam om te gesels—ek gesels graag—ons het lekker gesels; ek is van plan om die betrekking te aanvaar—ek aanvaar die betrekking—ek het die betrekking aanvaar.*

### Naamwoordelike funksie van die volt. deelwoord.

§ 151. As naamwoord verrig die volt. deelw. dieselfde funksies as die onvolt. deelw. Dit kom dus voor:

1. As attributiewe bnw. (altyd met *e*. Vgl. § 152 oor die verbuiging van die volt. deelw.):

*Geploegde grond, gedane sake, 'n gegewe belofte, 'n aangestelde onderwyser, 'n goedgekeurde besluit, 'n ongeoorloofde daad, 'n erkende instelling, 'n herhaalde vraag, ontvangte briewe, ingekome stukke, 'n mislukte poging, 'n ontvlugte dief, ens.*

Opm.—Die volt. deelw. van sommige intrans. ww. kan nie byvoeglik gebruik word nie. 'n Mens kan bv. nie sê nie: *'n gehulde kind, 'n geblafte hond, 'n geselste gesprek.*

2. As predikatiewe bnw.:

*Kaapstad is digbevolk, hy lyk onbevoeg vir daardie werk, die saak bly onbeslis, die brief was geregistreer, die man is welgestel, hy skyn totaal ongeletterd, die diewe is goed gewapend, hy is gestel op sy klere, ek voel baie teleurgestel, die generaal is beroemd en geëerd.*

Opm. 1.—Soos uit hierdie voorbeelde blyk, neem die volt. deelw. as predikatiewe bnw. geen *e* nie, behalwe by 'n sekere klas van geyskte vorme (vgl. § 155).

Verder moet opgemerk word dat die volt. deelw. in sekere gevalle op 'n *-d* uitgaan, wanneer dit as predikatiewe bnw. gebruik word; maar die *-d* laat val, wanneer dit as werkingswoord diens doen. Dit is nl. die geval by ww. wat uitgaan op *l, m, n, ng, r* of *vokaal*.

Vgl. die volgende sinne:

## VORMLEER.

Naamwoordel. funksie.	Werkwoordel. funksie.
Ons volk bly <i>verdeel</i>	Ons het die geld <i>verdeel</i> .
Ek voel baie <i>teleurgesteld</i>	Hy het my bitter <i>teleurgestel</i> .
Dis treurig <i>gesteld</i> met hom	Die vraag is onduidelik <i>gestel</i> .
Die man is algemeen <i>ontwikkeld</i>	Sake het vinnig <i>ontwikkeld</i> .
Hy is <i>beroemd</i> om sy daade	Hy het hom <i>beroem</i> op sy daade.
Die blomme is <i>beskerm(d)*</i> teen ryp	Sy het die blomme <i>beskerm</i> . teen ryp.
Hy is vrolik <i>gestem(d)*</i>	Die klavier word <i>gestem</i> .
Ek was <i>verstom(d)*</i> van skrik	Ek het my totaal <i>verstom</i> .
Die kind is totaal <i>verwend</i>	Die kind word totaal <i>verwen</i> .
Hy is algemeen <i>bekend</i>	Hy het sy skuld <i>beken</i> .
Sy vreugde was <i>onvermengd</i>	Hy het hom met ongewenste persone <i>vermeng</i> .
Daardie veeras is <i>gemeng(d)*</i>	Koffie word met melk <i>gemeng</i> .
Hy lyk erg <i>gesteurd</i>	Ek het my nie daaraan <i>gesteur</i> nie.
Hy was <i>verwonderd</i> daaroor	Ek het my nie daaroor <i>verwonder</i> nie.
So iets is <i>ongehoord</i>	Het jy die nuus al <i>gehoor</i> .
Sy hare is <i>verward</i>	Sulke dinge word dikwels met mekaar <i>verwar</i> .
Die gerug is orals <i>versprei(d)*</i>	Sulke nuus word gou <i>versprei</i> .
Die tuin lê <i>besaai(d)*</i> met vrugte	Die land word met koring <i>besaai</i> .
Ek is <i>bereid</i> om te gaan	Hy het my daarop <i>voorberei</i> .

Opm. 2.— Dis dikwels moeilik om uit te maak of 'n volt. deelw. in sy werkw. funksie, dan wel in sy naamw. funksie voorkom; m.a.w. of dit 'n werking dan wel 'n toestand of kenmerk uitdruk. So bv. in die eerste reëls van Celliers se gedig:

*Die Vlakke—*

"Ek slaap in die rus van die eeue gesus,  
ongesien, *ongehoord*;  
en dof en loom in my sonnedroom,  
ongewek, *ongestoord*.

'n Mens kan hier ewe goed aan 'n werking dink (die vlakke word nie *gesien*, *gehoor*, *gewek*, *gestoor* nie) as aan 'n bepaalde toestand. Die vorme op *-r* kon dus ewe goed sonder *-d* geskryf word.

\*Vgl. Opm. 2.

Verder is daar baie gevalle waar die spraakwerklikheid nie beantwoord aan die reël, soos in opm. 1 geformuleer nie, dat nl. die volt. deelw. as predikatiewe bnw. na *l, m, n, ng, r* of *vokaal* altyd 'n *-d* het, maar nie as werkingswoord nie.

Dikwels kom dit in albei funksies sonder 'n *-d* voor. So word bv. vorme soos *beskerm, gestem, verstom, gemeng, versprei, besaai* (en miskien nog meer) in die sinne hierbo ook in die eerste geval dikwels sonder *-d* gebruik. Dieselfde is die geval met vorme soos *gestrem, verlam, versteen, bedoel, belaal geregistreer, gebou, genooi, verbly*, e.a.

Waar die taalgebruik dus aan die een kant 'n neiging vertoon om die *d* in hierdie woordgroep te laat val by volt. deelwoorde met predikatief- byvoeglike, sowel as suiwer werkwoordelike funksie, word egter aan die ander kant altyd die *d* behou, wanneer sulke deelw. met bywoordelike funksie optree [vgl. (4) hieronder].

Dit is ook die geval by 'n aantal volt. deelwoorde wat reeds heeltemal die karakter van bnw. aangeneem het, bv.: *bemiddeld, onbemiddeld, welgesteld, ongesteld, ongeletterd, gewend*, e.a.

### 3. As selfst. naamwoord:

*Beminde, verloofde, bekende, geleerde, gevangene, be-  
diende, beklagde, ondergetekende, saukgelastigde, eersge-  
borene, gegewens* (data). Al sulke snw. gaan in die meerv.  
op *-s* of *-ns* uit.

### 4. As bywoord:

*Ek gaan gereeld Sondags kerk toe.  
Hy is onverpoosd met sy werk besig.  
Ek sal onverwyld die saak aanpak.  
Hy het onbewimpeld vir sy mening uitgekom.  
Dis bepaald 'n lastige kwessie.  
Hy is ongetwyfeld die beste leerling in die klas.*

Opm.-- In enkele gevalle kan die volt. deelw. ook in absolute sin gebruik word, d.w.s. sonder dat dit met 'n naamw. in ver-  
binding staan, en dan vervul dit die funksie van 'n bywoordelike  
bysin, bv.:

*Onder ons gesê, ek vertrou hom nie.  
Welbeskou is die saak nie so moeilik nie.  
Afgesien van die koste, hoeveel moeite is daar nie aan  
verbonde nie.*

*Alles saamgevat, kom die saak hierop neer.*

Hieronder val ook enkele voegwoorde soos: *daargelate,  
toegegee, aangesien, uitgesonderd, verondersteld.*

**Verbuiging van die Voltooide Deelwoord.**

§ 152. Ons het reeds in die vorige paragraaf gekonstateer dat die volt. deelw. as bnw. in sommige gevalle met of sonder *d* voorkom, en in ander gevalle met of sonder *e*. Dit word dus verbuig, net soos die bnw.

By die behandeling van hierdie verbuiging van die byvoeglik gebruikte volt. deelw. (attributief en predikatief), word gewoonlik as uitgangspunt geneem die in Nederlands gebruiklike indeling in sterk en swak volt. deelwoorde. In Afrikaans bestaan daar egter nie die minste grond vir hierdie indeling nie, omdat die onderskeiding tussen sterk en swak ww. nie alleen verval nie (vgl. § 125), maar so 'n indeling buitendien 'n kennis van Nederlands veronderstel, dus iets wat uit die aard van die saak nie van die Afrikaanse skoolkind verwag kan word nie (vgl. § 154, opm.).

Die bestaande Afrikaanse grammatikas sit op hierdie en ander punte (soos bv. die kwessie van naamvalle, wat glad nie meer as buigingsvorme in Afrikaans bestaan nie, behalwe dan in enkele gevalle as taalfossiele) nog heeltemal vas aan die tradisionele, suiwer Nederlandse standpunt. Om genoemde redes word hier die volgende indeling gemaak:

1. Die volt. deelw. kan as attributiewe bnw., wat sy verbuiging betref, in twee klasse ingedeel word:

- (a) Volt. deelwoorde wat op *-e* uitgaan;
- (b) Volt. deelwoorde wat op *-de* of *-te* uitgaan.

2. Die volt. deelw. kan as predikatiewe bnw., wat sy verbuiging betref, eweneens in twee klasse ingedeel word:

- (a) Volt. deelwoorde wat op *-e* uitgaan;
- (b) Volt. deelwoorde wat op *-d* uitgaan;

Opm.— Wanneer die volt. deelw. in sy predikatief — byvoeglike funksie nie verbuig word nie, gaan dit natuurlik uit op die stamkonsonant van die ww., bv.: *bedroef*, *verlief*, *verdroom*, *beledig*, *geskok*, *bepersk*, *afgekap*, *verstop*, *begrens*, *onbeslis*, *afgekoel*, *opgezwarm*, *uitgedien*, *uitgeleer*, ens.

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

§ 153. Die attributief gebruikte volt. deelw. op *-e* is hoofsaaklik uit Nederlands oorgeërf, of later onder Nederlandse invloed ontstaan. Hier kan onderskei word tussen:

(a) Verboë vorme, ontstaan deur verandering van stamklinker:

<i>bederf</i>	—'n <i>bedorwe</i> kind.
<i>begin</i>	—'n <i>onbegonne</i> werk.
<i>besin</i>	—'n <i>onbesonne</i> daad.
<i>behelp</i>	—'n <i>onbeholpe</i> figuur.
<i>beskryf</i>	— <i>beskrewe</i> wette.
<i>bespreek</i>	— <i>besproke</i> plekke.
<i>bestry</i>	—'n <i>onbestrede</i> mosie.
<i>bind</i>	—'n <i>ongebonde</i> boek.
<i>breek</i>	—'n <i>gebroke</i> stem.
<i>buig</i>	—met <i>geboë</i> hoof.
<i>dwing</i>	— <i>gedwonge</i> arbeid.
<i>geniet</i>	— <i>genote</i> spys.
<i>inneem</i>	— <i>ingenome</i> standpunt.
<i>lê</i>	—'n <i>afgeleë</i> plaas.
<i>ly</i>	— <i>gebede</i> smaad.
<i>neem</i>	—'n <i>aangenome</i> kind.
<i>opskiet</i>	—'n <i>opgeskote</i> seun.
<i>ry</i>	— <i>berede</i> manskappe.
<i>sink</i>	—'n <i>laaggessonke</i> misdadiger.
<i>skend</i>	— <i>geskonde</i> regte.
<i>skep</i>	—'n <i>welgeskape</i> kind.
<i>skrik</i>	—'n <i>onverskrokke</i> houding.
<i>sluit</i>	—met <i>geslote</i> deure.
<i>slyp</i>	—'n <i>geslepe</i> vaboud.
<i>spreek</i>	—'n <i>uitgesproke</i> wens.
<i>steek</i>	—'n <i>deurgestoke</i> kaart.
<i>trek</i>	—'n <i>afgetrokke</i> houding.
<i>verberg</i>	— <i>verborge</i> skatte.
<i>verbuig</i>	— <i>verboë</i> vorme.
<i>verdink</i>	—'n <i>verdagte</i> persoon.
<i>verkry</i>	— <i>verkneë</i> resultate.
<i>verskyn</i>	— <i>verskene</i> boeke.
<i>verslyt</i>	— <i>verslete</i> klere.

Opm.—Van sommige verboë vorme het die werkwoordstam waarvan hulle afgelei is, reeds heeltemal in onbruik geraak, bv.: *gebore*, *oorlede*, *verlede*, *vergange*, *voldonge*, *ingetoë*, *opgetoë*.

## VORMLEER.

(b) Verboë vorme, ontstaan sonder verandering van stamklinker:

<i>gee</i>	—'n <i>gewewe</i> belofte.
<i>dra</i>	—'n <i>opgedrae</i> taak.
<i>lees</i>	—'n <i>belese</i> man.
<i>span</i>	—met <i>gespanne</i> aandag.
<i>sout</i>	—'n <i>gesoute</i> perd.
<i>meet</i>	—'n <i>afgemete</i> stap.
<i>skei</i>	— <i>geskeie</i> vrinde.
<i>sien</i>	—'n <i>ongesiene</i> ruil.
<i>ondergaan</i>	—'n <i>ondergame</i> operasie.
<i>uitstaan</i>	— <i>uitgestane</i> pyn.

Opm. — Ons het reeds vroeër (§ 125) gewys op die eenaardige ontwikkeling van Afrikaans, dat dit nl. in sy vervoeging—sisteen die in Nederlands en ouer tale nog voorkomende wisseling van stamklinker (*ablaut*) feitlik heeltemal deur ander uitdrukkingsmiddele vervang het.

Dieselfde verskynsel kan ook hier waargeneem word waar, naas die oorgeërfde vorme van die volt. deelw. *met* klankwisseling, nuwe vorme ontstaan het en nog ontstaan *sonder* klankwisseling, wat in Nederlands as sodanig onbekend is. In sulke gevalle vind dan verder nog differensiering van betekenis plaas, sodat die oorgeërfde vorm 'n figuurlike en die nuwe vorm 'n letterlike betekenis kry. Vgl. die volgende voorbeelde:

'n <i>opgewonde</i> menigte	—'n <i>opgewende</i> horlosie.
'n <i>afgetrokke</i> houding	— <i>afgetrekte</i> koffie.
die <i>betrokke</i> persoon	— <i>betrekte</i> wild.
'n <i>geslepe</i> dief	—'n <i>geslypte</i> mes.
'n <i>uitgesogte</i> geleentheid	— <i>uitgesoekte</i> vrugte.
met <i>gebroke</i> stem	— <i>gebreekte</i> glas.
'n <i>welgeskape</i> kind	— <i>opgeskepte</i> kos.
'n <i>deurgestoke</i> kaart	— <i>weggesteekte</i> goed.
'n <i>beklonke</i> saak	—'n <i>omgeklinkte</i> spyker.
'n <i>beskonke</i> persoon	— <i>ingeskinkte</i> koffie.

§ 154. By attributief gebruikte volt. deelw. op *-de of -te* kan die volgende groepe onderskei word:

(a) Stamvorme op *l, m, n, ng, r* of *vokaal* voeg altyd *-de* by:



*Betaalde rekeninge, ingesamelde fondse, verdeelde partye, beroemde manne, verarmde mense, beskermde regte, verdiende loon, erkende gebruik, bekroonde werk, gemengde vloeistof, betreurde dood, geëerde gas, vermoorde slagoffer, genooiãe gaste, afgemaaide graan, gewyde grond, uitgeroeiãe onkruid, ens.*

(b) Stamvorme op *-d* en *-t* voeg alleen 'n *ø* by, omdat sulke woorde reeds op *d* of *t* uitgaan. Alleen wanneer die voorafgaande vokaal deur 'n nie-verdubbeling van lengte sou kan verander, word die *d* of *t* verdubbel:

*Verbrande hout, bcantwoorde vrae, onopgevoede mense, bekladde papier; 'n gehate vyand, 'n vergrote portret, 'n geënte boom, 'n gewitte muur, omgespitte grond, verspotte maniere, 'n gestutte muur, ens.*

(c) Stamvorme op *-k* en *-p* voeg altyd *-te* by:

*Gebakte brood, beperkte middele, 'n bereikte doel, 'n getikte brief, 'n mismaakte gesig; 'n gedoopte kind, 'n afgelapte boom, omgekrapte grond, geknipte hare, ens.*

(d) Stamvorme op *-f*, *-g* en *-s* kan sowel *-de* as *-te* byvoeg:

<i>gekerfde</i> tabak	<i>afgestofte</i> klere.
<i>geskaafde</i> planke	'n <i>gestrafte</i> misdaad.
'n <i>gestyfde</i> boortjie	<i>gesijte</i> meel.
'n <i>verliefde</i> paar	<i>vermufte</i> brood.
<i>geploegde</i> grond	'n <i>geãugte</i> teenstander.
'n <i>versorgde</i> uiterlik	'n <i>verãigte</i> verhaal.
'n <i>gebuigde</i> tak	'n <i>geagte</i> persoon.
'n <i>gewaagde</i> onderneming	'n <i>verslegte</i> mens.
'n <i>geliefkoosde</i> werk	<i>ongepoetste</i> maniere.
'n <i>geveinsde</i> glimlag	<i>gewenste</i> resultate.
'n <i>verbaasde</i> gesig	<i>uitgedorste</i> koring.
<i>vergrysde</i> hare	<i>ongebluste</i> kalk.

Opm.—Die eerste drie groepe lewer geen moeilikheid op nie, want na 'n stemhebbende konsonant of 'n vokaal volg klankwettig orals die stemhebbende uitgang *-de*, en na 'n stemlose konsonant orals die stemlose (verskerpte) uitgang *-te*.

## VORMLEER.

Maar dis moeilik om die vierde groep onder bepaalde reëls te bring. Want soos uit die voorbeelde blyk, beantwoord dit nie aan voorgaande formulering nie. Die konsonante *f*, *g* en *s* is al drie stemloos, en tog volg naas die stemlose uitgang *-te*, ook die stemhebbende uitgang *-de*. As algemene reël sou kan gestel word dat na 'n voorafgaande lang vokaal of tweeklank gewoonlik die uitgang *-de* volg, en na 'n voorafgaande kort vokaal die uitgang *-te*. Maar hierdie formulering dek glad nie al die gevalle nie, soos duidelik blyk uit die voorbeelde.

Dit kan ten slotte alleen op taalhistoriese gronde uitgemaak word wanneer *-de* en wanneer *-te* sou moet gebruik word, m.a.w. dit vereis 'n kennis van Nederlands. En dit sou eenvoudig genoeg wees om te sê dat, waar *f*, *g* en *s* in Nederlands intervokalisies stemhebbend word, die uitgang *-de* volg, maar waar hulle stemloos bly, die uitgang *-te*.

Maar aangesien ons geen historiese grammatika skrywe nie, en dit buitendien absoluut onpedagogies sou wees om te verwag dat die Afrikaanse skoolkind eers Nederlands moet ken, voor en aler hy sy eie moedertaal kan leer gebruik, mag Nederlands in hierdie en ander gevalle nie as rigsgoer dien om bestaande moeilik-hede op te los nie, altans nie by die laer taalonderwys nie.

Maar afgesien daarvan dat 'n kennis van Nederlands nie in sulke gevalle van historiese aard as noodsaaklike eis kan en mag gestel word nie, rys die vraag: of dit taalkundig verdedigbaar is om 'n grammatikale reël, wat op die Nederlandse spraakgebruik berus, as kriterium te gaan stel vir die Afrikaanse spraakgebruik? Met ander woorde: of ons in hierdie bepaalde geval in Afrikaans moet sê en skryf:

*gekloofde hout, geploegde grond, versgrysde hare*, ens. (in plaas van *gekloofte, geploegte, vergryste*, ens.), eenvoudig omdat Nederlands dit so voorskryf?

Ons meen van nee, en wel veral om die volgende twee redes:

(1) Afrikaans het 'n ontwikkeling van sy eie deurgemaak, soos blyk uit sy klankleer, vormleer, sinsleer en betekenisleer, wat almal aanmerklik verskil van die Nederlandse. Gaan ons nou in die één geval Nederlands as kriterium stel, waarom dan ook nie in ander gevalle nie? Waarom dan ook nie bv. die Nederlandse sterk *imperfektum* (wat Langenhoven "eentyd van malligheid wou invoer") as "reël" aan die Afrikaanse kind voorgehou nie? Want dan is die Ned. spraakgebruik mos die kriterium en nie die Afrikaanse nie!

(2) Ons het in hierdie bepaalde geval te doen met die konsonante *f*, *g* en *s* wat in Afrikaans orals stemloos (skerp) uitgespreek word. Klankwettig is dit dus heeltemal begryplik en ook

te ver wag dat 'n daaropvolgende stemhebbende *d* verskerp sal word tot *t*, as hy nie wegval nie. In Nederlands is hierdie konsonante egter stemhebbend in *gekloofde, geploegde, vergrysd* (op grond van hulle uitspraak intervokalisies in *kloven, ploegen, vergrijzen*), en daarom is die daaropvolgende *d* foneties heeltemal in die haak, net soos die *t* in *bepierkte, gedoopte*.

Die normale toestand in Afrikaans sou dus eintlik wees dat na *f, g* en *s* orals *-te* gehoor moes word (net soos na die stemlose *k* en *p*), en vir wie ore het om te luister, is hierdie klankwet reeds in werking. Selfs akademies geskoolde Afrikaners sê reeds:

*gekloofte hout, geploegte grond*, ens. Waar ons egter nog, veral in die skryftaal, die uitgang *-de* handhaaf, gebeur dit ongetwyfeld onder invloed van die Nederlandse boektaal. Maar dis te voorsien dat die uitgang *-te* in die volksmond gaandeweg sy regmatige posiesie sal verower, en dat die skryftaal dan sal moet volg.

Na die stemhebbende konsonante *l, m, n, ng, r* en na vokale is die gebruik van die uitgang *-de* natuurlik klankwettig heeltemal in die haak.

§ 155. Die volt. deelw. op *-e* vertoon as bnw. in sy predikatiewe funksie presies dieselfde karakter as in sy attributiewe funksie. Dis nl. 'n geykte vorm wat net in sekere vasstaande uitdrukkinge en oorgeërfde woorde voorkom:

*Hy is van daardie voorreg verstoke, hy was ook in die saak betrokke, ek het bedroë uitgekom, die man lyk my besope, hy skyn van die duiwel besete, ek is vasbeslote om te gaan, ons is ingenome met ons nuwe huis, hy is onbesproke van karakter, hy dra sy lot gelate, die saak is verlore, hy was diep bewoë.*

Die predikatief gebruikte volt. deelw. op *-d* het ons reeds in § 151, (2), Opm. 1 en 2 bespreek.

Opm.—In enkele gevalle kom die volt. deelw. op *-e* nog met suiwer werkwoordelike funksie voor: *God het die wêreld geskape; sy vader is gister oorlede of gestorwe; hy is kalm ontslape; die mens word gebore om uiteindelik te sterwe.*

#### VOORBEELDE VAN VERVOEGING.

§ 156. In aansluiting by § 128 vlg. kan onderstaande tabel dien om die vervoeging van 'n oorganklike ww. te illustreer. Aangesien die ww. in Afrikaans geen persoonsverskil en getalsverskil besit nie, word alleen die vorm van die eerste persoon, enkelvoud, aangegee (behalwe by die gebiedende wys).

**Bedrywende Vorm.**

(a) A a n t o n e n d e W y s :

Onvolt. teenw. tyd: ek skryf.  
 Volt. teenw. tyd: ek het geskryf (is net klaar met skryf).  
 Onvolt. verlede tyd: ek het geskryf (was besig met skryf).  
 Volt. verlede tyd: nadat ek geskryf het (klaar was  
 met skryf).

Onvolt. toek. tyd: ek sal skryf.  
 Volt. toek. tyd: ek sal geskryf het.  
 Onvlt. verl. toek. td.: ek sou skryf.  
 Vlt. verl. toek. td.: ek sou geskryf het.

(b) A a n v o e g e n d e W y s : Die aanvoeg. wys kan op soveel verskillende maniere uitgedruk word dat geen normgewende voorbeeld daarvoor kan aangegee word nie. (Vergelyk § 140).

(c) G e b i e d e n d e W y s :  
 Skryf, jy moet skryf;  
 laat hom skryf, hy moet skryf. (Vgl. § 141).

(d) O n b e p a a l d e W y s :  
 Onvolt. tyd: skryf, skrywe; te skryf, skrywe; om te  
 skryf, skrywe.  
 Volt. tyd: te geskryf het. (Vgl. §§ 142 — 146).

(e) D e e l w o o r d :  
 Onvolt.: skrywende.  
 Volt.: geskryf, geskrywe. (Vgl. § 147 vlg.).

**Lydende Vorm.**

(a) A a n t o n e n d e W y s :

Onvolt. teenw. tyd: 'n brief word geskryf.  
 Volt. teenw. tyd: 'n brief is geskryf.  
 Onvolt. verlede tyd: 'n brief het (is) geskryf geword.  
 Volt. verlede tyd: 'n brief was geskryf.  
 Onvolt. toek. tyd: 'n brief sal geskryf word.  
 Volt. toek. tyd: 'n brief sal geskryf geword het.  
 Onvlt. verl. toek. td.: 'n brief sou geskryf word.  
 Vlt. verl. toek. td.: 'n brief sou geskryf geword het.

- (b) Aanvoegende Wys: Vgl. Bedrywende Vorm.  
 (c) Gebiedende Wys: 'n brief moet geskryf word, laat 'n brief geskryf word.  
 (d) Onbepaalde Wys:  
 Onvolt. tyd: (om) geskryf te word.  
 Volt. tyd: (om) geskryf (te) geword het.  
 (e) Deelwoord: Volt.: geskryf.

§ 157. Die volgende tabelle kan dien om die vervoeging van die hulpww. *is* en *het* te illustreer.

Aantonende Wys:

- Onvolt. teenw. tyd: ek is — het.  
 Volt. teenw. tyd: ek is gewees — hê gehad.  
 Onvolt. verlede tyd: ek was — (had), het gehad.  
 Volt. verlede tyd: ek was gewees — nadat ek gehad het.  
 Onvolt. toek. tyd: ek sal wees — sal hê.  
 Volt. toek. tyd: ek sal gewees het — sal gehad het.  
 Onvt. verl. toek. td.: ek sou wees — sou hê.  
 Vlt. verl. toek. td.: ek sou gewees het — sou gehad het.

Gebiedende Wys:

- wees, jy moet wees — moet hê.  
 laat hom wees — hy moet hê.

Onbepaalde Wys:

- Onvolt. tyd: wees — hê, te wees — te hê, om te wees — om te hê.  
 Volt. tyd: (om) te gewees het — om te gehad het.

Deelwoord:

- Onvolt.: synde — hebbende.  
 Volt.: gewees — gehad.

**DIE BYWOORD.**

§ 158. Bywoorde of adverbialia is woorde wat dien as 'n bepaling van al diè begrippe, wat geen selfstandigheid aandui nie. Hulle stel die plek, tyd of manier voor waarop 'n werking plaas vind, en dien verder om bnw., byw. of telw. nader te bepaal. Bywoorde van modaliteit het betrekking op die hele sinsinhoud.

Oor die vorm van die byw. val die volgende te sê: dis byna altyd onveranderlik en dikwels gelyk aan die predikatiewe vorm van die bnw., bv. *die man is ernstig siek, die fees het vrolik geëindig, die water stroom vinnig.*

Die onveranderlike vorm van die bywoord vind ons altyd, wanneer die byw. 'n ww., byw. of telw. bepaal, en ook wanneer dit by die predikatief gebruikte bnw. staan, bv. *die volstruis is verskriklik kwaai.*

Net wanneer die bywoord 'n *attributief* gebruikte bnw. bepaal, word dit gewoonlik behandel *asof dit self 'n attributiewe* bnw. is. Vergelyk die volgende uitdrukkinge: *'n diep treurige geval, 'n laat aangekome trein, 'n swak piepende geluid, 'n gou klaargemaakte werk.* Maar: *'n taamlike groot huis, 'n verskriklike kwaai volstruis, 'n vreeslike groot skip, 'n seltsame mooi kans, 'n gloeiende warm dag.*

Verder word die byw. verbuig deur toevoeging van:

(a) *-er* in die vergrotende trap, bv.: *ek het vinnig gery, maar jy het nog vinniger gery;*

(b) *-ste* in die oortreffende trap, wanneer dit 'n ww. bepaal, bv.: *hy het die vinnigste* van almal gery;

(c) *-s* in die oortreffende trap, wanneer dit 'n bnw. of byw. bepaal, bv.: *ek is hoogs tevrede.*

Opm. 1.—*liewer* en *ander* het as oortreffende trap: *liewerste* en *anderste.*

Opm. 2.—Oor die vorming van bywoorde vgl. § 169.

Ons gee hier verder 'n kort oorsig van die bywoorde, ingedeel volgens die mees gewone funksie, terwyl die funksie self in die Sinsleer behandel word.

Bywoorde wat 'n plek of rigting aandui: *Die dorp lê naby. Die water loop weg.* Verder: *hier, daar, êrens, nêrens, orals, daarheen, soheentoe, bymekaar,* en 'n aantal van die voorsetsels opgenoem in § 104.

Tyd: *Ek kom nou. Ons vertrek môre.* Verder: *aans, aanstons, altoos, altyd, gister, vanjaar, intussen, ooit, nooit, lankal, skielik, al, vroeg, laat,* ens.

Hoedanigheid: *Die perd loop vinnig. Die lig brand helder. Hoe het dit gebeur? Veral* bnw. word in hierdie funksie gebesig.

Graad: *Dit het baie gereent. Verder: taamlik, min, so, skaars, amper, byna, so te sê, meer, verbasend, uiters, hoogs, alte, nouliks, enigsins.*

Modaliteit, o.a.:

Bevestiging: *Ons kom seker. Verder: gewis, werklik, ongetwyfeld, stellig, inderdaad, bepaald.*

Ontkenning: *Dit reent nie. Verder: gladnie, nee, geensins, onmoontlik.*

Twyfel: *Miskien sal dit gebeur. Verder: waarskynlik, vermoedelik, moonlik, glo, denklik, altemit, dalk.*

Wens: *Help my asseblief. Verder: tog, maar, dan.*

Oorsaak: *Hierdeur het die brand ontstaan. Verder: daardeur, waardeur.*

Rede: *daarom, immers, mos.*

Middel: *daarmee, hiermee.*

Gevolg: *derhalwe, dus, bygevolg.*

Doel: *daartoe, daarom, daarvoor.*

Voorwaarde: *dan, desnoods, desverkiekende.*

Toegewing: *tog, darem, nogtans, wel, nietemin.*

Omstandigheid: *vergeefs, aanhoudend, onvoorsiens, onverwags, plotseling, alleen, spelenderwys, agterbaks.*

Maat: *stuksgewys, bietjie-bietjie, weinig.*

Prys: *duur, goedkoop, verniet.*

Verhouding en beperking: *(in)sover, desnoods, desgewens, desverlangd, eensdeels, anderdeels, hieromtrent, daaromtrent.*

'n Groot aantal van hierdie bywoorde wys terug na 'n voorafgegane sin; so bv.: *Die kinders het met vuurhoutjies gespeel; hierdeur het die brand ontstaan.* Hulle vorm die oorgang na die kategorie van voegwoorde, omdat die funksie wat hulle vervul nie net bywoordelik is nie, maar ook verbindend. Daarom word hulle ook wel voegwoordelike bywoorde genoem.

Opm.—Bywoorde wat as bnw. diens doen word vermeld in § 198.

## VORMLEER.

### DIE VOEGWOORD.

§ 159. Voegwoorde bring 'n verbinding tot stand, òf tussen sinsdele met gelyke funksie, òf tussen sinne. Voorbeelde van die eerste soort is: *Die hond en die kat is albei huisdiere. Die weer was warm, maar stormagtig. Ons moet kies tussen vrede of oorlog.*

Voorbeelde van die tweede soort: *Die hond gaan saam, maar die kat bly tuis. Ek heet na my oupa en my broertjie heet na my pa. Ek sien dat die reën kom.*

Die manier waarop sinne verbind word, en dus ook die betekenis van die voegwoorde wat daartoe dien, is van allerlei aard. So druk *en* net 'n opsomming of aaneenskakeling uit, *maar* 'n teenstelling, *of* 'n skeiding, *omdat* 'n rede, *opdat* 'n doel, ens. Die soorte van sinsverbindings kom later, in die Sinsleer, ter sprake, en daarby word die voegwoorde opgegee. Hulle waarde en funksie kom daar beter uit as in 'n blote opsomming.

### DIE TUSSENWERPSEL.

§ 160. Tussenwerpsels staan nie in verband met ander rededele nie, maar word as spontane uitinge van gevoel tussen sinne of sinsdele los ingevoeg. Hulle kan b.v. dien om uiting te gee aan 'n gevoel van:

- (a) pyn: *au! eina! soe!*
- (b) verwondering: *o! ja? kyk!*
- (c) medelye: *ag! siestog! foeitog!*
- (d) afkeuring: *foei! sies!*
- (e) bevreemding: *so? ag nee? hoe?*
- (f) toejuiging: *hoera! doring! hotnôt!*

Hieronder val verder al die verskillende vorme van vloeke of versagte vloeke, soos bv.: *mastag, gedoriewaar, wrintig, wragtie, o jee, my genugtig, verduiwels*, ens.

### WOORDVORMING.

§ 161. By die vorming van nuwe woorde kan gebruik gemaak word van woorde wat reeds in die taal voorhande is, en ook kan natuurgeluide nageboots word, sodat ons heeltemal splinternuwe vorme kry. Die laaste soort woordvorming kom



in jonger tale, soos Afrikaans, minder voor as die eerste, maar tog het ons heelwat voorbeelde daarvan. Die volgende is 'n lysie van dergelike klanknabootsinge of onomatopeë, meestal name van diere, spesiaal voëls, wat tiepies Afrikaans is:

*Janfrederik, Jandiederik, Janpiedewiet, Jantaterak, Piet-ses-perde-wa, Piet-my-vrou, Piet-tjou-tjou, Piet-maak-gou, pie-pa-pou, poppelwiet, bokmakierie, kelkiewyn, bietjiereën, Dokter Haarhof, Jan-Wragtie, Jaapjapie, Dirkdirkie, kwê-voël, kôvoël, poepoe, Koerkoerduif, ting-tinkie.*

Word daar gebruik gemaak van bestaande woorde, dan kan woordvorming op die volgende drie maniere plaasvind:

- I. woordvorming deur afleiding.
- II. woordvorming deur samestelling.
- III. woordvorming deur samestellende afleiding.

## I. AFLEIDING.

Afleiding kom voor by die snw., die bnw., die ww. en die bywoord, nie by die ander rededele nie.

### § 162. 1. Die Selfstandige Naamwoord.

Afleiding van snw. kan op drieërlei wyse gebeur:

- (a) regstreekse afleiding.
- (b) afleiding deur middel van voorvoegsels of prefikse.
- (c) afleiding deur middel van agtervoegsels of suffikse.

(a) Die regstreekse afleiding was in ouer tale baie meer produktief gewees as in jonger tale, veral deurdadig die sterk ww.-vervoeging soveel wisseling van stam-vorme vertoon het. Die daardeur opgelewerde vorme het dus al in Nederlands of nog vroeër ontstaan, maar vir die regte begrip van die onderlinge samehang in Afrikaans gee ons vbb. van snw., afgelei van ou sterk ww.-stamme, en die ww. self daarnaas. Talryke verskille, veral wat die uitgang van die woorde betref, word opgehelder deur die klankverskynsels wat in § 57 behandel is.

VORMLEER.

Ons vind naas mekaar:

*Ly — leed, styg — stiebeuel, ry — rit. sny — snit.*

*Bedrieg — bedrog, geniet — genot, kies — keus, ruik — reuk.*

*Bind — band — verbond — bende, drink — drank — dronk, spring — sprong, help — hulp.*

*Sprek — spraak — sprokie — spreuk, breek — brok — breuk, steek — stok.*

*Gee — gawe, meet — maat, beweeg — weg — wieg.*

*Graue — graf, maal — maal.*

*Loop — loop, roep — roep.*

In aansluiting by die laaste vbb. merk ons op dat in Afr. dikwels die stam van 'n ww. as snw. gebesig word, bv.: 'n *sny* brood, 'n *byt*, 'n *knyp*, 'n *kap*, naas *stoot*, *slag* e.d. wat ook in Ned. voorkom. Langenhoven skrywe bv.: *dat hierdie bundel die uitsoek is van die beste werk wat ek ooit gedoen het.*

§ 163. (b) Aflëiding deur voorvoegsels.

By die voorvoegsels sowel as by die agtervoegsels val op te merk dat sommige produktief is, en dus nog gereeld gebesig word om nuwe woorde te vorm, terwyl ander nie meer produktief is nie. Die voorvoegsel *ge-* bv. is produktief, netso die agtervoegsels *-te*, *-heid*, *-sel*, terwyl *af-* *ant-*, *et-*, *oor-*, *-s* dit nie is nie.

Ons vind die volgende voorvoegsels:

*aarts-* : *aartsvader.*

*af-* : *afgrond, afstand.*

*ant-* : *antwoord.*

*et-* : *etmaal.*

*ge-* : *geblêr, geskree, gesanik, gelul.*

: *gesin, genot, geluk.*

*oer-* : *oerwoud, oermens, oertaal.*

*on-* : *ongeluk, onsin, onmens.*

*oor-* : *oordeel, oorsprong.*

*wan-* : *wanorde, wanklank, wanhoop, wanbestuur.*

## § 164. (c) Aflciding deur agtervoegsels.

(1) Konkrete snw. word gevorm deur:

- aar (persoons- en saakname): *leraar, Kapenaar, lessenaar.*
- er (persoons- en saakname): *Transvaler, helper, werker, vlieër; stoffer, stamper, gieter.*
- aard (persoonsname): *luiaard, gierigaard, valsaard.*
- erd (persoonsname): *lomperd, lelikerd, stouterd.*
- ier, (-nier, -enier) (persoons- en saakname): *tuinier, howenier, vliegenier, skarnier.*
- ik (-rik, -erik) (persoonsname): *stommerik, botterik.*
- aan (persoonsname): *Italiaan, Indiaan.*
- iet (persoonsname): *Israëliet, Paarliet.*
- and (persoonsname): *vyand, Heiland.*
- is (-nis) (persoons- en saakname): *bloemis, nasionalis, vullis.*
- ing (-ling, -eling) (persoonsname): *lieweling, eersteeling.*
- es (-is) (vroul. persoonsname): *dienares.*
- e (vroul. persoonsname): *eggenote.*
- in (vroul. persoonsname): *boerin, godin.*
- ster (vroul. persoonsname): *werkster.*
- sel (saakname): *baksel, deksel, broeisel, sleepsel, sny-sel, swelsel, aanpaksel, trapsel, opdrijsel, blousel.*
- asie (saakname): *murasie, boskasie.*

(2) Abstrakte snw. word gevorm deur:

- de : *liefde, vrede.*
- te : *jammerte, vrekte, duurte, diefte, gewente, groente (kollektief).*
- e : *koue.*
- ing : *lesing, lyding, telling.*
- s : *guns, koms, vangs.*
- teit : *kwaliteit, kwantiteit, puberteit.*
- ment : *dreigement, paaiement.*
- uur : *skrifuur, mikstuur.*
- y (-ery, -erny) : *boekery, bedrieëry, lekkerny.*
- nis : *begrafnis, laafnis, groetnis.*
- isme : *spiritisme, modernisme.*
- heid (-igheid) : *onderworpenheid, deurmekaarheid, toetheid, skaamheid, verbeeldenheid, toelatingheid, mooiigheid, verspottigheid.*
- dom : *mensdom, arme-blankedom, magdom.*
- skap : *genootskap, bankrotskap.*

Opm.— Daar is baie meer afleidinge onder die snw. as wat ons hier deur vbb. toegelig het. So is bv. talryke eiename ou afleidinge, wat reeds in die ou Germaanse tyd gevorm is. So is die woord *heiden* 'n afleiding van *heide*, (wat in Afr. nog bestaan in *heibloemetjie*), deur middel van die agtervoegsel *-n*, wat in ouer tale nog meer oorspronklike vorme vertoon (bv. Latyn *-anus* in *paganus*).

In hierdie spraakkuns moet ons daarvan afsien om al daardie ou afleidinge te behandel, of ook maar op te som; dit hoort tuis in 'n historiese grammatika: of 'n etimologiese woordeboek.

### (3) Verkleinwoorde.

Die agtervoegsels wat verkleinwoorde vorm is die volgende:

<i>-ie</i>	: <i>boekie, hakeie.</i>
<i>-jie</i>	: <i>handjie, kindjie.</i>
<i>-tjie</i>	: <i>wurtjie, outjie.</i>
<i>-etjie</i>	: <i>enetjie, blommetjie.</i>
<i>-entjie</i>	: <i>waentjie, nôientjie.</i>
<i>-pie</i>	: <i>boompie, rympie.</i>
<i>-kie</i>	: <i>klonkie, pakkie.</i>

Opm. 1.— Woorde op *-el* soos *krummel, korrel* e.d. is van oorsprong reeds verkleinwoorde.

Opm. 2.— Sommige verkleinwoorde op *-tjie* vertoon in die mv.: *-ertjies*, bv. *kindjie* — *kindertjies*.

## § 165. 2. Die Byvoeglike Naamwoord.

Net soos by die snw. is daar by die bnw. ook regstreekse afleiding van ww.-stamme, maar die verband tussen die bnw. en die ww. word in Afrikaans so goed as nie meer besef nie, omdat die regstreekse afleiding al baie vroeg plaas gehad het. Die enigste wat nog kan help om die verband te laat voel, is die betekenis. So verstaan ons dat *laag* hoort by die ww. *lê, stukkend* by *steek, beleef* by *lewe*, *'dol* by *dwaal, dof* by *verdoue*.

Sekere woorde kan egter in Afrikaans as bnw. gebesig word wat niks meer of minder as ww.-stamme is nie; so word daar gepraat van *die blink koper, die skaam kind*.

Op dieselfde manier word enkele snw. as bnw. gebesig, bv. *die skelm kind, 'n bog kind, 'n pap band*, en ook stofname soos: *'n silwer horlosie, 'n yster paal, 'n koper ketel* (vgl. § 93).

## AFRIKAANSE SPRAAKKUNS.

Opm.— Sommige snw. word net as predikatiewe bnw. gebruik, bv. *ek is honger, dors* e.d. (vgl. § 214).

Verder vind die vorming van bnw. plaas deur (a) voorvoegsels, en (b) agtervoegsels.

### (a) Voorvoegsels:

- be-* : *beroemd, bemiddeld, bedaagd.*
- ge-* : *gekeil, gemanel, gedas, gestewel.*
- on-* : *ongelukkig, ondeuend, omwaar.*
- aarts-* : *aartslui, aartsdom.*
- oer-* : *oeroud.*

Sommige ander woorde het feitlik voorvoegsels geword, en hul eie betekenis verloor, bv.:

*dood-* in *doodgewoon, doodluiters, doodonskuldig, doodverwonderd.*

*mors-* in *morsdood, morsaf.*

*oor-* in *oorgenoeg, oorgelukkig.*

*stok-* in *stokoud, stokdoof.*

### (b) Agtervoegsels:

*-ig* (*-rig, -erig, -sig, -tig*): *lewendig, agterlosig, regtig, vrotsig, kriewelrig, houterig, skrikkerig, nukkerig, siekerig, deinserig, klaerig, reënerig.*

Opm.— Op die voorbeeld van woorde soos *toevallig* is daar 'n nuwe agtervoegsel — *vallig*, bv. *wisselvallig*.

*-agtig* (*-haftig, -eragtig*): *vreesagtig, wolagtig, tergagtig, manhaftig, kinderagtig.*

*-s*: *steeks, kinds, Transvaals, Natals, Kaaps.*

*-loos*: *eerloos, grondeloos, belangeloos, liefdeloos.*

*-lik* (*-elik*): *eerlik, vaderlik, hinderlik, vieslik, verdrietlik, haatlik, onhebbelik, vriendelik, uiteindelik.*

*-baar*: *eerbaar, eetbaar, verskuijbaar, onuithoudbaar.*

*-saam*: *eersaam, genoegsaam, waagsaam, spaarsaam.*

*-e*: *goue, erde.*

*-end*: *stukkend, nakend.*

*-ers*: *eners.*

*-el*: *vermetel, skamel, wankel.*

Opm.— Dit verdien besondere vermelding dat party samestellinge as bnw. diens kan doen; so bv. *die kind is kaalvoet*, wat beteken: *die kind het kaal voete* (vgl. § 180 a. 1. Opm. 2).

§ 166. 3. Die Werkwoord.

By die afleiding van ww. word onderskei tussen die volgende groepe:

1. ww. van naamwoorde afgelei of denominatiewe.
2. ww. van ww. afgelei of deverbatiwe.
3. ww. van ww. afgelei deur voorvoegsels.

1. Denominatiewe.

a. Van snw.:

- (i) Die ww. vorm is in Afr. gelyk aan die snw.; die meeste daarvan is oorganklik, bv. *ploeg, hak, stempel*. Onoorganklike ww. kom egter ook voor; so skrywe Langenhoven: *die water straal van die dak af* = "loop in strale."
- (ii) Ww. van snw. afgelei deur die agtervoegsel *-ig*, bv. *eindig, kruisig, pynig*.
- (iii) Ww. van snw. afgelei deur die agtervoegsel *-eer*, bv. *hanteer, eksamineer, balanseer*.
- (iv) Priwatiewe ww. (van Latyn *privare* = beroof) dui aan dat die daarby behorende voorwerp beroof word van die selfstandigheid, waarvan die ww. afgelei is; bv. *erte dop*, wat beteken: "die dop afneem"; ertappels *skil*, wingerd *top*, ens. Ook kan dië ww. deur middel van die voorvoegsel *ont* gevorm word, bv. *ontleer, onthoof, ontlas, ont-senu*.
- (v) Ww. gevorm deur voorvoegsels, bv. *bekrans, bewapen, bekroon; omlýs, omkrans; vertaal, vervel, verhaar, versteen, verongeluk*.

b. Van bnw.

- (i) Die ww. is gelyk in vorm aan die bnw., bv. *wit* (= wit maak), *kort* (= kort maak), *vrot* (= vrot word).
- (ii) Ww. van bnw. afgelei deur die agtervoegsel *-eer*, *kleineer, trotseer, halveer*.
- (iii) Ww. gevorm deur voorvoegsels, bv. *benuttig, beswaar, bevreemd, vergroot, verander, verdubbel, veragter, verbly, verstom, onteien, ontnugter*.

Opm.—Ook van partiekels (voorsetsels en bywoorde) kan ww. gevorm word deur die agtervoegsel *-er*, bv. *nader, uiter, opper*.

§ 167. 2. De verbatiewe. Hierdie klas word onderverdeel in:

(a) Kausatiewe (van Latyn *causa* = oorsaak) of oorsaaklike ww. Hulle is uit Nederlands oorgeërf, bv.: *drink* — *drenk*, *sit* — *set*, *waak* — *wek*, *val* — *vel*, *vaar* — *voer*, *suig* — *soog*.

(b) Frekwentatiewe (van Lat. *frequens* = herhaaldelik) of herhalingsww. word gevorm deur die uitgange *-er* en *-el*, bv.:

*styg* — *steier*, *klap* — *klapper*, *haak* (*hak*) — *hakkel*, *trap* — *trappel*, *bid* — *bedel*, *breek* — *brokkel*.

Opm. — *Wankel*, *wandel*, *handel*, *verpletter* is nie herhalingsww. nie, maar denominatiewe.

(c) Intensiewe (van *intens* = heftig) ww. dui 'n sterker graad van die werking aan; hulle is uit Nederlands oorgeërf, bv.:

*hyg* — *hik*, *weeg* — *wik*, *steelc* — *stik*, *speel* — *verspil*, *buig* — *buk*, *nyg* — *knik*, *splyt* — *splits*, *beswyk* — *swik* — *swig*.

Ten slotte kom kombinasies voor van (b) en (c), soos blyk uit:

*ja* — *jakker*, *beef* — *bibber*, *snuif* — *snuffel*, *kyf* — *kibbel*, *streef* — *teenstribbel*, *stoot* — *stotter*.

§ 168. 3. Werkwoorde van ander ww. afgelei deur voorvoegsels. Daar is ses voorvoegsels wat by hierdie vorming optree, nl. *be-*, *ge-*, *er-*, *her-*, *ont-*, *ver-*.

(a) *be-*: *besmeer*, *besaai*, *bepaal*, *besnoei*, waarin *be* nog sy oorspronklike betekenis van "om" of "oor" bewaar het.

Verder dien *be-* om die aard van die werking te verander, en dikwels dui dit die begin of die end daarvan aan, bv.: *beken*, *bespeur*, *betrap*, *bemerk*, *beproof*, *bepraat*, *beëindig*, *bewerk*, *bereik*.

(b) *ge-* kom in sommige afgeleide ww. voor, wat egter uit Nederlands oorgeërf is, en wat dus nie meer as afleidinge gevoel word nie, bv.: *geluk*, *gevoel*, *geloof*, (naas *glo*), *genees*, *gebeur*, *geskied*.

Naas sommige van die genoemde ww. is die vorme sonder *ge-* ewe gebruiklik, bv. *luk*, *voel*.

Somtyds dien die vorm met *ge-* om 'n betekenisverskil weer te gee; *loof* beteken: "prys," *geloof*: "vertrou;" *beur* beteken: "druk," *gebeur*: "plaas vind."

(c) *er-* dui gewoonlik die begin van die werking aan; *erken* beteken: "begin te ken," en dan ook: "bely;" *erlang*, *ervaar*, *erbarm*.

(d) *her-* dui 'n herhaling aan, bv. *herdenk*, *herdoop*, *herenig*, *herhaal*, *herkies*, *herleef*, *hervorm*, *herkou*.

(e) *ont-* stel dikwels die begin van die werking voor, bv.: *ontbyt*, *ontgin*, *ontstel*, *ontspruit*, *ontsteek*, *ontplof*; in sommige gevalle, bv. in *ontspruit*, is die oorspronklike betekenis van *ont*, nl.: "uit," nog te herken.

Dieselfde is die geval, wanneer *ont-* die end van die werking aangee, bv. in *ontkom*, *ontloop*, (= "ver genoeg loop"), *ontroof*, *ontneem*.

In afleidinge soos *onthou*, *ontmoet*, *ontvang* is die betekenis van *ont* nie meer te sien nie.

(f) *ver-* dui gewoonlik die end van die werking aan; *verbrant* beteken: "heeltemal op brand;" *verjaag*: "die jaag voltooi"; verder: *vermors*, *verspoel*, *verswelg*, *verspeel*, *vertrap*, *verhoor*, *vergewe*.

Dikwels egter word deur *ver-* 'n slegte betekenis aan die ww. gegee, soos by *vergis* (= "misgis"), *verraai*, *verdraai*, *verdoem*, *veroordeel*.

#### § 169. 4. Die Bywoord.

Oor die algemeen kan al die bnv. onveranderd diens doen as bywoorde.

Daar is egter enige agtervoegsels wat bywoorde vorm, bv.:

- s : *skraps*, *straks*, *dikwels*, *aanstonds*.
- lik : *namelik*, *eindelik*, *kwalik*.
- liks : *grootliks*, *kortliks*.
- ies, -tjies : *strakkiess*, *effentjies*.
- ling, -lings : *plotseling*, *skrylings*, *ylings*.
- waarts : *huiswaarts*, *noordwaarts*.
- toe : *huistoe*, *boontoe*, *ondertoe*, *soheentoe*.



Sommige woorde, wat eintlik twee aaneengeskrewe woorde is, nl. 'n snw. en 'n bywoord, kan dien as één byw.; wanneer ons lees: *hy trek kopuit*, dan bewys dit dat *kopuit* één bepaling is by *trek*, en dus 'n bywoord.

Ook kom dit voor dat 'n snw. as byw. fungeer, bv.: *kyk hom water pas in die oë*.

Herhaaldelik word 'n byw. versterk deur *al-*, bv. *almiskie*, *aljimmers*, *allengs*, *alreeds*, *altemit*.

## II. SAMESTELLING.

### Ontstaan van die Samestelling.

§ 170. Die samevoeging van twee of meer woorde tot één geheel is 'n verskynsel wat alleen kan ontstaan as die woorde onderdele uitmaak van 'n sin. Die ontstaan van samestellinge behoort dus in die Sinsleer bespreek te word, en ons kom daar dan ook in § 257 op terug.

Daar bestaan egter reeds soveel samestellinge wat vir ons gevoel ook buite die sinsverband 'n afgeronde éénheid en dus één woord vorm, dat hulle in die Vormleer afsonderlik moet behandel word. Die meeste daarvan is nog deursigtelik, omdat die samestellende dele nog as afsonderlike woorde voorkom. Sommige egter kan alleen nog deursien word met behulp van 'n kennis van Nederlands of ouer tale. Die woord *tensy* byv. word in Middelnederlands nog as drie afsonderlike woorde geskrywe: *het en si* "as dit nie is nie." Al drie die woordjies is vandag in Afrikaans as lewende taalelemente onbekend, en die woord *tensy* wat daaruit ontstaan het, kan dus nie as 'n Afrikaanse samestelling bestempel word nie. Ons sou dit 'n historiese of oorgeërfde samestelling kan noem. Die etimologie of woordafleiding, wat hom spesiaal met historiese ondersoek besighou, lê tallose woorde as ou samestellinge bloot en bewys daardeur sy karakter as 'n historiese taalwetenskap.

§ 171. In 'n beskrywende grammatika, soos hierdie, word geen uitvoerige ondersoek ingestel na die historiese ontstaan van die samestellinge nie. Ons doel is net om hulle waar te neem en in te deel in groepe. By so 'n indeling is dit wenslik om van 'n noukeurig omskrewe gesigspunt uit te gaan, ten einde die grense af te baken, en daarom gee ons hier 'n definiesie:

'n Samestelling is 'n byeenvoeging van taalelemente met 'n eie betekenis tot 'n éénheid, waarvan die nuwe betekenis nie meer ooreenstem met die som van betekenis van die dele nie.

Toeligting. Die samestelling *grootvader* het 'n eie betekenis: "vader van die vader"; dit stem nie ooreen met die som van *groot* en *vader* se betekenis nie, wat sou wees 'n *groot vader*, d.i. " 'n vader met 'n groot gestalte."

Hierby val nog 'n ander kenmerk in die oog. Die eerste deel van die samestelling sou 'n mens, as die twee dele los van mekaar in die sin sou voorkom, van 'n lidwoord voorsien. Ons praat van 'n *groot huis*, 'n *groot boom*, ens. Dit bewys dat die woord *groot* in die samestelling *grootvader* nie meer as 'n gewone bnw. by *vader* fungeer nie, maar dat *groot* en *vader* 'n nuwe éénheid vorm.

'n Samestelling kan as sodanig herken word aan die klemtoon; dit het net één hoofklemtoon, terwyl daar twee of meer daarvan is, wanneer die woorde wat by mekaar staan tog as los van mekaar behandel word. By die samestelling is die betoning van één van die lede ondergeskik aan dié van die ander, bv.: *ystervark* is 'n samestelling, 'n *yster hék* is twee los woorde. Die klemtoon kan op die eerste of op die tweede deel val, bv. *riétdak*, *blóutong*; maar *wildebeés*, *kwaaivrinde*.

### Verbindingsklanke.

§ 172. Tussen die dele van 'n samestelling kom dikwels verbindingsklanke voor, wat behoort by die eerste samestellende woord, bv. die samestelling van *bed* en *goed* word *beddegoed*, die van *volk* en *lied*: *volkslied*.

Om vir die gebruik van die verbindingsklanke reëls te gee, is baie moeilik. Die gebruik van *s* word oor die algemeen bepaal deur die gevoel van besits-verhouding, waarin die één deel tot die ander staan; *volkslied* beteken: *lied van die volk*.

Soms egter is van 'n besitsverhouding geen sprake nie en word die *s* alleen welluidendheidshalwe gebruik, bv. in *miershoop* naas *miernes*, *tydsorde* naas *tydvak*, *blikkiesmelk*, *hemelsbreed*.

Opm.—'n *s* word nie ingevoeg nie wanneer die eerste deel van die samestelling op 'n *s* eindig, of die tweede deel daarmee begint, bv. *kunsproduk*, *meisieskool*. Wanneer die eerste deel op 'n *s* eindig en die tweede daarmee begint, dan staan daar natuurlik twee esse in die samestelling, bv. *toetssteen*, *rotspelonk*. Somtyds sou 'n mens 'n meervouds-*s* verwag in 'n samestelling, waar dit egter nie optree nie, so bv. in *rosyntjiebrood*, *kinderfees*.

Die *e* skyn veral deur 'n gevoel vir ritme op te tree. So word in *peerboom* geen *e* gebesig nie, hoewel 'n boom meestal meer as één *peer* dra; 'n *skaupwagter* moet nie net één *skaap* oppas nie. In *perdestert* en *hanespoor* word wel 'n *e* uitgespreek, terwyl tog so'n stert of so'n spoor net van één perd of haan afkomstig is.

Die gebruik van *s* en *e* moet dan ook deur die praktyk geleer word.

### Koppeltekens.

§ 173. Aangesien samestellinge éénhede vorm, word dit gewoonlik ook as éénhede geskrywe, d.w.s. die verbonde dele kom aanmekaar vas, net soos die lettergrepe van één woord, bv. *dienskneg*, *agtervoegsel*, *geelperske*, *scoonseun*, ens.

In bepaalde gevalle egter word die samestellende dele lossier geskrywe, en deur die koppelteken verbind.

Die hoofreël vir die gebruik van die koppelteken is: dit word geskrywe, wanneer die éénheid van die samestelling nie as heeltemal vas gevoel word nie, en die byeenvoeging van die dele dus min of meer toevallig is. Die mees voorkomende gevalle waar die koppelteken optree is:

1. By minder vaste woordverbindings: *seekus-kafferstam*, *skooldae-herinneringe*, *houtas-kakebeenwa*.

2. By minder voorkomende samestellinge bestaande uit eienaam en soortnaam: *Moskou-ekspediesie*, *Chicagotentoonstelling*, *Milner-politiek*.

3. By opeenhoping van klinkers in die middel van die samestelling, waardeur die oog by die lees gehinder word: *blinde-instituut*, *see-end*, *wa-as*.

4. By reduplisierende formasies: *gou-gou*, *fluit-fluit*.

5. By samegestelde telwoorde: *twee-en-twintig, ses-honderd-drie-en-dertig.*

6. By samegestelde títels: *luitenant-kolonel, kommandant-generaal.*

Opm.—Hierdie voorbeelde is ontleen aan die spelreëls van die S. A. Akademie.

### Indeling.

§ 174. Daar is meer as één manier om samestellinge in rubrieke te verdeel. Dit kan gedoen word volgens hulle betekenis, gebruik, vorm of innerlike waarde as 'n sintaktiese verskynsel.

Die laaste prinsiepe sal ons volg, aangesien soos reeds opgemerk is, die samestellinge ontstaan in die sinsverband, deur woorde byeen te voeg wat nou verbonde is. Die betekenis van die samestellinge sal egter terselfdertyd blyk uit 'n dergelike indeling, maar dit vereis vir die gewone leser feitlik geen besondere toeligting nie.

Ons maak die volgende verdeling:

1. Herhalingsamestellinge of iteratief-komposita.
2. Verbindingsamestellinge of kopulatief-komposita.
3. Samestellinge waarin 'n naamwoord geregeer word deur 'n ww. of deur 'n naamwoord wat werkwoordskrag besit.
4. Samest. met vóórvoegsels en partikels, wat vóór 'n ww. of 'n naamwoord met werkwoordskrag kom.
5. Samest. waarin 'n naamwoord of 'n bywoord geregeer word deur 'n voorsetsel.
6. Bepalende samestellinge van naamwoorde of determinatiewe nominaal-komposita.

## 1. Herhalingsamestellinge of iteratief-komposita.

§ 175. In Afrikaans is hierdie klas sterk verteenwoordig, en dis 'n soort samestelling wat nog altyd gevorm kan word. Dit druk 'n herhaling uit, en dikwels ook 'n verdeling met tussenruimtes. Dit kan gevorm word deur:

- (a) Samestelling van selfstandige naamwoorde:

*bal-bal, bok-bok, kaart-kaart, tol-tol speel, bietjie-bietjie aanleer.*

In die gegewe voorbeelde dui die dubbele snw. 'n herhaling van die handeling sowel as van die snw. self aan. Die samestelling doen gewoonlik diens as 'n bywoord. So ook in: *Ons het ent-ent geloop en ent-ent gery.*

- (b) Samestelling van werkwoordstamme:

*fluit-fluit, sing-sing, rus-rus, sit-sit, staan-staan, sukkel-sukkel.*

Hierdie samestellinge fungeer ook as bywoorde, bv. *Dan gaan dit nie lag-lag teen die swaar opdraend uit nie. Sy loop val-val nader. Snik-snik raak sy wecr aan die slaap. Spartel-spartel die draai omgaan.*

Dit word ook as 'n bnw. gebesig, bv.: *plof-plof voetstappies, 'n sleep-sleep geruis.*

- (c) Samestelling van bywoorde:

*gou-gou, nou-nou, kort-kort.*

- (d) Samestelling van bnw. of telwoorde: *Hulle kom één-één vorentoe. Die kinders stap twee-twee. Wanneer die rivier vol is en die rooiwater oorstroom die oewers, dan bly die fyn-fyn grond wat uitsak, bo op die wal agter.* Hier dui die samestelling *fyn-fyn* nie net die hoedanigheid van die grond aan nie, maar ook voel 'n mens daarin die gestadige *bietjie-bietjie* uitsak.

**2. Verbindingsamestellinge of kopulatief-komposita.**

§ 176. Die samestellende begrippe het in hierdie geval gelyke funksie in die sin, en hulle kan beskou word asof hulle deur “*en*” of “*of*” verbind is.

Dis opmerklik dat hierdie soort van samestellinge meestal voorkom as onderdeel van 'n nog groter samestelling. Langenhoven sê bv.: *En daarvandaan kom seker die slang-paling-storie*. In dië drieledige samestelling is die verhouding van *slang* en *paling* suiwer verbindend of kopulatief, en dit beteken: die storie van die *slang* en die *paling*. 'n Verbinding soos *spek-modder-vet* beteken: *so vet soos spek en modder*. 'n *Pik-git-swart nag* beteken: *'n nag wat so swart is soos pik en git*. *Pap-sop-nat* is *so nat soos pap en sop*.

Ook byvoeglike naamwoorde kan somtyds op hierdie manier verbind word. bv.: *Die boere moet hul besitting op die mees redelik-voordeligste manier ontwikkel*, waarmee bedoel word dat die manier so voordelig moontlik moet wees *en daarby tog redelik*.

In die samestelling *môre-oormôre* staan die dele ook as gelykwaardig verbonde; dit beteken bv. in die sin: *môre-oormôre gaan ons dood*: “*môre of oormôre*.”

In die verbinding *doofstom* staan twee bnw. gelykwaardig naas mekaar, dit beteken: “*doof en stom*,” so ook in *luilekker* (bv. *'n luilekker lewe lei*).

**3. Samestellinge, waarin 'n naamwoord geregeer word deur 'n werkwoord of deur 'n naamwoord wat werkwoordskrag besit.**

§ 177. (a) Die naamwoord word geregeer deur 'n werkwoord in: *skuldmaak, pêrdekoop, watergee, woorderuil, skaap-slag, os-steel, badneem, dagsê, stofskop, hoogag, kwytskel, swartsmeer, goedkeur*.

Opm. 1.—Daar is verskil tussen *handgee* en *'n hand gee*, tussen *pypopsteek* en *'n pyp opsteek*. Vgl. definisie § 171.

Opm. 2.—In 'n aantal uitdrukkinge is die geregeerde naamwoord in funksie feitlik 'n bywoord van vergelyking, bv. in *knipmes-ry, lepel-lê, velling-sit*.

Opm. 3.—Die hele verbinding van 'n snw. met 'n ww.-stam kan in bepaalde gevalle fungeer as 'n bywoord, bv. *dit gaan broek-skeur, naelskraap*.

Opm. 4.—In die vervoeging word die naamwoord losgemaak van die ww. (skeidbaar samegest. ww.), bv. *ons het die plan goed-gekeur.* .

Opm. 5.—In *helpmekaar* beweging en in die jong formasies *vatmekaar* party en *helmekaar* party is *helpmekaar*, *vatmekaar* en *helmekaar* byvoeglike naamwoorde.

(b) Die naamwoord word geregeer deur 'n naamwoord met werkwoordskrag in:  
*manteldraaier, skaapwagter, voëlverskrikker, boosdoener, klere-drag, kragbesteding, selfkastydning, klankverskuiwing, doeltref-fend, hartbrekend, ooglopend.*

**4. Samestellinge met vóórvoegsels en partiekels, wat vóór 'n werkwoord of 'n naamwoord met werkwoordskrag kom.**

§ 178. (a) Samestellinge met 'n werk-woord. Hierby val twee kategorieë waar te neem, wat verskil in vastheid:

(i) Skeidbaar samegestelde ww., wat in die infinitief dus enigsins 'n toevallige éénheid vorm. Die klemtoon val by hierdie kategorie op die voorvoegsel.

Bv.: *agterhou, voorhou, onderhou, teëhou, ophou, saamhou, neerdruk, nalees, voorlees, toemaak, deurstaan, inloop, aankweek, uitroei, losraak, weggaan, agterbly.*

(ii) Onskaidbaar samegestelde ww., waarby die klemtoon val op die werkwoord.

Bv.: *oorbluf, oorlê, oorlewe, oorheers, oortree, oortref, agtervolg, onderhou, ondergaan.*

Party ww. kan dus, hoewel uit dieselfde dele samegestel, skeidbaar of onskaidbaar wees in die sin. 'n Paar voorbeelde daarvan is die volgende:

ónderhou : *hy het sy kop onder water gehou.*

onderhou : *hy het sy kinders onderhou.*

óndergaan : *die son het onder gegaan.*

ondergaan : *hy het die operasie ondergaan.*

(b) Samestellinge met 'n naamwoord.

*Soheentoe-reis, terugreis.*

Opm.—Hiervan moet onderskei word woorde soos *nasleep, loe-loop* ens., wat afleidinge is van samegestelde ww.

5. Samestellinge waarin 'n naamwoord of 'n bywoord geregeer word deur 'n voorsetsel (of 'n agtersetsel).

§ 179. *Opslag, vanaand, vanmôre, oormôre, agtermid-dag, agterna, vanhier, agterom, opnuut, byna, omdat, tot-dat, vóórdat, ingeval.*

*Soheentoe, daarnatoe, huistoe, bergaf, rondom, daar-om, vóórlangs, padlans, reguit, bo-op, kortaf, knaend-deur, aldeur.*

Opm.—Dit kom voor dat 'n dergelike samestelling as 'n bnw. gebruik word, bv. 'n *agtermekaar strandhuis*.

6. Bepalende samestellinge van naamwoorde of determinatiewe nominaalkomposita.

§ 180. Die één lid van die samestelling word deur die ander nader bepaal, gewoonlik die tweede deur die eerste. Aangesien die bepalende deel die belangrikste is, dra dit die klemtoon. Ons onderskei:

(a) *Attributiewe bepaling.*

1. Bnw. (telwoord) + snw.

*Onderkaak, kaalkop, wolhaar, malkop, taaipit, geelper-ske, suurlemoen, kaalgesigte, die warmson, tweeklank, drie-poot, kleintoontjie, vrothoutjie, driekwart, voorvaders, hot-perd, ounooi, agterhelte, 'n toe-neus, die rooi-dag, 'n dik-wang, drie-uur.*

Opm. 1.—Van die hier genoemde samestellinge moet onderskei word die aaneengeskrewe verbindinge van stoflike bnw. en snw., waarvan voorbeelde gegee is in § 93.

Opm. 2.—Party van hierdie samest. kan as bnw. gebesig word, bv. *die kind is kaalvoet, ek is lekkerlyf, droë-lewer.*

Opm. 3.—Ander weer doen diens as bywoorde, bv. *die werk is driekwart klaar. Doen dit nog éénslag.*

Opm. 4.—Die ou samestellinge: *spelenderwys, begryplikerwys, langsamerhand* is altyd bywoorde.

2. Snw. + bnw.

*Wonderskoon, boomryk, waterarm, pikswart, bloedrooi, hemelsblou, menssku, mymersiek, snoepsiek, wetsgehoorsamig.*

Soos die leser sal opmerk, is die bepalinge deur die snw. van verskillende betekenis; *wonderskoon* bv. beteken: "so skoon soos 'n wonder," *boomryk*: "ryk voorsien van bome."



Allerlei samestellinge is in Afrikaans moontlik; Langenhoven skryf bv.: *Dina spoel die modder van die bleek, dood-skone gesig af. Dood-skoon* beteken: "skoon in of deur die dood." 'n *Windskeef aflak* beteken: 'n "afdak skeef deur die wind."

### 3. Snw. + snw.

Die bepalende woord kan allerlei funksies aandui; 'n *dienskneg* is 'n kneg wat diens doen; 'n *maaimasjien* 'n masjien waarmee gemaai word; 'n *erdvark* 'n vark wat in die aarde lewe.

Voorbeelde is verder: *waatlemoen, vroumens, oogmerk, jaargety, boa-slang, rietbos, pecrboom, hoenderhok, klipsul-  
mander, beddegced, waterproefjas, genadebrood, genade-  
dood, die vyfdedag-oggend, die anderdag-oggend, pou-vrou.*

### 4. Ww. stam + snw.: eetkamer, dwaalspoor, spreektaal, skryftaal. 'n slikslooi-tong, 'n skinder-bek, 'n sukkel-lopie.

Opm.—Vir die geslag-aanduidende samestellinge soos *man-  
netjie-volstruis* vgl. § 71 (3).

(b) Die één deel staan in 'n verboë naam-  
vals vorm.

*Godsdienst, arbeidskring, werksure, mansklere, liefdes-  
onsin, doodsbleck.*

## DIE SAMESTELLEDE AFLEIDING.

§ 181. Samestellende afleiding beteken dat woorde gevorm word deurdat 'n grondwoord samegestel word met 'n ander woord, en tewens 'n afleidingsuitgang kry. Die woord *hardleers* bv. is gevorm van die grondwoord *leer*, deur samestelling met *hard-* en afleiding deur *-s*. Daarnaas kom die vorme *hardleer* of *leers* nie voor nie.

Op dieselfde manier is gevorm die bhw.: *agterbaks, gelykvloers, hardnekkig, kleinserig, swartgallig, aandadig, baldadig, behendig, behulpsaam, medepligtig; die ww.: bevredig, herinner, vernietig.*

Opm.—'n Enkele maal kom dit voor, dat uit 'n dergelike same-  
stellende afleiding opnuut 'n woord losgemaak word. So is bv. uit *blymoedig* deur Langenhoven die snw. *blymoed* gevorm, in die uitdrukking: *die blymoedwekkende gloed*. Die woord bestaan nie in Nederlands nie, maar dit lê voor die hand om op die voor-  
beeld van *gelukkig—geluk* uit *blymoedig; blymoed* los te maak.